# DIE SENTRALISASIE
# EN
# DESENTRALISASIE
# VAN DIE
# UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

# DIE SENTRALISASIE
# EN
# DESENTRALISASIE
# VAN DIE
# UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

**P. Aucamp**

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad M.A. (Bibl.)
aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
onder leiding van prof. H.C. van Rooy

Potchefstroom
1972

# Inhoud

1 INLEIDING

1.1 Die funksies van die universiteitsbiblioteek 1

1.2 Die gebruikers van die universiteitsbiblioteek en hulle biblioteekbehoeftes 4

1.2.1 Die voorgraadse student as biblioteekgebruiker 4

1.2.2 Nagraadse student 5

1.2.3 Doserende personeel 6

1.3 Die bydrae van die universiteitsbiblioteek tot onderrig en navorsing 7

1.4 Die verskil in benadering by die bibliotekaris en die biblio= teekgebruiker 10

2 VERSKILLENDE VORMS VAN DESENTRALISASIE

2.1 Seminaarbiblioteke 15

2.2 Instituutsbiblioteke 24

2.3 Desentralisasie van gedeeltes van die universiteitsbiblioteek binne die raamwerk van sy organisasie in die vorm van de= partementele versamelings of biblioteke 61

2.3.1 Inleiding 61

2.3.2 Verskillende vorms van departementele biblioteke en versamelings 63

2.3.2.1 Departementele of laboratoriumversamelings 63
2.3.2.2 Departementele biblioteke, takbiblioteke en kollegebiblioteke vir een vakterrein of onderwerp 69
2.3.3 Voorgraadse biblioteke 85
2.3.4 Afdelingsbiblioteke volgens breë studieterreine 96

3 DIE FAKTORE WAT OORWEEG BEHOORT TE WORD TEN OPSIGTE VAN DIE MATE VAN SENTRALISASIE EN DESENTRALISASIE WAT TOEGEPAS WORD

3.1 Hanteerbaarheid 110
3.2 Geografiese faktor 115
3.3 Finansies 118
3.4 Samestelling van die biblioteek se gebruikerskorps 121
3.5 Aard en omvang van die studie- en navorsingsprogram 122
3.6 Die bestaande organisasiestruktuur van die biblioteek 125
3.7 Samevatting 127

4 DIE TOEPASSING VAN 'N BELEID VAN SENTRALISASIE EN DESENTRALISASIE OP DIE ORGANISASIE VAN DIE UNIVER=SITEITSBIBLIOTEEK IN DIE LIG VAN DIE VOOR- EN NADELE DAARVAN

4.1 Inleiding 128
4.2 Administratiewe voor- en nadele van sentralisasie en desentralisasie 131
4.2.1 Koste 131
4.2.2 Administratiewe doeltreffendheid 137
4.2.3 Die uitbouing van die boekevoorraad 140

4.3 Die voor- en nadele van sentralisasie en desentralisasie vir die gebruiker van die biblioteek 142
4.3.1 Toeganklikheid 142
4.3.2 Toereikendheid 144
4.3.3 Gebruik van die materiaal 147
4.4 Gevolgtrekking 149

5 BIBLIOGRAFIE 153

# 1 Inleiding

### *1.1 DIE FUNKSIES VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK*

Die moderne universiteitsbiblioteek kan tereg beskou word as die be= langrikste eenheid binne die raamwerk van die universiteit, want hier kom put die geleerde, die navorser en die student die kennis wat hy daagliks in die uitvoering van sy taak benodig. Die onmisbaarheid van die universiteitsbiblioteek vir die universiteitsbevolking verhef hom egter nie bo die ander afdelings van die universiteit nie, maar stel hom juis in diens van elke lid van die universiteit wat kennis benodig.

As diensinrigting herlei die universiteitsbiblioteek sy funksies aan dié van die universiteit, wat saamgevat kan word as die versameling en ver= spreiding van kennis, wetenskaplike navorsing en die opleiding van be= roepsmense. Die universiteitsbiblioteek is nie 'n selfstandige inrigting as doel op sigself nie, maar is slegs een van die middele wat aange= wend word om uitvoering te gee aan die doelstellings van die universi= teit, en moet dus sy dienste so aanpas dat dit die universiteit kan help om bogenoemde funksies uit te voer.

Veral vanaf die tweede helfte van die negentiende eeu het die besef sterk posgevat dat die universiteitsbiblioteek 'n onmisbare en lewende krag in die funksionering van die universiteit kan en moet wees en het dit die brandpunt van die intellektuele lewe aan die universiteit geword. Namate nuwe eise deur die navorsers gestel is as gevolg van die ontwikkeling van hulle navorsingsmetodes en die verkryging van nuwe kennis, en

namate die onderrigsmetodes aan die universiteit verander en ontwikkel het, is die boekeversamelings van die universiteitsbiblioteek doelbewus uitgebrei en is beter fasiliteite vir doeltreffende biblioteekgebruik daar= gestel. Sodoende is die universiteitsbiblioteek direk en ten volle inge= skakel by die akademiese aktiwiteit van die universiteit en het geleerdes begin besef dat die toegang tot 'n goedtoegeruste akademiese biblioteek onontbeerlik is vir enige wetenskaplike werk. Omdat hulle die universi= teitsbiblioteek as 'n instrument vir hulle navorsing begin gebruik het, het hulle dit ook as hulle reg begin beskou om eise te stel oor die wyse waarop dit hulle van diens moet wees.

In ooreenstemming met die funksies van die universiteit kan daar twee basiese funksies van die universiteitsbiblioteek onderskei word, naamlik die versameling en bewaring van die menslike kennis van alle eeue, en die ontsluiting en aanbieding van hierdie kennis aan die biblioteekgebrui= ker. In die uitvoering van hierdie funksies sien die moderne universi= teitsbiblioteek dit as sy taak om die kennis wat hy versamel het, so doeltreffend bruikbaar te stel dat dit uitgedra word tot in die klaskamer, laboratorium of kantoor van die wetenskaplike. Die kennis wat in die biblioteek versamel is, moet elke oomblik vir die student of navorser beskikbaar wees, waar en waarvoor hy dit ookal nodig mag hê. Daarom maak die universiteitsbiblioteek van die twintigste eeu voorsiening vir uitleenfasiliteite om die gebruiker in staat te stel om die bronne van kennis daarheen te neem waar hy dit wil gebruik, en vir langer biblio= teekure en studieruimte vir dié gebruiker wat in die biblioteekgebou self wil werk.

Die aanbieding en ontsluiting van kennis aan die gebruiker impliseer dat die universiteitsbiblioteek 'n definitiewe aandeel het in die onderrigs=

funksie van die universiteit. Waar die universiteit hom dit ten doel stel om as deel van sy funksies sy studente op te lei en te vorm as weten= skaplikes, sien die universiteitsbiblioteek dit as deel van sy taak om sy deel by te dra om hierdie mense te leer hoe om op wetenskaplike wyse inligting te versamel uit die beskikbare literatuur, d.w.s. hoe om doel= treffend van 'n biblioteek gebruik te maak. Bibliotekaris en dosent werk hierin hand aan hand, en wat in die lesingsaal geleer word, word in die biblioteek verder gevoer deur die verskaffing van studiemateriaal.

Die taak van literatuurverskaffing hou egter nie op voorgraadse vlak op nie. Omdat die student in die voorgraadse studiejare hopelik die tegniek van doeltreffende literatuur- en biblioteekgebruik leer bemeester, is hy as nagraadse student en navorser meer selfstandig in die verkryging van basiese inligting. Hy is egter ook nog afhanklik van die universiteits= biblioteek ten opsigte van 'n veel intensiewer diens om aan hom biblio= grafiese apparaat te verskaf om die kennis oor sy navorsingsonderwerp na te speur en te bekom. In die beoefening van navorsing verlang die navorser van die biblioteek dié bronnemateriaal wat hy nodig het in sy praktiese werk - langs sy mikroskoop of by die eksperiment waarmee hy besig is - op sy lessenaar of in die kantoor waar hy al die bronne oor die bepaalde navorsingsonderwerp saamtrek. Hierdie navorser het behoef= te aan onmiddellike beskikbaarheid van sy bronne totdat sy navorsing afgehandel is. Hierteenoor verlang navorsers, wat volgehoue aan 'n navorsingsprojek werk, in die reël vir 'n onbepaalde tyd onmiddellike toegang en beskikbaarheid van die materiaal op hulle gebied.

## *1.2 DIE GEBRUIKERS VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK EN HULLE BIBLIOTEEKBEHOEFTES*

'n Groot probleem vir die universiteitsbiblioteek berus in die veelsoor= tige gemeenskap wat hy moet bedien. Hy moet diens lewer aan die voor= graadse student, die nagraadse student en die dosent, elkeen met sy eie biblioteekbehoeftes, wat weer saamhang met die aard en die peil van die akademiese werk waarmee hy besig is. Biblioteke maak dan ook 'n dui= delike onderskeid in die diens aan hierdie groepe, byvoorbeeld in hulle regulasies ten opsigte van die uitlening van materiaal. Ook ten opsigte van biblioteekdienste word die behoeftes van elkeen van hierdie groepe deeglik in ag geneem.

### *1.2.1 Voorgraadse studente*

Die biblioteekdiens aan voorgraadse studente word hoofsaaklik bepaal deur die opvoedkundige doelstellings van die universiteit en die onderrigsme= todes wat gevolg word. Die tradisionele siening dat voorgraadse studente min boeke nodig het, het veral berus op die opvatting dat onderrig aan die voorgraadse student elementêr van aard moet wees en dat hy veral die basiese feite en aanvaarde beginsels moet versamel en sekere fun= damentele vaardighede moet bemeester.[1] Die klem het algaande egter van die gebruik van enkele voorgeskrewe handboeke na die selfstandige gebruik van 'n verskeidenheid van bronne deur die student verskuif, en

1) BROUGH, K.J. Scholar's workshop. Urbana, University of Illinois Press, 1953. p. 55.

die biblioteek moes die verantwoordelikheid aanvaar om genoeg boeke te voorsien om die studieprogram te rugsteun. Die biblioteek dien ook nie meer as slegs 'n onpartydige leweransier van leesstof aan die voor= graadse student nie, maar het 'n definitiewe opvoedingstaak verkry om= dat dit van hom verwag word om saam met en in oorleg met die dosent aan die student voorligting te gee in verband met biblioteekgebruik en selfstandige beheersing van die literatuur van sy vakgebied. Dit bring mee dat die boekeversameling vandag 'n onderrigsinstrument geword het en dat 'n baie groot deel van die voorgraadse student se studiewerk in die biblioteek verrig moet word. Omdat voorgraadse studente gewoon= lik die grootste getal van die universiteitsbiblioteek se gebruikers uit= maak en omdat hulle behoeftes aanmerklik van dié van navorsers en dosente verskil, is dit 'n belangrike vraag of hulle doeltreffend in die sentrale biblioteek bedien kan word en of daar by wyse van 'n voorgraad= se biblioteek spesiale voorsiening vir hulle gemaak moet word.

### *1.2.2 Nagraadse studente*

Die nagraadse student se biblioteekbehoeftes is hoofsaaklik gerig op die gebruik van 'n goed geselekteerde versameling boeke oor die onderwerp waarin hy spesialiseer (hy verkies dit bymekaar en byderhand) en spe= siale hulp en leiding in verband met die gebruik van bibliografiese en ander ontsluitingsmiddels. As navorser verlang hy direkte toegang tot alle materiaal waarby hy belang mag hê, persoonlike werkruimte naby die werke wat hy die meeste benodig, en hulp met die verkryging van belangrike items wat nie in die biblioteek beskikbaar is nie. Omdat nagraadse studente dikwels by navorsingsprojekte van studiedeparte=

mente betrek word, stem hulle literatuurbehoeftes tot 'n groot mate ooreen met dié van dosente wat met gerigte navorsing besig is en onder wie se leiding hulle werk. Dit is veral van hierdie groep navorsers wat die versoeke kom dat hulle literatuur daar beskikbaar gestel moet word, waar hulle met hulle navorsing besig is, en hier kom die universiteit voor die probleem te staan of hy terwille van hulle moet desentraliseer of nie.

### *1.2.3 Doserende personeel*

Die dosent is nie alleen die sleutelfiguur in die onderrigs- en navorsings=program van die universiteit nie, maar speel ook 'n belangrike rol in die integrering van die biblioteek in die leerprogram en die aktivering van die boekeversameling in die navorsingsbedrywighede. Samewerking tus=sen bibliotekaris en dosent is nie alleen wenslik nie, maar is absoluut noodsaaklik, en om hierdie rede word dosente gewoonlik as 'n bevoor=regte groep gebruikers beskou en behandel. As lede van die senaat, fakulteitsrade en komitees is dosente ook dikwels direk betrokke by die beplanning van biblioteekfasiliteite en die formulering van biblioteekbe=leid. Vanweë sy hoogs gespesialiseerde kennis is die dosent in raadge=wende hoedanigheid ten nouste betrokke by die uitbou van die boekever=sameling, wat nodig is vir onderrig en navorsing. Logsdon beweer dat „academic man, in his scholarly activities, achieves a freedom found nowhere else in the society. Perhaps it is this very freedom in the scholar's principal area of social responsibility - research - that puts the librarian and his part of the educational enterprise in conflict with

the scholar."[2] Omdat hy die belange van sy eie studiedepartement op die hart dra, vra die dosent dikwels dat daar afsonderlike voorsiening vir die publikasies op sy vakgebied gemaak moet word, wat die universiteits= biblioteek weereens voor die vraagstuk van desentralisasie te staan bring.

### 1.3 BYDRAE VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK TOT ONDERRIG EN NAVORSING

Die feit dat biblioteekgebruikers dikwels aandring op spesiale voorsie= ning in die vorm van hulle eie gedesentraliseerde biblioteke, lewer bewys dat die sentrale universiteitsbiblioteek nie ten volle in die behoeftes van sy gebruikers voorsien nie. Omdat die uitgangspunt van die bibliotekaris behoort te wees om die mees doeltreffende diens aan al sy gebruikers op die mees ekonomiese wyse te lewer, kom hy telkens weer voor die vraag te staan of dit wat hy aanbied, voldoende is en of sy gebruikers redeliker= wyse meer van hom kan verwag. Daarby moet hy homself vergewis of hy reg aan elkeen van die groepe biblioteekgebruikers laat geskied. Swank wys byvoorbeeld daarop dat: „By and large, the emphasis on research in university libraries has tended in the past to neglect of the instruc- tional needs of undergraduate students."[3]

Wilson en Tauber som die basiese vereistes vir 'n doeltreffende univer=

2) LOGSDON, R.H. The librarian and the scholar: Eternal enemies. <u>Library journal</u> 95 : 2872, 15 Sept. 1970.

3) SWANK, R.C. The educational function of the university library. <u>Library trends</u> 1 : 37, 1952/1953.

siteitsbiblioteekdiens soos volg op:[4] Daar moet genoeg bronne wees om die universiteit se doelstellings ten opsigte van onderrig en navorsing uit te voer en die biblioteek se aanskafbeleid moet van so 'n aard wees dat die uitbouing van die versameling tred hou met nuwe behoeftes wat mag ontstaan. Die biblioteek moet oor genoeg bekwame, opgeleide per= soneel beskik wat ten volle op hoogte is met die doelstellings en aktiwi= teite van die universiteit. Biblioteekmateriaal moet op so 'n wyse georden wees dat elke groep gebruikers maklike toegang daartoe het en dit met behulp van 'n doelmatige biblioteekkatalogus doeltreffend kan gebruik. Die biblioteekversameling moet in voldoende ruimte gehuisves wees wat vir gebruikers maklik toeganklik is, en moet oor doeltreffende uitrusting beskik. Die biblioteek moet by die administratiewe en opvoedkundige be= leid van die universiteit geïntegreer wees en mag nie 'n doel op sigself word nie. Die bibliotekaris moet dus in 'n posisie wees om ten volle op hoogte te bly van veranderinge in leerplanne en ontwikkelings wat die biblioteekdiens mag beïnvloed. Die universiteitsbiblioteek behoort in= geskakel te wees by en saam te werk met die landswye biblioteeknetwerk, om onder andere voorsiening te maak vir sake soos interbiblioteeklenings, die samestelling van gesamentlike katalogi en die uitbou van die gesa= mentlike boekevoorraad deur vakspesialisasie. Om sy funksies na behore te kan uitvoer moet die biblioteek oor genoeg geld beskik en sy opgeleide personeel moet toesien dat dit ekonomies aangewend word. Die laaste vereiste wat hulle stel, is dat die biblioteekbeleid en -program van aksie sal verseker dat die hoofbiblioteek en al sy afdelings doeltreffend kan

4) WILSON, L. R. en TAUBER, M. F. The university library. New York, Columbia University press, 1956. p. 23.

funksioneer. Gesag en verantwoordelikheid vir sake soos die biblioteek=begroting, keuring en benoeming van personeel, die beheer oor departementele biblioteke en die langtermyn beplanning van 'n biblioteekdiens vir die hele universiteit, moet duidelik omlyn wees.

Gedurende die twintigste eeu het daar 'n duidelike ontwikkeling in die universiteitsbiblioteekwese plaasgevind wat bogenoemde vereistes duidelik in ag geneem het. Ten einde die biblioteek by die leerprogram te integreer maak die biblioteek tans voorsiening vir fasiliteite soos voldoende lees- en studieruimte om die student aan te moedig om selfstandig te lees en te studeer. Naas die tradisionele naslaandiens maak biblioteke gebruik van lesersgidse om op informele wyse studente van raad te bedien in verband met biblioteekgebruik, en op formele wyse word daar baie aandag geskenk aan biblioteekvoorligting deur middel van lesings, kursusse in verband met biblioteekgebruik en die publikasie van biblioteekhandleidings. Om die gebruiker direk in aanraking met die boek te bring is die tradisionele fisiese en administratiewe grense van die geslote magasyne afgebreek en het gebruikers vrye toegang tot die grootste deel van die biblioteekversameling. Om te verseker dat die biblioteek die werkplek of laboratorium van die universiteitsgemeenskap sal word, word in die meeste universiteitsbiblioteke naas die gewone studieruimtes, voorsiening gemaak vir studieselle vir nagraadse studente, seminaarkamers en soms selfs vir kantore vir dosente. Teen hierdie agtergrond van die nodige fasiliteite word lesersgidsdiens en biblioteekvoorligting 'n deel van die normale leerprogram. Om navorsing te steun maak baie universiteitsbiblioteke voorsiening vir departementele versamelings of biblioteke om dié materiaal wat die navorser in verband met sy werk benodig, byderhand aan hom beskikbaar te stel.

Die pogings wat die biblioteek normaalweg aanwend om die boek en die gebruiker bymekaar te bring, waarvan bogenoemde maar enkele voor=beelde is, gaan gewoonlik uit van die standpunt dat die gebruiker na die biblioteek gelok moet word, dat daar vir hom aangename omstandighede geskep moet word om sy werk in die biblioteek te kom verrig en dat hy desnoods deur middel van sy dosent gedwing moet word om na die bi=blioteek te gaan. Dít is dan ook gewoonlik die standpunt van die biblio=tekaris, maar hoe reageer die gebruiker op hierdie pogings om hom na die biblioteek te „forseer"?

## 1.4 *VERSKIL IN BENADERING BY DIE BIBLIOTEKARIS EN BIBLIOTEEKGEBRUIKER*

Die gedagte van desentralisasie van die universiteit se boekevoorraad en dienste is nie nuut nie; trouens, die ontwikkeling van die Europese universiteitsbiblioteek is gekenmerk deur die ontstaan van gedesentra=liseerde biblioteke. „Dis merkwaardig dat nêrens in die vroegtyd van die universiteit die gedagte aan 'n sentrale universiteitsbiblioteek na vore tree, maar dat steeds van kollege- en van nasiebiblioteke gepraat word."[5] Dit is veral eers in die twintigste eeu dat daar daadwerklike en doelbewuste pogings tot sentralisasie aangewend is. „The develop-ment of central library service is recent enough, in fact, to reverse the metaphor, speaking of the librarian's unnatural efforts to gather all of the university's books into one great incomprehensible, un-

5) DE VLEESCHAUWER, H.J. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die Weste. Kaapstad, Academica,1967. p. 111.

manageable hoard. Reading and contemplation are still best in solitude, and the scholar's ideal library is still his own study, lined with the books essential to his inquiries."[6) Hierin lê die groot probleem ten opsigte van die sentralisasie of desentralisasie van die universiteitsbiblioteek - die dosent en die navorser verlang die publikasies wat hy benodig gerief= lik byderhand, die bibliotekaris is ten gunste van 'n konsentrasie van biblioteekmateriaal en 'n gesentraliseerde administrasie. „We (librarians) like things neat - one way or another."[7)]

Heron vergelyk daarom die botsende standpunte van die bibliotekaris en van die geleerde met die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte in die natuurleer.[8)] Die bibliotekaris voel dat baie min univer= siteite selfs aan hulle mees beroemde geleerdes private biblioteke kan verskaf en dat hulle eenvoudig nie departementele biblioteke vir hulle verskillende studiedepartemente kan bekostig nie. Die toename in stu= dentetalle en in die omvang van nagraadse navorsing stel veel groter finansiële eise aan die universiteitsbiblioteek om 'n doeltreffende biblio= teekdiens te bly lewer - 'n probleem wat vererger word deur die styging in getal en pryse van wetenskaplike publikasies.

Dit geld veral die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek, wat nog te

6) HERON, D.W. The centrifugance of university libraries. College and research libraries, 23(3) : 223, 1962.

7) KASER, D. Academic science and the university library. (In TENNESSEE University Libraries. The library in the university; the University of Tennessee Library Lectures, 1949-1966. Hamden, Conn., Shoe String press, 1967. p. 285).

8) HERON, D.W. The centrifugance of university libraries. College and university libraries, 23(3) : 223, 1962.

doen het met 'n groot agterstand ten opsigte van basiese boekevoorraad. Sedert R.F. Kennedy in 1962 die volgende uitspraak gelewer het na 'n deeglike ondersoek na die boekevoorraad van die Suid-Afrikaanse biblio= teke, het die toestand nog nie veel verbeter nie: „It is clear ... that all university libraries (in South Africa) have serious deficiencies of stock and that the older university libraries are, because of lack of funds, unable to keep pace with the increase in the number of scientific and scholarly publications and the recent sharp rise in the price of books and periodicals. In other words, our universities have been starved of books."[9) ] Om hierdie rede is die bibliotekaris gewoonlik nie baie geneë tot algemene desentralisasie nie, wat groter koste ten opsigte van boeke= voorraad, ruimte en personeelsalarisse meebring. Daarby kom ook nog die gerieflikheidsaspek dat 'n gesentraliseerde biblioteek makliker is om te administreer.

Vir die gebruiker van die biblioteek, en in hierdie geval veral die dosent en navorser, is die ideale biblioteek aan die ander kant dié een wat sý behoeftes en begeertes voorop stel. Die ingewikkelde probleme ten op= sigte van verdeling van die boeketoelaag, aanskaffing en voorbereiding van boeke is vir hom vreemd, en dus raak dit hom nie. Sy benadering tot die biblioteek is eenvoudig dat dit dié publikasies wat hy benodig, moet besit - wanneer en waar hy dit wil gebruik. Wanneer hy 'n publi= kasie vir sy eie werk wil gebruik, kan hy hom moeilik in die biblioteka= ris se verpligting om die hele gemeenskap te bedien, indink. Dit kom daarop neer dat dit vir hom frustrerend is om die werke, waarin hy hom

9) KENNEDY, R.F. Books for study and research. Potchefstroom, P.U. for C.H.E., 1962. p. 84.

op die oomblik verdiep, met ander dosente of studente te deel, veral as dit vir hom 'n verlies van tyd of verbreking van konsentrasie beteken om vir 'n publikasie te wag. „The scholar sees each item as something of immediate and direct interest, while the librarian must also view it as characteristic of a type or category with implications for the future and in competition with the needs of other users."[10)]

Die bibliotekaris moet egter ook vir hom daarvan rekenskap gee in watter mate hy self bydra tot die eise wat die geleerde aan hom stel om te de= sentraliseer. Met die snelle groei wat universiteitsbiblioteke in die af= gelope tyd beleef het, bevind die dosent en student hom in die situasie dat hy voor 'n omvangryke versameling boeke te staan kom, maar dat die biblioteek vir hom so ingewikkeld is dat hy nie weet hoe om die enkele items wat hy benodig, daaruit te kies nie. Diens aan die indivi= duele gebruiker ly ongelukkig dikwels skade as gevolg van die grootte van die biblioteek, en dan gryp die geleerde maklik na desentralisasie as oplossing vir hierdie probleem.

Die oplossing van die probleem van desentralisasie of sentralisasie kan dus slegs gevind word indien bibliotekaris en gebruiker volkome ooreen= stemming bereik en mekaar se probleme ten volle begryp. Dit sal dan ook klaarblyklik nie lê by die aanvaarding van die een stelsel ten gunste van die ander nie. In die skepping van 'n werklik doeltreffende biblio= teekdiens sal albei partye, na gelang van plaaslike omstandighede, me= kaar tegemoet moet kom, en 'n stelsel ontwerp wat elemente van sen=

10) LOGSDON, R. L. The librarian and the scholar : Eternal enemies. <u>Library journal,</u> 95 : 2872, 15 September 1970.

tralisasie en desentralisasie kan bevat. Die uitspraak van De Vleeschauwer dat, „In my opinion the central library as an autonomous institution is indeed doomed to disappear in the near future,"[11] is dus veels te dras= ties indien dit vergelyk word met die volgende stelling van Hanson: „It is my belief that, in the long run, economic considerations must decide the issue, not the personal convenience or predilections of professor or librarian. The pity is that before a definite and feasible policy has been settled upon, hundreds of thousands - perhaps millions - of dollars will have been spent on experiments that lead nowhere and on equipment and books which have served only a temporary purpose."[12]

11) DE VLEESCHAUWER, H. J. The university library : Nature and function. Mousaion, 60 : 82, 1962.

12) HANSON, J. C. M. Central versus departmental libraries. Library quarterly 13 : 135, 1943.

# 2 Verskillende vorms van desentralisasie

## 2.1 SEMINAARBIBLIOTEKE

Die seminaarbiblioteek het sy oorsprong te danke aan 'n bepaalde metode van dosering, wat gerig is op die ontwikkeling van wetenskaplike denke, die inleiding in wetenskaplike ondersoekmetodes en die vorming van na= vorsers, en waarby 'n versameling boeke as handapparaat gebruik is. Wilson en Tauber beskryf die moderne seminaarbiblioteek soos volg: „They (seminar libraries) differ from departmental libraries by their closer association with instruction. Seminar collections are frequently housed in classrooms, and are used by faculty members and students during class periods."[1)]

Die seminaarbiblioteek het veral sy beslag gekry na die stigting van die Universiteit van Göttingen in 1737, wat Leibniz se idee van 'n navorsings= universiteit tot verwesenliking gebring het. Daarvolgens is van die dosent verwag dat hy self navorsing moes doen om sy studente in te lei in die metodes van die wetenskap. Die universiteitsbiblioteek, waarmee dade= lik 'n begin gemaak is, het hom volkome by hierdie doelstellings inge= skakel as 'n instrument van navorsing, „wat gebruik wil word en nie een wat slegs wil bewaar nie."[2)] Die tweede universiteitsbibliotekaris van

1) WILSON, L.R. en TAUBER, M.F. The university library. New York, Columbia University press, 1956. p. 155.

2) DE VLEESCHAUWER, H.J. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die Weste. Kaapstad, Academica, 1967. p. 166.

Göttingen, C.G. Heyne (1763 - 1812), was veral die grondlegger van Göttingen se biblioteekbeleid, en hy stel van die staanspoor af die biblio= teek diensbaar aan die wetenskap. As eerste werklik moderne universi= teitsbiblioteek het hierdie biblioteek groot invloed op die ontwikkeling van die Duitse, Franse en Amerikaanse universiteitsbiblioteke van die negentiende eeu uitgeoefen.

Heyne het as taalkundige, naas sy biblioteekwerk, ook lesings oor die Latynse elegiese digters waargeneem, en met sy doseermetode het hy die begin van seminaarbiblioteke ingelui. Hy het naamlik metodes ge= volg wat in wese met moderne nagraadse dosering ooreenstem en waar= by hy 'n versameling boeke as onderrigsinstrument gebruik het. Na hom word die seminaarmetode, waarby die seminaarbiblioteek feitlik as la= boratorium vir die geesteswetenskappe gebruik word, deur die klassieke taalkundiges F.A. Wolf (1759 - 1824) en August Böck (1785 - 1867) te Berlyn gevolg, en na 1880 word dit algemene praktyk aan die meeste universiteite, veral in Duitsland en Amerika.

'n Versameling boeke was onmisbaar vir hierdie metode van onderrig en persone soos Leopold von Ranke, en later andere, het aan hulle eie universiteite begin om hulle studente te ontmoet waar die nodigste boeke onmiddellik beskikbaar was, gewoonlik in hulle eie studeerkamers. Spoedig het die universiteitsbiblioteke versoeke begin ontvang om boeke na die seminaarkamers oor te plaas. Omdat die stelsel by dosente en studente groot byval gevind het, het die seminaar en seminaarbiblioteek teen die helfte van die negentiende eeu reeds 'n vaste instelling geword.

Die oorspronklike doel van die seminaarmetode was om aan die student die praktiese metodes, die tegnieke en die hulpmiddels van wetenskaplike

arbeid voor te hou en hieruit vloei die aard van die seminaarbiblioteek voort. „Dit is wat sy omvang betref nie 'n navorsingsbiblioteek nie maar 'n didaktiese en omvat slegs dié literatuurtipes wat vir die doeleindes van seminaar-arbeid onontbeerlik is."[3] Dit het versamelings bronne met die oog op die bepaalde onderwerp, naslaanwerke, tekste van dié werke wat bestudeer word, klassieke handboeke en 'n aantal belangrike vaktydskrifte bevat, dit wil sê, die basiese bronne wat vir die bestude= ring van 'n bepaalde onderwerp nodig is. Sekondêre bronne in die vorm van monografieë is gewoonlik nie in die seminaarversameling opgeneem nie, maar wanneer eksemplare benodig is, is hulle tydelik vanaf die sen= trale biblioteek oorgeplaas.

Herbert B. Adams, die bekende Amerikaanse opvoedkundige, gee in 1887 'n goeie beskrywing van die seminaarbiblioteek[4] en wys daarop dat hoe= wel die privaatbiblioteek van die professor 'n gewilde plek vir seminaar= byeenkomste was, dit in gevalle waar klasse groot was, geriefliker was om 'n lokaal by of naby die universiteit daarvoor te vind. Die toenemen= de getal versoeke om boeke vir gebruik in die seminare en die vertra= gings in die oorplasing van boeke het die universiteite verplig om klein gebruiksversamelings te vorm vir die uitsluitlike gebruik deur afson= derlike seminare, en verder is die seminaarbiblioteke oral waar hulle posgevat het onderhou deur private ledegeld, spesiale bemakings of

3) DE VLEESCHAUWER, H.J. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die Weste. Kaapstad, Academica, 1967. p. 231.

4) ADAMS, H.B. Seminar libraries and university extension. Johns Hopkins University studies in historical and political sciences, 11 : 10-11, 1887 (5th series). Soos aangehaal in THOMPSON, L. The historical background of departmental and collegiate libraries. Library quarterly 12 : 60-61, 1942.

definitiewe jaarlikse toekennings. Die professor van die betrokke leer=stoel was as direkteur in volle beheer van die seminaar en die seminaar=biblioteek en het na gelang van die beskikbare bedrag geld self boeke vir die seminaarbiblioteek bestel. Die seminaarkamer en -biblioteek is ge=woonlik onder die toesig van 'n gevorderde en betroubare student geplaas en hy is as die professor se assistent beskou en met gesag oor die leer=kragte en studente van die betrokke departement, wat lede van die semi=naar was, beklee. Elke lid het 'n sleutel ontvang en kon kom en gaan soos hy wou. In die vertrek het elkeen sy eie lessenaar of bêreplek ge=had waar hy sy papiere en skryfgereedskap kon hou, die lokaal was vol=tyds toeganklik en die atmosfeer bevorderlik vir rustige, ongesteurde arbeid.

Dit is belangrik om daarop te let dat die seminaarbiblioteek organisato=ries heeltemal los staan van die universiteitsbiblioteek en slegs aan die ooreenstemmende leerstoel verbind is. De Vleeschauwer stel dit dat die betrokke professor „daar net soos die kaptein meester aan boord" is en dat die seminaarbiblioteek wat sy organisie, opstelling en ordening betref die willekeur van die direkteur volg."[5)]

Die Duitse seminaarbiblioteke het na verhouding in die tweede helfte van die negentiende eeu 'n groter groei beleef as die universiteitsbiblioteke self, en baie dosente en studente het al hul navorsing daar gedoen. Tus=sen 1850 en 1890 het die Duitse universiteite se studentetalle, aantal dosente en vakke wat aangebied is, verdubbel en in sommige gevalle

5) DE VLEESCHAUWER, H.J. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die Weste. Kaapstad, Academica, 1967. p. 231.

drievoudig vermeerder, sonder dat die toekennings aan hulle biblioteke dienooreenkomstig aangepas is. Die groter aanvraag na biblioteekdiens het die verhouding tussen die universiteitsbiblioteke en seminaarbiblio= teke nadelig beïnvloed: die meeste seminaarbiblioteke het geweier om publikasies aan buitestaanders te leen, onnodige duplisering by die aan= koop van publikasies het plaasgevind en die behoefte aan 'n gesamentlike katalogus van die hele universiteit se biblioteekbesit het duidelik op die voorgrond getree.[6] In 1891 het die Pruisiese Ministerie van Opvoeding 'n reeks regulasies neergelê om die terrein van die seminaarbiblioteke te omlyn en te beperk.[7] Seminaarbiblioteke sou hiervolgens in die toe= koms slegs as takbiblioteke van die sentrale universiteitsbiblioteek be= skou word; tydskrifte en enkele soortgelyke publikasies mag nie gedu= pliseer word nie; duplikate en ander boeke wat nie meer in die seminaar= biblioteek benodig is nie, moes na die sentrale biblioteek teruggestuur word; alle lede van die universiteitsgemeenskap moes vrye toegang tot die seminaarbiblioteke hê en duplikaat outeursinskrywings vir alle boeke wat die seminare aangekoop het, moes na die universiteitsbiblioteek se gesamentlike katalogus gestuur word. Slegs die universiteite van Bonn (1892 - 1897) en Berlyn (1892 - 1899) het daadwerklik probeer om die regulasies, en veral dié in verband met die gesamentlike katalogus, toe te pas. Albei het egter die gesamentlike katalogus laat vaar nog voor

6) THOMPSON, L. The historical background of departmental and collegiate libraries. Library quarterly 12 : 61-62, 1942.

7) „Erlass, Betreffend die Bibliotheken der Universitäts-Anstalten und deren Beziehungen zu den Universitäts-Bibliotheken", par. 4. Soos aangehaal in DANTON, J. P. Book selection and collections: A comparison of German and American university libraries. New York, Columbia University press, 1963. p. 48-50, en THOMPSON, L. The historical background of departmental and collegiate libraries. Library quarterly 12 : 62, 1942.

dit voltooi was omdat hulle soveel probleme met die hoofde van seminare gehad het dat dit nie die moeite werd was nie!

Omdat toonaangewende geleerdes in ander lande hulle opleiding in Duits= land gehad het, is die Duitse seminaarmetodes en seminaarbiblioteke by universiteite in verskillende lande nagevolg, hoewel soortgelyke ont= wikkelings ook waarskynlik onafhanklik van die Duitse invloed plaasge= vind het. Thompson wys daarop dat, indien die wetenskap in Engeland in die negentiende eeu so intensief beoefen was as in Duitsland, 'n mens kan aanvaar dat daar wel 'n vorm van seminaarbiblioteek moes bestaan het.[8) ] Die ander vorme van gedesentraliseerde biblioteke wat aan die Engelse universiteite bestaan het, en wat hulle ontstaan aan historiese en plaas= like faktore te danke het, moet egter nie hier verwar word met seminaar= biblioteke nie en het moontlik in 'n groot mate die behoefte aan seminaar= biblioteke uitgeskakel.

Aan die begin van die twintigste eeu het die invloed van die Duitse semi= naarbiblioteek egter sterk op die voorgrond getree in die Britse univer= siteitsbiblioteke en is die moontlikheid sterk oorweeg om soortgelyke biblioteke naas die sentrale universiteitsbiblioteke uit te bou. As een van die voordele van sulke gedesentraliseerde versamelings is die feit genoem dat voorgraadse studente hier kon leer hoe om 'n groot navor= singsbiblioteek te gebruik. In 1909 skryf R.W. Chambers: „The teacher of language or history needs a small specialized library into which he can take his students to teach them how to find materials, how to test

8) THOMPSON, L. The historical background of departmental and collegiate libraries. Library quarterly 12 : 63, 1942.

their genuineness, and how to weigh the value of their evidence."[9] Chambers was nie van mening dat die stigting van sulke seminaarbiblio= teke in Engeland prakties uitvoerbaar was nie, omdat alle beskikbare geld op die uitbouing van die sentrale biblioteek gerig was. Hy het wel gevoel dat die praktyk by die University College van Londen om boeke volgens onderwerpe te verdeel en in verskillende vertrekke te huisves, 'n doeltreffende oplossing was. E.A. Baker skryf drie jaar later: „Each educational institute must possess a working library occupying the place of the seminar library in a German university, the function of which is to prepare the student for the use of research libraries."[10] Van die stigting van seminaarbiblioteke as onderrigsinstrumente in Engeland het egter nie veel tereg gekom nie, en die onderrigsfunksie van die biblio= teek is in toenemende mate deur die sentrale biblioteke behartig.

Die moontlikheid bestaan dat seminaarbiblioteke in Amerika ook onaf= hanklik kon ontwikkel het, hoewel die invloed van geleerdes wat in Duits= land gestudeer het nie buite rekening gelaat kan word nie, en deur die nuwe eise wat hulle aan die Amerikaanse biblioteke kom stel het, het hulle wel die biblioteekontwikkeling gestimuleer en in 'n bepaalde rig= ting gestuur. Hierdie mense was so diep onder die indruk van die idee van die seminaarbiblioteek dat by die stigting van sommige nuwe univer= siteite, soos Johns Hopkins en Chicago, daar nie vir 'n sentrale biblio= teek voorsiening gemaak is nie, maar alleen vir 'n aantal onafhanklike

9) CHAMBERS, R.W. The library of University College, London. Library Association record 11 : 350, 1909.

10) BAKER, E.A. Current views. Library Association record 14 : 1, 1912.

departementele biblioteke.[11)]

Die seminaarmetode is waarskynlik in 1869 in die Verenigde State die eerste keer deur Charles Kendall Adams van die geskiedenisdeparte= ment van die Universiteit van Michigan ingevoer. Nadat sy seminaar vir die eerste paar jaar boeke uit die ontoereikende universiteitsbiblio= teek moes kry, het hy met 'n skenking van $4 300 begin om 'n eie se= minaarbiblioteek uit te bou. Hiervandaan het die stelsel na ander univer= siteite uitgebrei, en teen die tyd dat die Johns Hopkins-universiteit in 1876 gestig is, het daar al etlike seminaarbiblioteke bestaan. Ongeluk= kig het sommige klein Amerikaanse universiteite die stelsel nagevolg en hulle ontoereikende biblioteke in 'n hele aantal afsonderlike versa= melings versplinter.[12)]

Aan die moderne universiteit is die seminaarbiblioteek grotendeels in die instituutsbiblioteek of die departementele biblioteek opgeneem, wat albei 'n baie wyer omvang en doel het as die oorspronklike suiwer didak= tiese seminaarbiblioteek. Hierdie ontwikkeling is baie logies in die lig van die feit dat die seminare langsamerhand van hulle oorspronklike doelstelling om opleiding in die wetenskap te verskaf, begin afwyk het en selfstandige navorsing begin onderneem het. Hiervoor moes die se= minaarbiblioteke naas hulle oorspronklike onderrigsversamelings van basiese bronne ook voorsiening maak vir monografieë en ander bronne

11) DE VLEESCHAUWER, H. J. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die Weste. Kaapstad, Academica, 1967. p. 228 en 232.
THOMPSON, op. cit., p. 64.

12) THOMPSON, L. The historical background of departmental and collegiate libraries. Library quarterly 12 : 65 - 66, 1942.

vir navorsingsdoeleindes en het hul versamelings geweldig gegroei. Hierdie ontwikkeling het 'n gevaar vir die universiteitsbiblioteek inge= hou. Deurdat daar onbeperkte getalle navorsingsliggame aan universiteite gestig is, elkeen met so 'n volledig moontlik toegeruste vakbiblioteek, het die vraag ontstaan wat dan die funksie van die sentrale universiteits= biblioteek behoort te wees indien dit nie die gedesentraliseerde versa= melings koördineer nie.

Die stigting en ontwikkeling van seminaarbiblioteke, hoewel dit in sy oor= spronklike eksklusiewe vorm feitlik van die toneel verdwyn het, het groot invloed op die organisasie van die moderne universiteitsbiblioteek uitge= oefen. Dit het eerstens geleerdes gekondisioneer om van 'n biblioteek gebruik te maak wat so na as moontlik aan die ideaal van sy eie studeer= kamerversameling is, waarvan slegs hy en die groepie studente met wie hy persoonlik betrokke is die eksklusiewe gebruikers is. Hy het dus nie gewoond geraak aan die belangrike beginsel van 'n sentrale universiteits= biblioteek wat gesamentlike besit van die hele universiteitsgemeenskap is en wat met ander gebruikers gedeel moet word nie. Tweedens het dit aan die universiteite die tradisie geskep dat daar naas die sentrale uni= versiteitsbiblioteek 'n aantal afsonderlike biblioteke, heeltemal los van die organisasie van die universiteitsbiblioteek, kan bestaan, sonder dat die universiteitsbibliotekaris enige seggenskap oor hulle versamelings het. Derdens het die gebruikers gewoond geraak aan biblioteke waar al die werke wat hulle benodig gerieflik bymekaar is en waar hulle veel groter vryheid kon geniet as in die sentrale biblioteek.

## 2.2 INSTITUUTSBIBLIOTEKE

2.2.1 In die literatuur bestaan daar 'n mate van verwarring oor die benaminge „seminaar" en „seminaarbiblioteek", en „instituut" en „instituutsbiblioteek". Reincke[13)] wys byvoorbeeld daarop dat daar nie duidelike onderskeid gemaak word tussen die benaminge „instituut" en „seminaar" nie, en dat die instituut dikwels verkeerdelik as 'n veel belangriker liggaam as die seminaar beskou word, want daar bestaan klein, onbeduidende institute en ook baie groot seminare.

Volgens die Handbuch der Bibliothekswissenschaf is „Die früher versuchte Abgrenzung zwischen Seminaren und Instituten, wobei den ersteren der ausschliessliche oder überwiegende Lehr-und Übungszweck zukäme ... heute überholt, so dass ohne Rücksicht auf die amtliche Bezeichnung dieser Büchsammlungen bezüchlich der bibliothekarischen Problematik allgemein von Institutsbibliotheken gesprochen wird."[14)] Ook Danton wys daarop dat hy die woord „instituut" in dieselfde sin gebruik as wat die Duitsers dit gewoonlik doen, naamlik „to denote institutes, seminars, clinics, laboratories, and endowed chairs."[15)]

Daar kan tog 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die „seminaar" met sy suiwer didaktiese doelstellings en funksies en die instituut, wat

13) REINCKE, G. Gutachten über die Lage der Institutsbibliotheken und ihr Verhältnis zu den Universitäts- und Hochschulbibliotheken. Bad Godesberg, Deutsche Forschungsgemeinschaft, 1953. p. 9.

14) HANDBUCH der Bibliothekswissenschaft, 2e uitg. Wiesbaden, Harrassowitz, 1955-1961. Bd. 2. p. 594.

15) DANTON, op. cit. , p. 156.

naas sy opvoedkundige funksies, hom hoofsaaklik op navorsing toespits. De Vleeschauwer beweer „Die onderskeid tussen beide is geleë in hulle respektiewe bestemmings. Die seminaarbiblioteek is uiteraard 'n di= daktiese biblioteek; die instituutsbiblioteek 'n gespesialiseerde navor= singsbiblioteek. Die eerste dien die opleiding tot die navorsing, die tweede bowendien nog die gespesialiseerde navorsing self."[16)]

Haro se definisie vir die spesiale biblioteke van navorsingseenhede aan die Amerikaanse universiteite, beskryf dus eintlik presies wat hier met instituutsbiblioteke bedoel word, naamlik „... specialized library col- lections which are neither administered nor controlled by the main library system. These libraries are usually integral parts of research bureaus, centers or institutes (hereafter referred to collectively as research units) established to provide highly specialized research materials and library service."[17)]

2.2.2 Algemene kenmerke van instituutsbiblioteke

Uit die bogenoemde definisie van Haro blyk dit duidelik dat die instituuts= biblioteek 'n afsonderlike biblioteektipe is wat naas die universiteits= biblioteek aan sommige universiteite bestaan. Juis vanweë hulle onaf= hanklikheid verskil hulle in menige opsig van mekaar wat hulle omvang, organisasie en aard van dienslewering betref, maar die volgende ken=

16) DE VLEESCHAUWER, op. cit., p. 232.

17) HARO, R. P. Research unit libraries as special libraries on the campus. Special libraries 59(8) : 634, 1968.

merke kan wel oor die algemeen by die meeste onderskei word:

2.2.2.1 Die instituutsbiblioteke streef daarna om volledige versame= lings literatuur, insluitende monografieë, op die vakterrein wat hulle moet bedien, uit te bou. Namate die seminare naas hulle suiwer didak= tiese funksie ook navorsing begin onderneem het en die navorsingsin= stitute ontstaan het, is daar ook groter eise deur die gebruikers van hierdie biblioteke begin stel. Waar die seminaarbiblioteek, en selfs die vroeëre instituutsbiblioteek, doeltreffende diens kon lewer met enkele tydskrifte en naslaanwerke op die betrokke vakgebied, het die nuwere behoeftes van die gebruikers as gevolg van toenemende navorsingspe= sialisering en die aanwas van die aantal publikasies wat verskyn, die intistuutsbiblioteek gedwing om sy boekevoorraad uit te brei.

Aan die ander kant het dit ook gedurende die laaste kwart van die negen= tiende eeu geblyk dat die universiteitsbiblioteke as gevolg van die toe= nemende getal wetenskaplike publikasies, gebrek aan voldoende perso= neel, groeiende studentetalle en ontoereikende finansiële voorsiening, nie meer op toereikende wyse hulle taak kon uitvoer om sentrale om= vattende boekeversamelings uit te bou nie. Nog minder kon hulle in die toenemende aantal aanvrae van die seminare en institute voorsien.[18] Van die kant van die dosente het die druk toegeneem om beide literatuur vir onderrig en navorsing na die instituutsbiblioteke oor te plaas, omdat

18) DANTON, J.P. Book selection and collections : A comparison of German and American university libraries. New York, Columbia university press, 1963. pp. 33-44.
KRICKER, G. Die Zusammenarbeit der Universitäts- und Institutsbibliotheken... Zentralblatt für Bibliothekswesen 54 : 448, 1937.

dit vir hulle geriefliker is en omdat die twee elemente van hulle weten= skaplike arbeid so nou verband hou, veral op nagraadse vlak. Daar is dus vanaf die begin van die huidige eeu, veral in Duitsland, Nederland, Italië en die Skandinawiese lande, volledige versamelings, bestaande uit monografieë, naslaanwerke, tydskrifte en selfs basiese handboeke, in instituutsbiblioteke uitgebou. Dit is interessant om daarop te let dat ook die bibliotekarisse hierdie stap verwelkom het, omdat die druk op die universiteitsbiblioteek daardeur verlig is.[19)]

2.2.2.2 Die instituutsbiblioteek staan administratief los van die univer= siteitsbiblioteek en ander instituutsbiblioteke en is in wese 'n selfstan= dige spesiale biblioteek, wat onder beheer van die betrokke professor of hoof van die instituut staan. Die instituutsbiblioteke het hierdie self= standigheid van die begin af geniet en dit kan herlei word na die wyse waarop hulle gewoonlik ontstaan het. Daar is naamlik institute vir die mees uiteenlopende vakgebiede en onder omstandighede wat van univer= siteit tot universiteit verskil, gestig. Die ontstaan van elke instituut het byna altyd afgehang van die aktiwiteit en inisiatief van die betrokke hoogleraar en van die finansiële middele tot sy beskikking. Volgens Kessen was die stigting en inrigting van hierdie institute „meestal incidenteel geweest, zonder voorafgaande planning binnen het algemeen universitair kader, zonder dat verder ook rekening gehouden werd met andere, reeds bestaande of nog in te richten instituten in hetzelfde land.'[20)]

19) DANTON, op. cit., p. 44.

20) KESSEN, A. De verhouding van de centrale of universiteitsbibliotheek tot de instituutsbibliotheken. Bibliotheekleven 35 : 328, 1950.

Gevolglik is hulle gehuisves waar daar ookal 'n beskikbare gebou of stuk grond in die universiteitstad te vinde was, sonder inagname van waar die reeds bestaande universiteitsgeboue, waaronder die universiteits= biblioteek, geleë was. Kessen wys tereg daarop dat: „Deze en andere centrifugaal werkende factoren hadden een zeer vergaande, soms onbe= perkte decentralisatie tot gevolg."[21) Dit is dus duidelik dat naas die historiese die geografiese faktor ook 'n belangrike rol gespeel het in die tradisionele selfstandigheid van die institute en hulle biblioteke.

Danton verwys na die invloedryke posisie wat die professor wat aan die hoof van die instituut staan (ook genoem die Ordinarius) in Duitsland be= klee en illustreer dit met 'n voorbeeld van wat aan die Universiteit van München na die Tweede Wêreldoorlog gebeur het, nadat 'n groot deel van die universiteit verwoes is. Die Senaat het eenvoudig besluit om onge= veer 85 persent van die universiteitsbiblioteek se ruimte aan die insti= tute en hulle biblioteke af te staan, omdat die heropbou van die institute vir hulle van onmiddellike belang was. Vyftien jaar later was die helfte van die sentrale biblioteek se boeke nog ongebruik in kaste weggepak en in 1960 het die biblioteek nog maar studieruimte vir 120 gebruikers uit 'n totale studentetal van 18 000 gehad, teenoor die 600 sitplekke vir 8 000 van voor die oorlog.[22)

Dit is egter nie slegs in die Duitse en Nederlandse universiteitstelsels waar hierdie verskynsel van algehele selfstandigheid van die instituuts=

21) Ibid.

22) DANTON. op. cit., p. 47.

biblioteek hom voordoen nie, maar ook in lande soos Noorweë,[23] die V.S.A. en Kanada,[24] Engeland,[25] Frankryk[26] en Italië,[27] is dit 'n algemene kenmerk van instituutsbiblioteke.

2.2.2.3 As selfstandige biblioteke ontvang instituutsbiblioteke hulle eie begroting en bestee hulle dit in die reël aan boeke, tydskrifte en lopende uitgawes sonder enige oorlegpleging met die sentrale universiteitsbiblio= teek. Dit gebeur soms dat instituutsbiblioteke hulle ontstaan te danke het aan spesiale toekennings of bemakings vir 'n spesifieke doel.[28] Danton wys daarop dat die instituutsbiblioteke hulle ontstaan gehad het juis in 'n tyd toe die universiteitsbiblioteke in Duitsland aan 'n algemene gebrek aan inkomste gely het. Die instituutsbiblioteke het egter begin om lede= geld van hulle gebruikers te vra, wat aan hulle 'n aansienlike lopende inkomste verskaf het. Terwille van die navorsingsresultate het vereni= gings, kommersiële instansies en navorsingsgroepe buite die universi= teit ook geldelike toekennings aan die institute gemaak, terwyl gereelde bydraes van die staat ook 'n belangrike bron van inkomste was. Uit

23) TVETERAS, H. L. The university library and the institute libraries. Libri 9(1) : 4, 1959.

24) HARO, op. cit., p. 634.

25) MACKENNA, R.O. Recent developments in university librarianship in Great Britain. Library trends 12(4) : 610, 1964.

26) POINDRON, P. French university libraries. Library trends 12(4): 534, 1964.

27) GEREVINI, S. The organization and problems of university libraries in Italy. Library trends 12(4): 551, 554, 1964.

28) MACKENNA, op. cit., p. 610.

hierdie geld kon die instituutsdirekteur na willekeur soveel as wat hy wou aan die instituutsbiblioteek bestee.

Dit blyk ook duidelik dat die instituutsbiblioteke oor die algemeen in ver=gelyking met die universiteitsbiblioteke nie 'n tekort aan geld het nie. Volgens Kricker het die 367 instituutsbiblioteke in Duitsland in 1903 DM 265 000 aan boeke bestee, wat 83 persent van die totale bedrag aan boeke deur alle Duitse universiteitsbiblioteke vir daardie jaar bestee, uitmaak.[29] Die instituutsbiblioteke het in aantal en omvang sodanig toegeneem dat hulle totale uitgawe aan boekaankope in 1960 dié van die universiteitsbiblioteke by verre oortref het.[30] Alle instituutsbiblioteke is egter nie in hierdie opsig ewe goed daaraan toe nie en in sy ondersoek in 1953 het Reincke byvoorbeeld bevind dat die biblioteektoelaes vir Kunsgeskiedenisinstitute van DM 1 200 tot DM 6 000 per jaar gewissel het, en by regsinstitutevan DM 5 000 tot DM 16 000. Oor die algemeen was die biblioteektoelaag van die institute vir die geesteswetenskappe (gemiddeld DM 2 500 tot DM 3 000) heelwat laer as dié vir die natuur=wetenskappe en mediese klinieke wat minstens DM 5 000 per jaar en dikwels van DM 10 000 tot DM 12 000 ontvang het.[31]

Tydens Reincke se ondersoek kon hy by geen Duitse instituutsbiblioteek 'n vasgestelde aanskafbeleid vind nie.[32] Die gebruik is dat die profes=sionele bibliotekaris besluit watter boeke vir die universiteit gekoop

29) KRICKER, op. cit., p. 448.

30) WEHMER, C. The organization and origins of German university libra-ries. Library trends 12(4) : 504, 1964.

31) REINCKE, op. cit., pp. 17-18.

32) REINCKE, op. cit., pp. 21-24.

moet word, terwyl die professor besluit wat vir die instituutsbiblioteek gekoop moet word. Die gevolg is dat die instituutsbiblioteke 'n groot hoeveelheid materiaal koop wat reeds in die universiteitsbiblioteek of ander instituutsbiblioteke aanwesig is. Hierdie neiging het veral ook toegeneem namate die instituutsbiblioteke hul oorspronklike doel om slegs 'n gebruiksversameling van werke op die betrokke vakgebied te verskaf, laat vaar het ten gunste van omvattende versamelings vir na= vorsingsdoeleindes. Omdat die direkteur van die instituut alle seggen= skap oor die keuring van boeke vir die instituutsbiblioteek het, word daar dikwels spesiale versamelings uitgebou, afhangende van sy per= soonlike smaak en wetenskaplike belangstelling.[33) ] Dit bring mee dat daar dikwels 'n element van onstabiliteit in die uitbouing van die versa= meling van 'n instituutsbiblioteek is, want by die aanstelling van 'n nuwe direkteur gebeur dit soms dat hy tydskrifintekenings kanselleer en hom op die aankoop van publikasies oor 'n ander onderwerp toespits.[34)]

2.2.2.4 Afhangende van die grootte van die versameling en die finan= siële voorsiening, varieer die personeelvoorsiening in instituutsbiblio= teke in die reël van deeltydse diens deur 'n klerklike personeellid van die instituut tot een of meer vakdeskundiges sonder professionele biblio= teekkundige opleiding. Hoewel die institute die dienste van opgeleide bi= bliotekarisse verkies,[35)] het Reincke tydens sy opname gevind dat nie

33) VON BUSSE, G. West Germany library developments since 1945. Washington, Library of Congress, 1962. p. 33.

34) DANTON, op. cit. , p. 48.

35) WEHMER, op. cit. , p. 509.

tien persent van die instituutsbiblioteke opgeleide bibliotekarisse in diens gehad het nie.[36] By sommige instituutsbiblioteke word die werk deur 'n navorsingsassistent of dosent met die hulp van die sekretaresse van die direkteur, tydelike klerklike hulp, studentehulp, 'n verpleegster (in mediese institute), 'n oorlogsverminkte bode of 'n siekeverpleger met 'n bietjie skryfvaardigheid behartig. Gevolglik is die biblioteekprak= tyk nog in baie gevalle op die lees van dié wat in 1900 geheers het, ge= skoei, want hulle kennis van biblioteekroetines het hierdie personeel óf self aangeleer, óf hulle het by die naaste ander instituutsbiblioteek gaan kyk hoe dinge daar gedoen word.

Hoewel die instituutsdirekteur die finale seggenskap oor die instituuts= biblioteek het en die personeel direk aan hom verantwoordelik is, ver= oorsaak die voortdurende verwisseling van personeel hier 'n groter probleem as in biblioteke met opgeleide personeel, veral omdat die biblioteekroetines nie op 'n vaste grondslag berus nie en van instituut tot instituut, selfs binne dieselfde universiteit, verskil. Hierdie ver= skille, en veral dié ten opsigte van katalogisering en klassifikasie, veroorsaak groot gebruiksprobleme vir die navorser wat van 'n vir hom onbekende instituutsbiblioteek gebruik moet maak.[37] Reincke noem egter daarteenoor dat 'n onopgeleide persoon soms na jarelange diens die versameling van die instituutsbiblioteek en die behoeftes van die gebruikers so goed ken dat hy of sy uitmuntende diens kan lewer.[38]

36) REINCKE, op. cit., p. 20.

37) DANTON, op. cit., p. 49.

38) REINCKE, op. cit., p. 20.

Namate die versamelings van die instituutsbiblioteke aangroei en hulle boeketoelaes vermeerder, word die behoefte aan opgeleide bibliotekaris= se al sterker gevoel, veral ook omdat professore en hulle assistente nie meer die tyd het om die nodige aandag aan die administrasie en instand= houding van die instituutsbiblioteek te gee nie. Omdat instituutsbiblioteke soveel vanmekaar verskil, is dit egter baie moeilik om elkeen se per= soneelbehoeftes te bepaal. In sy algemene reglement (Verwaltungsordnung) vir die instituutsbiblioteke van die Humboldt Universiteit in Oos-Berlyn, bepaal Göber die aantal personeellede vir elke instituutsbiblioteek volgens die aantal boekdele, die jaarlikse begroting, die aard van die katalogus en die dienste wat gelewer word.[39] Dit is interessant om daarop te let dat Göber voorsiening maak vir beide opgeleide bibliotekarisse en biblio= tekarisse met opleiding op die vakgebied van die instituut.

In Italië is daar in 1961 deur middel van wetgewing vir die indiensneming van opgeleide bibliotekarisse in instituutsbiblioteke voorsiening gemaak, hoewel hulle nog onder die beheer van professore en nie van dié univer= siteitsbiblioteke nie, gestaan het.[40]

Die Deutsche Forschungsgemeinschaft het in Wes-Duitsland, op grond van die getal aanwinste per jaar en die gebruikstatistiek die aantal opge= leide bibliotekarisse teenoor die getal klerklike en ander personeellede in instituutsbiblioteke vasgestel,[41] en volgens 'n senaatsbesluit behoort

39) GöBER, W. Das Bibliothekswesen einer Universität als Einheit. (In Bibliothek, Bibliothekar Bibliothekswissenschaft: Festschrif Joris Vorstius. Leipzig, Harrassowitz, 1954. p. 165).

40) GEREVINI, op. cit., p. 556.

41) VON BUSSE, op. cit., p. 56.

instituutsbiblioteke van die Hamburgse Universiteit met meer as 10 000 bande professionele bibliotekarisse aan die hoof te hê.[42)]

Hoewel hierdie enkele voorbeelde aantoon dat daar gestreef word na die ideaal van die indiensneming van opgeleide bibliotekarisse in die insti= tuutsbiblioteke, is die probleem dat daar in Wes-Duitsland, waar insti= tuutsbiblioteke 'n algemene verskynsel is, nie genoeg bibliotekarisse is om al hierdie biblioteke te beman nie. Wehmer sien hierin 'n oorweging om die tegniese prosesse van al die biblioteke in elke universiteit te sen= traliseer om sodoende die beskikbare mannekrag so ekonomies moontlik aan te wend.[43)]

By die Universiteit van Oslo met sy sowat 80 instituutsbiblioteke in die vyf fakulteite, is daar, sonder om die onafhanklikheid van die instituuts= biblioteke aan te tas, bibliotekarisse aangestel om diens en advies aan die institute en hulle biblioteke te lewer. Hierdie diens sluit in profes= sionele advies oor die inrigting van die instituutsbiblioteke, aanbevelings oor aankope, bibliografiese hulp aan dosente en navorsers en oorlegple= ging met direkteure van institute oor biblioteeksake. Tveteras sien hier= die ontwikkeling as 'n stap in die rigting van administratiewe sentrali= sasie,[44)] en terselfdertyd word daar gesorg dat al die instituutsbiblio= teke leiding van 'n opgeleide bibliotekaris ontvang.

42) DANTON, op. cit. , p. 48.

43) WEHMER, op. cit. , p. 509.

44) TVETERAS, op. cit. , pp. 5-7.

2.2.2.5 Vanweë hulle onderlinge onafhanklikheid en die tekort aan op= geleide biblioteekpersoneel is die materiaal in instituutsbiblioteke vol= gens 'n verskeidenheid van metodes georganiseer. Reincke spreek hom oor die aard van katalogisering in die Duitse instituutsbiblioteke soos volg uit: „Unter den Verwaltungseinrichtungen der Institute ergaben die Kataloge wohl das bunteste Bild. Man könnte hier von einem wahren Experimentierfeld bibliothekarischer Autodidakten sprechen."[45] Die meeste instituutsbiblioteke besit wel 'n outeurskatalogus, terwyl baie daarby ook 'n onderwerpskatalogus in die een of die ander vorm het. Wat die fisiese grootte van die kataloguskaarte en die vorm van die inskrywings betref, is daar 'n oneindige aantal variasies. Sommige van die kleiner instituutsbiblioteke se personeel sien selfs nie die no= digheid van 'n katalogus in nie. Ook die klassifikasie van die materiaal word gewoonlik volgens 'n selfontwerpte skema gedoen.

Met hierdie gebrek aan eenvormigheid ten opsigte van katalogisering is dit vanselfsprekend dat daar van die aanlê van 'n gesamentlike katalo= gus vir die universiteit se boekebesit nie veel tereg kan kom nie. Hoe= wel vroeëre pogings in verband met die opbou van gesamentlike katalogi in Duitsland nie met veel sukses bekroon is nie, beklemtoon Kricker dit dat dit „der unerlässliche erste Schritt zu einer planvollen Zusammen-arbeit zwischen Universitäts- und Institutsbibliotheken"[46] bly. Hieroor is daar egter ook geen eensgesindheid nie, want Hartmann gaan van die baie algemeen aanvaarde standpunt uit dat die instituutsbiblioteek as „Präsenzbibliothek" nie sy materiaal uitleen nie en dus geen behoefte

45) REINCKE, op. cit., p. 24.

46) KRICKER, op. cit., p. 453.

het aan 'n sentrale katalogus vir die hele universiteit nie.[47] Daar bestaan dus wat die instandhouding van 'n gesamentlike katalogus vir elke univer= siteit se biblioteke betref ook geen eenvormigheid nie, hoewel pogings van tyd tot tyd aangewend word om dit te bewerkstellig.

2.2.2.6 Instituutsbiblioteke bevat oorwegend nie-uitleenbare versame= lings en word beskou as „Präsenzbibliotheken". Von Busse sien die uni= versiteitsbiblioteek en die instituutsbiblioteek as twee liggame binne die raamwerk van die universiteit wat basies verskillend is, maar wat mekaar ten opsigte van hulle funksies aanvul. As alsydige onderrigs- en navor= singsbiblioteek leen die universiteitsbiblioteek sy materiaal uit, as ge= spesialiseerde naslaanbiblioteek mag dié van die instituutsbiblioteek alleen ter plaatse geraadpleeg word.[48]

In die praktyk vind 'n student, wat nie lid van 'n bepaalde instituut is nie, dit moeilik om toegang tot sy biblioteek te verkry. Teoreties word dit wel by herhaling verklaar dat alle studente toegang tot die instituutsbi= blioteke van sy universiteit het, maar dit is so 'n omslagtige prosedure om die nodige toestemming te verkry dat die student dikwels hierdeur ontmoedig word. As verskoning hiervoor word soms aangevoer dat on= toereikende huisvesting dit vir die instituutsbiblioteek moeilik maak om persone wat nie lid van die instituut is nie, te bedien. (In sommige ge= valle word instituutsbiblioteke selfs gedwing om as gevolg van die gebrek

47) HARTMANN, K.J. Das Problem der Institutsbibliotheken. Zentralblatt für Bibliothekswesen 56 : 23, 1939.

48) VON BUSSE, op. cit., p. 32.

aan studieruimte hulle oorspronklike doel te versaak en gebruikers toe te laat om boeke uit te leen![49]) In die enkele gevalle waar uitlening egter wel toegelaat word, is dit beperk tot oornag- of naweeklenings. Dit is dus vir enige gebruiker baie moeilik om werke wat in verskillende bi=blioteke staan, tegelyk en in verband met mekaar te gebruik.

## 2.2.3 Die implikasies van die instituutsbiblioteekstelsel

2.2.3.1 Soos aangetoon, kom die verskynsel van afsonderlike instituuts=biblioteke veral in Europa voor en het dit in Duitsland die sterkste ont=wikkel, sodat die Duitse universiteitsbiblioteekwese vandag daardeur gekenmerk word, terwyl daar in lande soos die Nederlande, Groot Brit=tanje, die Skandinawiese lande, Frankryk en Italië talle voorbeelde van derglike biblioteke is. Dit is opmerklik dat die idee van selfstandige instituutsbiblioteke in al hierdie lande deur historiese ontwikkeling so ingewortel is in die universitêre tradisie dat daar van die kant van die universiteitsbiblioteek baie diplomaties opgetree moet word om nie hul=le onafhanklikheid aan te tas nie. Dit is ook duidelik dat hulle bestaans=reg histories onteenseglik vasgelê is, en daar sal dus nie maklik met die instituutsbiblioteke weggedoen kan word nie. Die universiteitsbiblio=teke het slegs een weg oop, en dit is om met die instituutsbiblioteke saam te werk en deur beïnvloeding en voortdurende onderlinge oorlegpleging te probeer om met hulle hulp die mees doeltreffende biblioteekdiens moont=lik te skep.

49) REINCKE, op. cit. p. 12.

2.2.3.2 Die bestaan van instituutsbiblioteke veroorsaak dat die universiteitsbibliotekaris en die geleerde in kompeterende hoedanigheid teenoor mekaar gestel word, waarin elkeen die voordeel van sy eie biblioteek nastreef, tot nadeel van die gemeenskaplike doelstellings wat hulle in belang van die hele universiteit behoort te hê. Die ideale werksomstandighede vir geleerdes is om te midde van 'n goeie versameling biblioteekmateriaal oor hulle eie onderwerpsterrein hulle wetenskaplike arbeid te verrig, en hier beantwoord 'n goedtoegeruste instituutsbiblioteek volmaak aan hul doel. In die instituutsbiblioteek ervaar hulle ook die verdere bevrediging dat hulle dit volgens hulle eie behoeftes kan inrig en organiseer, sonder die inmenging van buitestaanders - in hierdie geval die personeel van die universiteitsbiblioteek.

Baie geleerdes beskou die instituutsbiblioteek gevolglik as hulle biblioteek, baseer hulle navorsing slegs op die instituutsbiblioteek en maak doelbewus so min as moontlik van die sentrale universiteitsbiblioteek gebruik, wat volgens hulle gelukkig 'n al hoe kleiner rol in hulle werk speel.[50] Daar ontwikkel dus in wese 'n vervreemding en selfs 'n vyandigheid aan die kant van die geleerde teenoor die universiteitsbiblioteek, waardeur laasgenoemde die ondersteuning en samewerking van die mense, van wie hy dit die nodigste het, verloor. Geleerdes gaan selfs so ver as om te beweer dat die sentrale universiteitsbiblioteek al dié werke waarby die institute belang mag hê, onder hulle moet verdeel en self slegs as bewaarplek van dié werke wat nie meer gereeld gebruik word nie, moet dien.[51]

50) TVETERAS, op. cit., p. 2.

51) BREITENBACH, E. Letter from Germany. College and research libraries 15 : 412, 1954.

Die universiteitsbiblioteek is self egter nie vry te spreek van enige skuld aan die strewe na die ontwikkeling van selfstandige instituutsbiblioteke nie. Talle argumente word deur gebruikers aangehaal om aan te dui waar= om die instituutsbiblioteke vir hulle doeltreffender diens kan lewer, naam= lik dat die universiteitsbiblioteke nie genoeg studieruimte voorsien nie, nie lank genoeg per dag oop is nie, bestelde boeke nie vinnig genoeg voor= sien nie, interbiblioteeklenings onnodiglik vertraag, hulle materiaal te ingewikkeld katalogiseer, te lank neem om nuwe boeke voor te berei, nie genoeg belangstel in die behoeftes van individuele gebruikers nie, ens. Baie van hierdie aantygings is dikwels waar, maar word weer deur die bibliotekaris toegeskryf aan 'n tekort aan personeel en geld en aan on= doeltreffende huisvesting.

2.2.3.3 Die bestaan van instituutsbiblioteke benadeel die planmatige uitbouing van die universiteit se gesamentlike boekevoorraad omdat daar nie 'n eenvormige boekkeuringsbeleid is nie en elke instituut na wille= keur sy eie versameling slegs vir sy eie behoeftes uitbou. Dit bring 'n versplintering van die navorsingsmateriaal mee en daar ontstaan 'n groot verskeidenheid van kleiner versamelings wat elkeen slegs op sy eie vakgebied toegespits is. Bowendien is hulle in baie gevalle swak georganiseer en slegs vir bepaalde groepe toeganklik.

Omdat die doeltreffende gebruik van die totale boekevoorraad nie moontlik is nie, word studie en navorsing tot 'n groot mate deur 'n stelsel van in= stituutsbiblioteke benadeel. Die verskillende vakgebiede kan vanweë die huidige interdissiplinêre benadering reeds lank nie meer elkeen in sy eie waterdigte kompartement afgesonder word nie, en in die navorsing is hulle toenemend vanmekaar afhanklik en verplig om van mekaar se

navorsingsresultate gebruik te maak. Wanneer die geleerde dan genood=saak is om vier of vyf instituutsbiblioteke te besoek om inligting oor dieselfde onderwerp te raadpleeg, word hierdie instrument, wat hy vir sy eie gerief geskep het, vir hom 'n las. Dit gaan nie hier om die mate=riaal wat hy daagliks by sy navorsing benodig nie, maar om die aanvul=lende werke wat die instituutsbiblioteke in hulle strewe na omvattendheid begin versamel het.

Hoewel die stelsel van instiuutsbiblioteke teoreties vir die geleerde baie voordelig skyn te wees, omdat hy die materiaal wat hy benodig gerieflik byderhand en onder sy eie beheer het, is dit in die praktyk ondoeltref=fend aangesien hy nie weet of kan uitvind wat die totale boekevoorraad van die universiteit oor enige onderwerpsterrein is nie en hy baie moei=lik van ander instituutsbiblioteke gebruik kan maak. Danton beskryf die toestand in die Duitse universiteitsbiblioteke soos volg: „The library collections of the German universities may be likened to a great garden which was once open, spacious and everywhere accessible to the visitor. The garden is now broken up into numerous smaller plots. The largest of these - the university library - is still open and accessible but, relatively speaking, no longer so spacious. The other plots, enclosed by fences, are neither visible nor readily accessible to the visitor. No outsider knows what is in them and no one knows or cares what is being cultivated in the one next door. The beauty, usefulness, and satisfac-tions of the garden, as a unified, planned whole, have been destroyed. Much of the value of the unity that once existed has been dissipated by the unnecessary duplication of plantings in different plots, by the fences that exist around them, and by the almost complete lack of coordination

among them."[52]

2.2.3.4 Waar daar geen administratiewe en organisatoriese verband tussen die sentrale biblioteek en die instituutsbiblioteke, en die insti= tuutsbiblioteke met mekaar, is nie, werk dit 'n geweldige verkwisting van geld deur duplisering aan die hand. Omdat professore liefs hulle tyd en aandag aan die instituutsbiblioteke bestee en die universiteits= biblioteek feitlik geen plek in hulle daaglikse werk inneem nie, gebeur dit selde dat hulle enige aandeel in die boekkeuringsprogram van die universiteitsbiblioteek het. Die gevolg is dat hulle gladnie op hoogte kom met die aanskafbeleid van die sentrale biblioteek nie en dit nie in gedagte hou wanneer hulle werke vir die instituutsbiblioteek aankoop nie. Sodoende word nie alleen gewone gebruiksmateriaal gedupliseer nie, maar dikwels ook baie duur werke van 'n hoogs gespesialiseerde aard, waarvan een eksemplaar voldoende sou wees vir gebruik deur die hele universiteit of 'n groot groep institute.

Verskillende skrywers beklemtoon dit dat hierdie probleem van duplise= ring hoofsaaklik ontstaan omdat die instituutsbiblioteke hulle oorspronk= like doelstelling om slegs 'n versameling vir daaglikse gebruik oor die bepaalde studieterrein oorboord gegooi het terwille van omvattende vak= versamelings. So wys Kricker, byvoorbeeld, daarop dat die biblioteka= risse die bestaansreg van die instituutsbiblioteek as wetenskaplike in= strument naas en aanvullend by die universiteitsbiblioteek erken inso=

52) DANTON, op. cit., p. 55.

verre hulle 'n gespesialiseerde diens aan navorsers lewer waar die om=vattende universiteitsbiblioteek, met sy gelyke verantwoordelikheid aan alle vakwetenskappe, dit nie so doeltreffend kan doen nie. „Ebenso einig ist sie ober auch in der Zielsetzung, dass die Institutsbibliotheken nur die Bücher erwerben sollen, die für die unmittelbaren Bedürfnisse der Institute unentbehrlich sind, und dass die Grenze ihres freien Wachstums dort liegen muss, wo sie anfangen, nicht mehr ihren besonderen Zwecken zu dienen, sondern als wissenschaftliche Fachbibliotheken mit den Universitätsbibliotheken in Wettbewerb zu treten."[53)]

Wehmer verdedig die Duitse stelsel waarvolgens die professionele biblio=tekaris besluit wat vir die universiteitsbiblioteek aangekoop moet word en waar dit gehuisves moet word, en die professor dieselfde taak het ten opsigte van aankope vir die instituutsbiblioteek. Die gebreke aan die stelsel verbonde skryf hy toe aan die menslike faktor en nie aan die ondoeltreffendheid van die metode nie, want beide die bibliotekaris en die professor het 'n belangrike aandeel aan die boekkeuring, voortdurende onderlinge oorlegpleging is nie nodig nie en daar kan geen onenigheid ontstaan nie, want albei tree onafhanklik vanmekaar op. Die akademiese deskundigheid van die professor, die aard van sy navorsing en sy doel=stellings as leermeester, bepaal volgens Wehmer die uitbouing van die instituutsbiblioteek se versameling, „which are to be manageable and to contain books of current interest and of research value."[54)] Hy vervolg deur te beweer dat dit geen ramp is indien 'n volgende professor 'n an=der rigting inslaan as sy voorganger nie. Die universiteitsbiblioteek,

53) KRICKER, op. cit., pp. 450-451.

54) WEHMER, op. cit., p. 508.

daarenteen, bewaar die kontinuïteit deur die versameling van die basiese literatuur, met spesiale aandag aan werke soos ensiklopedieë, biblio= grafieë, bronnemateriaal, tydskrifte, ens., en veral ook ten opsigte van materiaal oor dié onderwerpe wat nie reeds in die instituutsbiblioteke verteenwoordig is nie. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat die voor= koms van duplikaataankope nie so hoog is as wat normaalweg aanvaar word nie, en dat duplisering nie alleen nuttig nie, maar absoluut nood= saaklik is, want dit is juis 'n voordeel van die boekdrukkuns dat ver= skillende persone dieselfde teks gelyktydig kan gebruik.

Wehmer se argumente ten gunste van die onafhanklike bestaansreg van die instituutsbiblioteke en hul selfstandige beslissingsreg ten opsigte van die aankoop van boeke, toon duidelik die probleme wat ervaar word om die bestaande stelsel, wat min vooruitsigte op verandering het, te verdedig. Die belangrikste kritiek teen sy beredenering is die feit dat hy in die hele biblioteekstruktuur aan die universiteitsbiblioteek die aanvullende funksie toeken om dié gapings op te vul waar die instituuts= biblioteke tekort skiet. Die algemeen aanvaarde taak van die universi= teitsbiblioteek is juis dat sy voorraad dié bron moet wees waaruit alle lede van die universiteit kan put, met die instituutsbiblioteke as sub= sentrales om die verspreiding en gebruik van die materiaal te vergemak= lik. Verder is sy stelling dat 'n beleidsverandering en klemverskuiwing van 'n opvolgende professor ten opsigte van die boekkeuringsbeleid van 'n instituutsbiblioteek nie 'n nadeel is nie, juis aanvegbaar omdat die voorraad van die instituutsbiblioteek daardeur self op losse voet en fragmentaries uitgebou word, afhangende van die belangstellingsrigtings van verskillende professore. Dit is ook te betwyfel of dié werke wat nie meer die spesialiseringsgebied van die dag verteenwoordig nie, en dus verouderde materiaal binne die versameling van die instiuutsbiblioteek

is, ooit na die sentrale biblioteek oorgeplaas word. Daar ontbreek 'n vaste reëling tussen die twee tipes biblioteke, wat uiteraard op dieselfde terrein beweeg, en tussen die instituutsbiblioteke onderling, oor wie wat moet versamel om sodoende die beskikbare geld tot die maksimum te benut. Die stelling dat die instituutsbiblioteke hulle versamelings tot 'n hanteerbare grootte moet beperk en boeke moet insluit wat van kontem= porêre navorsingswaarde en belang is, is te vaag, want die aard en om= vang van die onderwerpsgebiede wat in verskillende institute verteen= woordig is, is uiteenlopend en hulle navorsingsmetodes en behoeftes verskil vanmekaar. Daar sal altyd in die voorsiening van navorsings- en studiemateriaal 'n mate van duplisering noodsaaklik wees, al is die biblioteekdiens selfs ten volle gesentraliseer, maar daar moet gewaak word teen duplisering van veral baie duur en minder gebruikte items. Dit gaan dus nie alleen om die aantal titels wat gedupliseer word nie, maar ook om die koste en die gebruiksintensiteit daarvan.

In die instituutsbiblioteekselsel met sy ongekoördineerde metode van boekkeuring tree die gebrek aan 'n sentrale gesamentlike katalogus as kontrolemiddel met die oog op boekbestellings, naas sy funksie as ont= sluitingsapparaat vir die gebruiker, sterk op die voorgrond. In die prak= tyk lewer dit vandag in die ou gevestigde stelsels van veral die Duitse universiteite 'n groot probleem op vanweë die koste om nou vir die talle institute, waarvan sommige baie groot versamelings het en wat dikwels nie ten volle gekatalogiseer is nie, opgawes in die gesamentlike katalo= gus te plaas.

2.2.3.5 Soos dit uit die voorgaande blyk, dreineer die instituutsbiblio= teke deur die blote feit van hulle onafhanklike bestaan naas die univer=

siteitsbiblioteek die lewensbloed van laasgenoemde inrigting en het hulle 'n verlammende uitwerking op die biblioteeksisteem van die universiteit. Die versplintering van die biblioteekdiens van die universiteit lei ook tot die verdeling van die geldelike voorsiening in 'n aantal los toekennings, wat in grootte geen verband met mekaar of selfs met die behoefte van elke individuele instituut hou nie. Dit is reeds in paragraaf 2.2.2.3 aangetoon dat die universiteitsbiblioteke na verhouding veel minder geld ontvang as die instituutsbiblioteke gesamentlik. Die nadeel van die stelsel is dus dat dit geld van die sentrale biblioteek wegkanaliseer en dat die gesa= mentlike beskikbare bedrag in 'n groot aantal kleiner toelaes verdeel word waaroor 'n hele groep verskillende persone die outonome beskik= kingsreg het. In sy geheel kan die totale bedrag deur beplanning en sen= trale beheer op 'n meer ekonomiese wyse tot groter voordeel van elke instituut aangewend word.

As gevolg van die kleiner bedrag wat vir boekaankope deur die sentrale biblioteek beskikbaar is en die oormatige duplisering in die verskillende instituutsbiblioteke, is die aantal titels wat jaarliks deur die universiteit aangekoop word, baie kleiner as wat die geval uit een sentraalbeheerde fonds sou wees. Daarby benadeel die feit dat die instituutsbiblioteke self skenkings werf en ruilnommers aanvra die groei van die boekevoorraad van die sentrale biblioteek.

2.2.3.6 Die situasie met betrekking tot die bestaan van instituutsbiblio= teke en die nadele daaraan verbonde, word duidelik opgesom in die vol= gende woorde van Danton: „Thus, the picture is that of a main or general library, though one with highly specialized collections in depth, plus

numerous independent, completely autonomous libraries each serving a very restricted group of the university community. The grave disadvantages of this scheme of things are obvious. It is wasteful of funds because of the excessive duplication of titles ... The system produces university book resources which are uncoordinated. It makes utterly impossible, as both libraries and professors freely admit, a general, planned collection-building policy for the university as a whole. It creates library empires, some of them very sizeable indeed, of which no university official outside the institutes and seminars themselves, has any real knowledge or control."[55] Dit is veral 'n probleem waar= mee bibliotekarisse worstel en waarteenoor hulle magteloos staan, soos dit duidelik blyk uit die talle mislukte pogings om groter koördinasie tussen die universiteitsbiblioteek en die instituutsbiblioteke te bewerk= stellig.

2.2.4 Pogings tot oplossing van die probleem van instituutsbiblioteke

2.2.4.1 In dié lande waar instituutsbiblioteke reeds gevestig is, soos veral Duitsland, kan daar nouliks meer aan die situasie verander word deur die afskaffing van die stelsel van afsonderlike instituutsbiblioteke of selfs deur hulle onder die jurisdiksie van die universiteitsbiblioteek te plaas en administratief in te skakel by die sentrale biblioteekdiens van die universiteit.[56] Volgens Tveteras moet die bibliotekaris in

55) DANTON, op. cit., p. 50.

56) „The dilemma is that these faults, simply because of the present day magnitude of the collections, can scarcely now be remedied". WEHMER, op. cit., p. 507.

hierdie gevalle die posisie aanvaar soos dit is en 'n simpatieke en posi= tiewe houding teenoor die ontwikkeling van instituutsbiblioteke inneem.[57] Dit beteken dat die bibliotekaris en geleerde 'n basis van samewerking sal moet vind waarop hulle mekaar kan ontmoet en waaruit hulle 'n doel= treffende gesamentlike biblioteekdiens kan opbou. 'n Belangrike element van hierdie samewerking is die feit dat die universiteitsbiblioteek ware diens aan die institute kan en sal moet lewer, en moet sorg dat die ge= leerdes op hoogte gehou word met wat hy kan aanbied. Dit verg van die biblioteek dat hy homself op hoogte moet stel van die navorsingsaktiwi= teite en -metodes van die institute.

2.2.4.2 Dit sou onmoontlik wees om hier 'n volledige beskrywing te gee van al die pogings wat aangewend is en voorstelle wat gemaak is om die probleem op te los. Die poging van die Pruisiese owerheid in 1891[58] was daarop gemik om standaarde vir alle navorsingsbiblioteke in die staat daar te stel (met veral klem op sentrale katalogisering by elke universiteit), maar dit het vanweë die ingryping in die outonomie en verantwoordelikhede van die instituutsbiblioteke, skerp teenstand van die kant van die professore ontvang en totaal misluk. Hierdie voor= beeld het hom deur die jare op plaaslike vlak herhaal, en alle sentra= liserende maatreëls het telkens teen die hewige verset van die talle instituutsbiblioteke, wat nie geneë was om iets van hulle tradisionele

57) TVETERAS, op.cit., p. 2.

58) THOMPSON, op.cit., p. 62.
WEHMER, op.cit., p. 506.

selfstandigheid prys te gee nie, gestuit.[59)]

Na die Tweede Wêreldoorlog het veral die Deutsche Forschungsgemeinschaft aan die probleem aandag geskenk, en in opdrag van dié liggaam voltooi Reincke sy reedsgenoemde ondersoek, waarvan die resultate in 1953 in die memorandum „Gutachten über die Lage der Institutsbibliotheken und ihr verhältnis zu den Universitäts und Hochschulbibliotheken" gepu= bliseer is. Die bevindinge van Reincke, waarna reeds herhaaldelik verwys is, het in beide biblioteek- en universitêre kringe groot opspraak verwek, en is by verskillende geleenthede op konferensies bespreek. Die resultate van die besprekings is in 1955 deur die Deutsche Forschungsgemeinschaft uitgegee onder die titel Instituts- und Hochschulbibliotheken, Denkschrift der Deutschen Forschungsgemeinschaft (Bad Godesberg, 1955), waarin 'n aantal aanbevelings om groter administratiewe sentralisasie te bewerk= stellig aan die universiteitsbiblioteke, instituutsbiblioteke en die univer= siteitsowerhede gedoen word.

Terwyl die ou universiteite in Duitsland tradisioneel met die probleem te kampe gehad het, is daar met die stigting van nuwe universiteite wel ge= trag om 'n oplossing te vind, hoewel hierdie universiteite ook tot 'n groot mate gebind is deur die tradisionele selfstandigheidstrewe van die ge= leerdes wat op hulle personeel benoem is. So is daar byvoorbeeld by die Universiteit van Bochum, wat in 1965 gestig is, voorsiening gemaak vir een gesamentlike katalogus vir die sentrale biblioteek en die instituuts= biblioteke, waardeur onnodige duplisering tot 'n groot mate uitgeskakel

59) LIAT. K.S. Koördinatie tussen universiteitsbiblioteek en instituutsbiblioteken. Bibliotheekleven 41 : 178, 1956.

word. Die institute bestel nog hulle eie boeke, maar hulle stel die sentra= le biblioteek daarvan in kennis, en daar bestaan 'n baie groter mate van samewerking as by die ou Duitse universiteite. Derglike pogings word ook by ander nuwe universiteite soos Konstanz, Bremen, Regensburg en Bielefeld aangewend, hoewel hulle koördinerende maatreëls in min= dere of meerdere mate vanmekaar verskil.[60)]

Die verskillende voorstelle en pogings tot oplossing van die probleem van die instituutsbiblioteke kan kortliks onder die volgende hoofde saam= gevat word:

2.2.4.2.1 Die koördinering van die aanskaffing van biblioteekmateriaal met selfs voorstelle om dit heeltemal te sentraliseer, en 'n duidelike afbakening van die vakterreine en tipes materiaal waarop elke biblioteek hom moet toespits. Die belangrikste argument wat hiervoor aangevoer word, is dat dit 'n meer ekonomiese aanwending van die totale beskik= bare bedrag vir boeke sal inhou, veral deur die uitskakeling van onno= dige duplisering. Die universiteitsbiblioteek moet hier die koördineren= de rol speel, nie alleen wat die onderlinge reëling tussen homself en die

60) KRIEG, W. Zu den Plänen für die Struktur der Universität Bielefeld. Verband der Bibliotheken des Landes Nordrhein - Westfalen. Mitteilungsblatt, Neue Folge 18 : 24-39, 1968.
LOHSE, H. Bielefelder Bibliotheksprojekt. Verband der Bibliotheken des Landes Nordrhein - Westfalen. Mitteilungsblatt, Neue Folge 18 : 39-50, 1968.
STOLTZENBURG, J. Zentralisierung und Dezentralisierung im Entwurf und Gegenentwurf für eine Bibliothekssystem der Universität Bielefeld. Verband der Bibliotheken des Landes Nordrhein - Westfalen. Mitteilungsblatt, Neue Folge 18 : 93-111, 1968.

instituutsbiblioteke betref nie, maar ook ten opsigte van die verdeling van geld en die bepaling van spesialiseringsgebiede tussen die verskil= lende instituutsbiblioteke. Omdat dié werke op die grensgebiede tussen die verskillende vakterreine hier sterk in die gedrang kom, is 'n duide= like verstandhouding wat die afbakening van spesialiseringsgebiede be= tref, absoluut belangrik. Die gedagte is ook dat die instituutsbiblioteke slegs dié boeke en tydskrifte wat vir dosering en navorsing op hulle onderskeie vakgebiede noodsaaklik is, sal aanskaf en dat werke van meer algemene aard deur die universiteitsbiblioteek aangekoop sal word. Kricker het reeds die belangrikheid van oorlegpleging tussen die univer= siteitsbiblioteek en die instituutsbiblioteke in hierdie verband beklem= toon, en wys daarop dat die personeel van die institute baie beter op hoogte is met die ontwikkeling van hulle vakgebied en die literatuur daar= oor as wat dit vir die omvattende universiteitsbiblioteek moontlik is.[61) ] Gekoördineerde aanskaffing is op sigself nie 'n oplossing van die pro= bleem nie en kan nie slaag indien dit nie in verband met en saam met ander sentraliserende maatreëls, waarvoor dit die weg baan, aange= wend word nie.

2.2.4.2.2 Uit gekoördineerde aanskaffing vloei dit outomaties voort dat die tweede sentraliserende maatreël, nl. die opbou van 'n sentrale katalogus en sentrale katalogisering makliker toegepas kan word as wanneer elke biblioteek sy materiaal onafhanklik van die ander aankoop. Daar bestaan egter talle bedenkinge, veral van Duitse kant daarteen of

61) KRICKER, op. cit. , pp. 456-457.

die skepping van 'n gesamentlike katalogus wel die tyd en koste wat daaraan bestee word, regverdig. Hierdie onsekerheid moet veral ge= sien word in die lig van die feit dat daar in talle Duitse universiteite geen katalogus van hierdie aard bestaan nie en dit vir die bestaande voorraad van nuuts af opgebou sal moet word, en dat die instituutsbi= blioteke meestal „Präsenzbibliotheken" is, waarvan die inhoud nie uit= geleen mag word nie. Hartmann verklaar byvoorbeeld: „Weiter sehen wir heute ziemlich klar darin, dass ein örtlicher GK (Gesamtkatalog) unter den üblichen Verhältnissen der Universitäten keinen wesentlichen Nutzen schafft, weder für den Benutzer noch für die Beschaffungs- politik."[62] Kricker wys ook daarop dat, in die enkele gevalle waar daar vroeër in Duitsland daadwerklike pogings in hierdie rigting aange= wend is (bv. Berlyn en Bonn), dit laat vaar is omdat die hoë koste nie die nut van die gesamentlike katalogi geregverdig het nie. Vir die uni= versiteitsbiblioteke het dit min verligting gebring omdat die gebruiker, sodra hy vasgestel het dat 'n benodigde boek in 'n instituutsbiblioteek staan, wat vir hom nie maklik toeganklik is nie en waar dit in elk geval nie uitgeleen kan word nie, die boek van elders laat kom. Tog beweer Kricker dat „Trotz dieser wenig günstigen Erfahrungen bleibt die zentrale Katalogisierung der unerlässliche erste Schritt zu einer planvollen Zusammenarbeit zwischen Universitäts- und Instituts- bibliotheken. Der zentrale Katalog stellt den äusseren Rahmen jeder Vereinbarung her und schafft die erste feste Bindung zwischen beiden Bibliotheksformen. Die Kosten seiner Herstellung, an denen die ersten Versuche hauptsächlich scheiterten, können durch wohlüberlegte

62) HARTMANN, op. cit., p. 31.

Organisation vermindert werden. Seine Brauchbarkeit für die Herbeiführung einer Zusammenarbeit bei der Büchererwerbung ist durch planmässige Vereinbarungen sicherzustellen."[63)]

Fuchs betwyfel ook die doeltreffendheid van 'n sentrale katalogus vir alle publikasies, gesien die hoeveelheid werk wat sy samestelling sal verg, maar glo dat so 'n katalogus vir tydskrifte wel die moeite sal loon.[64)] Kricker meen dat 'n gesamentlike katalogus vir tydskrifte in elk geval as nuttige eerste poging tot samewerking beskou kan word, waaruit 'n volledige gesamentlike katalogus verder uitgebou kan word namate ondervinding daarvan opgedoen word.[65)] Von Busse toon aan dat 'n gekonsolideerde lys van tydskrifte in 'n sekere universiteit dik= wels bestaan en dat dit deur die sentrale biblioteek, in samewerking met die institute, saamgestel word, omdat dit onontbeerlik is vir 'n doeltreffende uitleensisteem en ook van nut is vir die aanvra van inter= biblioteeklenings.[66)]

Teenoor die belangrikheid van 'n sentrale katalogus vir tydskrifte, meen Fuchs dat 'n opgawe van monografieë wat in die instituutsbiblio= teke is, slegs van belang is, indien hulle nie reeds in die universiteits= biblioteek staan nie.[67)] Die instituutsbiblioteke behoort dus ten minste

63) KRICKER, op. cit., p. 453.

64) FUCHS, H. Kurzgefasste Verwaltungslehre für Institutsbibliotheken. Wiesbaden, Harrassowitz, 1957. p. 39.

65) KRICKER, op. cit., p. 454.

66) VON BUSSE, op. cit., p. 45.

67) FUCHS, op. cit., p. 39.

een maal per semester die sentrale biblioteek te verwittig van nuwe aanwinste. Hierdie gegewens kan dan in die sentrale katalogus bygevoeg word. Netso kan die sentrale biblioteek gereeld aan die instituutsbiblio= teke kennis gee van sy belangrikste nuwe aanwinste. Hierdie metode het egter gebreke omdat daar geen kontrole is oor die volledigheid van die opgawes nie.

Dit lyk dus eerder of die oplossing daarin geleë is dat die aanskaffing en voorbereiding van alle publikasies gesentraliseer moet word en dat benodigde werke daarna na die verskillende dienspunte oorgeplaas word. Wehmer bepleit byvoorbeeld ter wille van besparing, veral ten opsigte van personeel, dat die tegniese prosesse van al die biblioteke aan die universiteit gesentraliseer moet word, hoewel hy glo dat elkeen heel= temal onafhanklik ten opsigte van boekkeuring moet wees: „Centralized processing would be a legitimate assignment for the university library and would result simultaneously in a union catalog of all new acquisitions in the university."[68)]

2.2.4.2.3 'n Groot voordeel van 'n sentrale katalogus is dat dit die wedersydse gebruik van die universiteitsbiblioteek en die instituuts= biblioteke sal vergemaklik. Uit die aard van die instituutsbiblioteke as „Präsenzbibliotheken" ontstaan hier onmiddellik 'n probleem, want hulle materiaal mag nie uitgeleen word nie. Die universiteitsbiblioteek het daarenteen die taak om in die behoeftes van wetenskaplikes en na=

68) WEHMER, op. cit., p. 509.

vorsers te voorsien, en dit is noodsaaklik dat hy ook dié materiaal wat die instituutsbiblioteke bevat, vir hulle beskikbaar moet stel. Dit is wel belangrik dat sekere publikasies altyd in die instituutsbiblioteke voor= hande moet wees, en hier is die universiteit genoodsaak om in die eer= ste plek oor die instituut se belange te waak. Kessen beklemtoon dit egter dat 'n „strakke en rigoureus-uniforme gedragslÿn" ten opsigte van die wedersydse gebruik van die verskillende biblioteke vermy moet word, sodat die besit van die instiuutsbiblioteke nie uitsluitend tot 'n klein kring van gebruikers beperk sal bly nie.[69] Omdat die instituuts= biblioteke normaalweg nie oor die nodige uitleenfasiliteite beskik nie, kan boeke wat uit hulle versamelings benodig word, geriefikheidshalwe via die sentrale biblioteek uitgeleen word. In gevalle waar werke nie uitgeleen kan word nie, behoort daar fasiliteite te bestaan dat die ge= bruiker dit sonder ongerief in die instituutsbiblioteek kan gaan raad= pleeg. Daarteenoor behoort daar 'n reëling te bestaan dat werke wat lede van die instituut uit die sentrale biblioteek benodig óf aan die betrokke individu uitgeleen word (wat normaalweg die praktyk is) óf tydelik na die instituutsbiblioteek oorgeplaas word indien dit vir 'n langer tydperk as die normale leenperiode benodig word. In gevalle waar instituutsbiblioteke wel uitleenfasiliteite het, behoort die prose= dures in ooreenstemming met mekaar en met dié van die sentrale bi= blioteek gebring te word, sodat gebruikers vrylik boeke by die verskil= lende biblioteke, verkieslik met dieselfde lenersrekords, kan leen.

69) KESSEN, op. cit., p. 333.

2.2.4.2.4 Om doeltreffende gebruik van alle materiaal te verseker, behoort daar 'n reëling te bestaan waarvolgens die institute hulle boeke=voorraad sal beperk tot dié werke wat direk op die studie, onderrig en navorsing van die instituut betrekking het, en waarvolgens die werke wat nie meer hiervoor benodig word nie na die sentrale biblioteek oor=geplaas word. Die instituutsbiblioteke het op hierdie wyse die geleent=heid om van ongebruikte en verouderde materiaal ontslae te raak en die administratiewe las sodoende te verlig. Daarbenewens is dit immers die universiteitsbiblioteek se taak om sulke werke in sy voorraad op te neem en te bewaar. Werklik seldsame werke of versamelaarsitems hoort hoegenaamd nie in 'n instituutsbiblioteek nie en behoort in die sentrale biblioteek bewaar te word. Deur die aard van die materiaal wat in die instituutsbiblioteek staan, op hierdie wyse af te baken, word verhoed dat die voorraad daarvan onbepland en onbeheersd uitbrei en sy oorspronklike doelstellings en funksies verlore gaan.

2.2.4.2.5 Die som van al bogenoemde sentraliserende maatreëls kom daarop neer dat daar gestreef word na groter sentralisasie, ook wat die beheer en administrasie van die instituutsbiblioteke betref. Dit is egter hoofsaaklik die standpunt van die professionele bibliotekaris en dergelike sentralisasie kan in veral die Europese lande nog nie deurgevoer word nie omdat dit indruis teen die opvattings van professore en geleerdes. Die inisiatief tot die vind van 'n bevredigende oplossing moet dus ook van die kant van die bibliotekaris kom, omdat hy die saak in sy breë verband sien en diensbaar is aan die hele universiteit, terwyl die ge=leerde se visie in hierdie verband gewoonlik beperk is tot die belange van sy eie instituut. Europese bibliotekarisse erken geredelik dat die

oplossing moontlik in administratiewe sentralisasie lê, soos dit byvoor=beeld in die Amerikaanse universiteitsbiblioteke die geval is.[70] Wehmer wys egter daarop dat daar min gevalle is waar die bibliotekaris onafhank=lik en met professionele bedrewenheid kan optree, sonder om deur be=sluite en spesiale belange van instansies buite die biblioteek gebind te wees. Omdat hy dus nie die situasie kan verander nie, moet hy hom na die beste van sy vermoë daarby aanpas. Nogtans is die neiging skynbaar in die rigting van groter differensiasie en spesialisering van biblioteek=tipes, met terselfdertyd toenemende koördinasie van biblioteke.[71]

In Europa is enige poging tot groter sentralisasie in die biblioteekdiens van 'n universiteit 'n taak wat met groot oorleg en fyn diplomasie aan=gepak moet word. Hoewel enkele van die nuwere Europese universiteite die Amerikaanse stelsel van sentralisasie aanvaar het, en daar in ander 'n groot mate van samewerking verkry is, het die res sover gevorder as 'n soort vreedsame naasbestaan tussen die sentrale biblioteek en die instituutsbiblioteke.[72]

Uit hierdie basis kan groter samewerking en administratiewe sentrali=sasie in die toekoms groei, maar dan moet die bibliotekaris kennis

70) „In American universities the most common solution is administrative centralization of all library facilities...", TVETERAS, op. cit., p. 1.
„Library co-ordination and co-operation within the realm of the univer-sity are closer in the United States than in Germany, in fact very much closer", WEHMER, op. cit., p. 492.
KESSEN, op. cit., p. 330.

71) WEHMER, op. cit., p. 492-493.

72) TVETERAS, op. cit., pp. 1-2.

neem van die behoeftes van die navorser en die faktore wat die bestaans=reg van die instituutsbiblioteek verseker. Omdat die voortbestaan van die instituutsbiblioteke om historiese, en vir hul gebruikers praktiese redes, nie betwyfel kan word nie, sal die oplossing binne die raamwerk van die algemene Europese universiteitsbiblioteekwese en met gebruikmaking van die bestaande elemente daarvan, gesoek moet word. Die stigting van nuwe biblioteke, soos byvoorbeeld fakulteitsbiblioteke, of die radikale verandering van die organisasiestruktuur van die bestaande biblioteke, sal slegs 'n reeds ingewikkelde stelsel nog meer kompliseer. Die uni=versiteitsbiblioteek en die instituutsbiblioteke sal egter vir hulleself duidelik rekenskap moet gee van die moontlikheid om elkeen verant=woordelikheid te aanvaar vir die funksies waartoe hy toegerus is en wat redelikerwys van hom verwag word. Dan sal instituutsbiblioteke hulle byvoorbeeld nie meer hoef te bemoei met tegniese biblioteekwerk soos die aanskaffing en voorbereiding van boeke nie, en sal die universiteits=biblioteek nie hoef rond te skarrel om te sorg dat elke navorser die wer=ke wat hy direk en voortdurend by sy navorsing nodig het, in die hande te kry nie.

Aan die Universiteit van Oslo bestaan daar sedert 1955 'n interessante voorbeeld van groter koördinasie van die verskillende biblioteke. Dit is gebaseer of gebruikmaking van die bestaande fasiliteite, sonder dat die geleerde hoef te voel dat hy van sy vir hom waardevolle instituutsbiblio=

teek se regte en voorregte ingeboet het.[73] 'n Soortgelyke situasie as by menige ander Europese universiteitsbiblioteek het hier geheers: Tagtig instituutsbiblioteke waarvan die boekevoorraad wissel van tussen 2 000 tot 10 000 boekdele, met 'n paar groteres van tot 40 000 boek=dele. Nadat 'n senaatskommissie die moontlikhede vir samewerking 'n jaar lank oorweeg het, het hulle oor die volgende sake saamgestem: Die instituutsbiblioteke moet as deel van die biblioteekdiens van die hele universiteit beskou word en hulle besit in 'n gesamentlike katalogus aan=gedui word; samewerking moet nie in die weg van die ontwikkeling van die individuele instituutsbiblioteke as instrumente vir die doel waarvoor hulle geskep is, staan nie; al die institute het 'n gereelde biblioteek- en dokumentasiediens dringend nodig, en dit kan die beste deur biblio=tekarisse wat permanent in of naby die institute werk, gelewer word.

Dit is daarna deur die senaat besluit dat die bibliotekarisse wat vir die diens aan die institute benoem word, onder beheer van die hoof van die universiteitsbiblioteek moet staan. Vir elkeen van die vyf fakulteite is 'n biblioteek- en dokumentasiesentrum (nie 'n fakulteitsbiblioteek nie) geskep, beman deur 'n opgeleide bibliotekaris. In die sentrum word die nodige bibliografieë, indekse en ander bibliografiese naslaanwerke wat vir die betrokke fakulteit nodig is, voorsien en 'n gesamentlike katalo=gus vir die instituutsbiblioteke van die fakulteit in stand gehou. Origens moet die fakulteitsbibliotekaris van die bestaande bronne in die insti=

73) Kyk die reeds aangehaalde artikel van Tveteras, asook sy „Co-ordination of library services at a university". (In Nederlandse Vereniging van Bibliothecarissen. 33ste bibliotheekcongress tevens viering vijftigjarig jubileum van de N. V. B. , Kurhaus-Scheveningen, 28 en 29 Mei 1962. pp. 44-52).

tuutsbiblioteke en die sentrale biblioteek gebruik maak.

Boekkeuring berus nog steeds by die hoofde van die institute self, maar die fakulteitsbibliotekaris het hierin 'n belangrike raadgewende funksie. Verder bestaan sy pligte uit roetinebiblioteekwerk soos aanskaffing, katalogisering, klassifikasie, behartiging van interbiblioteeklenings, en dan veral bibliografiese inligtingsdiens aan dosente en navorsers. Die direkte band van die fakulteitsbibliotekaris met die sentrale biblio= teek word nie alleen deur sy direkte verantwoordelikheid aan die direk= teur van die universiteitsbiblioteek behou nie, maar dit word van hom verwag om gereeld personeelvergaderings by te woon en gedurig in voe= ling te bly met die sentrale biblioteek.

Deur hierdie diens aan die institute aan te bied, het die universiteits= biblioteek die inisiatief geneem om nouer samewerking te bewerkstellig en direkte kontak met die geleerde op te bou deur toegang tot sy werk= plek, die instituut, te verkry. Die doel van die fakulteitsdiens is om 'n kombinasie van die twee soorte biblioteke te bewerkstellig en die voor= dele van elkeen te behou. Die belangrike voordeel van die stelsel is dat die samewerking van geleerdes verkry is en dat hulle hulle ondersteu= ning aan die poging gegee het. Hoewel daar nie volle administratiewe sentralisasie bewerkstellig is nie, is daar wel eenvormigheid van bi= blioteekprosedures geskep en kan die fakulteitsbibliotekaris in raadge= wende hoedanigheid leiding aan die personeel van die instituutsbiblioteke gee. Deur die oorlegpleging tussen die fakulteitsbibliotekaris en hoofde van institute is onnodige duplisering van biblioteekmateriaal tot 'n groot mate uitgeskakel.

### 2.2.5 Die invloed van die instituutsbiblioteke op die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke

Terwyl instituutsbiblioteke aan die Europese universiteite 'n vanself= sprekende verskynsel is, het hulle in Suid-Afrika nooit ten volle ont= plooi nie, en dit is te betwyfel of hulle, in die lig van die les wat veral uit Duitsland geleer kan word, as selfstandige biblioteke aan die Suid-Afrikaanse universiteite sal ontwikkel. Dat daar egter elemente van die instituutsbiblioteekgedagte in die desentralisasie van sommige Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke aanwesig is, is nie te betwyfel nie. Dit kan ook nie anders nie, want die eise wat geleerdes aan 'n biblio= teekdiens stel en hulle behoeftes ten opsigte van literatuurgebruik sal hier nie veel anders wees as oorsee nie, hoewel die Suid-Afrikaanse universiteitsdosent miskien nie deur dieselfde individualiteit gekenmerk word as byvoorbeeld die Duitse geleerde nie. Die feit dat die Suid-Afri= kaanse universiteitsbiblioteek ook sterk beïnvloed is deur die Britse en Amerikaanse universiteitsbiblioteekwese kan ook as rede aangevoer word waarom die instituutsbiblioteekgedagte in die kiem gesmoor is.

Danton wys op twee lesse wat uit die geskiedenis van die Duitse insti= tuutsbiblioteke geleer kan word: Ten eerste, sê hy, is die rede vir die ontwikkeling van heeltemal onafhanklike instituutsbiblioteke die onver= moë of onwilligheid van die universiteitsbiblioteek om aan die eise van 'n veranderende situasie te voldoen. Ten tweede is dit duidelik dat wan= neer die biblioteek nie in die behoeftes van sy gebruikers voldoen nie, hulle buite die universiteitsbiblioteek ander maniere vind om in hulle

behoeftes te voorsien.[74]

Die standpunt van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging is dat dit ter bewaring van die eenheid van die universiteitsbiblioteek essensieel is dat alle vertakkinge van die biblioteek as eenheid geadministreer moet word om volle koördinasie van dienste, beter benutting van voor= rade, en 'n so ekonomies moontlike dienseenheid te bewerkstellig. Die „daarstelling van outonome tak- en instituutsbiblioteke (word) ... nie alleen as onwenslik beskou nie, maar moet ten alle koste teengewerk word ter vermyding van die daarstelling van die onekonomiese en on= doeltreffende Europese stelsel. Die gerief van dergelike vorms van desentralisasie word nie weerlê nie maar teen die lewering van min= derwaardige en onekonomiese dienste kan nie genoegsaam gewaarsku word nie."[75]

### *2.3 DESENTRALISASIE VAN GEDEELTES VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK BINNE DIE RAAMWERK VAN SY ORGANISASIE IN DIE VORM VAN DEPARTEMENTELE VERSAMELINGS OF BIBLIOTEKE*

#### *2.3.1 Inleiding*

Waar die instituuts- en seminaarbiblioteke sonder sentrale voorafbe= planning onafhanklik van die sentrale biblioteek en van mekaar ontstaan en ontwikkel het, bestaan daarteenoor in talle universiteitsbiblioteke,

74) DANTON, op. cit., pp. 56-57.

75) Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Memorandum insake universiteits- biblioteke aan die Kommissie van Ondersoek na Universiteitswese. pp. 6-7.

en feitlik al dié in die jonger lande, vorme van desentralisasie wat daarop gemik is om groter doeltreffendheid in die hand te werk en die biblioteekadministrasie te vergemaklik. Desentralisasie van versame= lings en dienste is 'n saak waarmee daar veral vanaf die begin van hier= die eeu, namate die universiteitsbiblioteke se boekeversamelings on= hanteerbaar groot geword het, baie ge-eksperimenteer is. Gevolglik bestaan daar 'n groot verskeidenheid van stelsels aan die verskillende universiteite wat ontwikkel is na gelang van plaaslike omstandighede en faktore wat in die volgende hoofstuk breedvoeriger bespreek sal word. Kenmerkend van hierdie verskillende stelsels van desentralisasie is dat daar getrag word om die universiteitsbiblioteek as sentrale koör= dinerende faktor te behou en dat die inisiatief, of minstens die beplan= ning van die stelsel gewoonlik van die universiteitsbiblioteek uitgaan. 'n Verdere kenmerk is dat waar daar aan die einde van die vorige eeu en die begin van hierdie eeu in 'n land soos die V.S.A. baie sterk klem gelê is op desentralisasie en die stigting van departementele biblioteke, die besef tog posgevat het dat dit te ver gevoer kan word en dat die nei= ging vandag meer in die rigting van beheerde desentralisasie is. Heden= daagse bibliotekarisse worstel egter nog steeds met die probleem van hoe om vir die snel groeiende versamelings, veroorsaak deur die ge= weldige toename in die aantal publikasies wat verskyn, en nuwe eise wat ten opsigte van biblioteekgebruik gestel word, voorsiening te maak. Metcalf stel dit duidelik soos volg: „As long as there are universities with large libraries, the question of centralization or decentralization will be a live topic for discussion; and if I am not mistaken, the ques- tion will never be settled permanently one way or the other ... No two universities are alike in their aims, or their educational organization, or their geography or topography. The size of departmental libraries

varies. Financial resources differ. All of these affect the solution of the problem."[76)]

### *2.3.2 Verskillende vorms van departementele biblioteke en versamelings*

Hoewel hierdie groot verskeidenheid van vorms van desentralisasie naas, maar onder beheer van, die sentrale universiteitsbiblioteek bestaan, kan daar tog sekere gemeenskaplike kenmerke uitgesonder word om tussen hulle te onderskei. Daar bestaan talle voorbeelde van desentralisasie op grond van die aard van die materiaal wat afsonderlik gehuisves word, soos seldsame boeke, manuskripte, landkaarte, staatspublikasies, ens., maar vir die doel van hierdie studie word die klem gelê op desentralisa=sie volgens vakgebiede of vir die gebruikers wat bedien moet word.

#### 2.3.2.1 Departementele of laboratoriumversamelings

Gebruiksversamelings van werke wat feitlik daagliks deur lede van studiedepartemente benodig word, is 'n baie algemene verskynsel by moderne universiteite en word gewoonlik in die laboratorium, klas=kamer of die professor se kantoor as „Präsenz"-versamelings gehuis=ves. Hoewel verskillende benamings soos „laboratoriumversamelings", „klaskamerversamelings" of „departementele versamelings" hiervoor

76) METCALF, K.D. (In RUTGERS UNIVERSITY, New Brunswick, N.J., Graduate School of Library Service. Studies in library administrative problems. New Brunswick, N.J., Graduate School of Library Service, 1960. p. 133).

gebruik word, kan hierdie soort versamelings almal beskryf word as enige beperkte versameling boeke wat by 'n studiedepartement saamge=trek word vir direkte gebruik by die studie of navorsing oor 'n sekere vakterrein.

Solank hierdie versamelings klein bly en slegs die noodsaaklike werke bevat, is hulle in wese deel van die departementele of laboratorium=apparaat en lewer hulle min probleme vir die biblioteekadministrasie. Hulle is trouens noodsaaklike handapparaat waar die aard van die na=vorsing en van sekere tipes materiaal daarvoor benodig, sodanig is dat die materiaal ter plaatse beskikbaar moet wees. Die laboratoriumver=sameling staan gewoonlik onder beheer van die professor van die be=trokke departement of 'n personeellid aan wie hy die taak opdra. Die materiaal behoort deur die sentrale biblioteek aangekoop en gekatalo=giseer te word, ontvang die eiendomsmerk van die biblioteek en word in die biblioteekkatalogus verantwoord. Omdat die laboratoriumversa=meling nie vrylik vir ander gebruikers toeganklik is nie, is dit wenslik dat dit duplikate moet bevat van dié werke wat ook van tyd tot tyd in die sentrale biblioteek benodig mag word.

Wanneer laboratoriumversamelings te groot word, kan die neiging mak=lik ontstaan om hulle uit te bou tot departementele biblioteke en kan hul=le verhouding tot die sentrale biblioteek probleme oplewer.[77] Wat die boekemateriaal in laboratoriumversamelings betref, is dit redelik mak=

77) Volgens Randall en Goodrich behoort so 'n versameling uit van 50 tot 200 boeke te bestaan. RANDALL, W. M. en GOODRICH, F. L. D. Principles of college library administration. 2nd ed. Chicago, A. L. A., 1941. p. 212.

lik om vas te stel watter werke daar benodig word, en deur gereelde oor=legpleging tussen die universiteitsbibliotekaris en die departementshoof kan gesorg word dat die werke in die versameling tot die noodsaaklike beperk word en dat verouderde werke na die sentrale biblioteek terug=gestuur word.

Tydskrifreekse lewer egter groter probleme op, veral in die natuurwe=tenskappe, waar navorsers tot 'n groot mate op die inligting in tydskrif=artikels aangewys is. Hier is die gebruik dan ook by baie universiteits=biblioteke om volledige tydskrifreekse wat hoofsaaklik deur 'n bepaalde studiedepartement gebruik word, vir gebruik in die betrokke laborato=riumversameling te plaas. Die voorvereiste is hier weer dat die betrok=ke tydskrif slegs in uitsonderlike gevalle deur ander gebruikers benodig sal word. Omdat die ruimte in die geboue van studiedepartemente dik=wels beknop is, verkies hulle dit dikwels dat die ouer nommers van 'n tydskrif in die sentrale biblioteek gehuisves word en die jongeres in die laboratorium.

Omdat daar nie in die laboratoriums nodige gebruiksfasiliteite bestaan nie, behoort daar nie alleen ten opsigte van die keuring van hierdie tydskrifmateriaal wat oorgeplaas word nie, maar ook die toeganklik=heid daarvan, duidelike riglyne neergelê te word. In die meeste ge=valle is daar nie slegs vir die navorser noodsaaklike inligting in 'n tydskrifreeks vervat nie, maar ook vir die dosent en student, en moet daar voorsorg getref word dat die materiaal ook vir studie toeganklik sal wees. Daar behoort dus 'n reëling te bestaan dat 'n gebruiker enige werk uit 'n laboratoriumversameling desnoods deur middel van die sen=trale biblioteek ter insae kan kry. Ten opsigte van tydskrifmateriaal kan hier met vrug van fotokopiëringsfasiliteite gebruik gemaak word.

Naas boeke en tydskrifte heg navorsers groot waarde aan die onmiddel= like beskikbaarheid van publikasies soos oordrukke, tegniese verslae en selfs beskrywende reklamepamflette van tegniese aard, en word hierdie soort literatuur dikwels in laboratoriumversamelings aangetref. Uit die aard van die saak is dit die soort publikasies wat gewoonlik nie doeltref= fend deur die omvattende universiteitsbiblioteek versamel en ontsluit kan word nie, terwyl dit juis vir die navorser wat direkte belang by die inhoud daarvan het, absoluut noodsaaklik is. Waar die inligting in boeke en tydskrifte deur middel van die biblioteekkatalogus, gepubliseerde bibliografieë en indekse ontsluit word, bestaan daar by die navorser 'n behoefte aan 'n ontsluitingsmedium ten opsigte van hierdie materiaal. Die gevolg is dat daar oral by departemente met dergelike versamelings allerlei vorme van indekse en katalogi vir hierdie materiaal ontstaan, waarvan die doeltreffendheid dikwels ontbreek as gevolg van die gebrek aan kennis van bibliografiese en indekseringsmetodes by die samestel= lers daarvan.

Dit is belangrik dat die universiteitsbiblioteek van dergelike behoeftes kennis sal neem, want sodra die lede van 'n studiedepartement hulle met bibliografiese werk ten opsigte van 'n laboratoriumversameling begin besig hou, bestaan die gevaar dat die grense van die oorspronklike doel en funksies van die versameling oorskry word en dat dit in die rig= ting van 'n departemente biblioteek ontwikkel. Dat enige wetenskaplike egter vir homself die een of die ander vorm van indeks opbou, is aan= bevelingswaardig en gebruiklik, en wanneer dit deur die navorsers in 'n departement vir eie gebruik gedoen word, kan daar niks teen ingebring word nie. Wanneer dit egter op 'n groter skaal aangepak word, omdat die universiteitsbiblioteek nie kennis dra van bepaalde bibliografiese behoeftes nie en sy plig versuim ten opsigte van bibliografiese diens=

lewering, skep hyself die klimaat vir die ontstaan van onafhanklike de= partementele biblioteke en eise van dosente en navorsers in hierdie verband. Omdat baie tuisgemaakte indekseringstelsels ontstaan omdat wetenskaplikes nie voldoende kennis dra van bestaande bibliografiese apparaat nie, of die beskikbaarstelling daarvan nie doeltreffend is nie, moet die universiteitsbiblioteek van sy kant sorg dra dat al sy gebruikers op hoogte gebring word van die bestaande bronne en hulle gebruik.

Universiteitsbibliotekarisse opper dikwels die klag dat laboratorium= versamelings soms uitgebou word om suiwer selfsugtige gerieflikheids= redes aan die kant van wetenskaplikes. Wanneer dit gebeur en hulle groei onbeheersd toegelaat word, skep dit 'n chaos van 'n aantal onkon= troleerbare departementele versamelings, sonder behoorlike gebruiks= fasiliteite, waaroor die universiteitsbiblioteek min beheer het. In Suid-Afrika het hierdie ontwikkeling by sommige universiteite plaasgevind hoofsaaklik omdat die grootte van die universiteitsbiblioteke se ver= samelings nie die stigting van volwaardige departementele biblioteke geregverdig het nie en die universiteitsgeboue hoofsaaklik op een kam= pus gesentraliseer is, maar omdat wetenskaplikes nogtans hulle publi= kasies in hulle eie geboue gerieflik byderhand wil hê.

Aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. het die senaat in 1968 na aanleiding van 'n opname van akademiese aangeleenthede[78)] die nood= saaklikheid van die bestaan van laboratoriumversamelings beklemtoon vanweë die aard van navorsing en sekere tipes materiaal daarvoor be=

78) POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O. Opname van akade- miese aangeleenthede 1965-1966 : Die Universiteitsbiblioteek. Potchefstroom, Ferdinand Postma-Biblioteek, 1968. p. 13-14.

nodig, „met dien verstande dat die Universiteitsbibliotekaris sodanige materiaal streng sal keur om te voorkom dat die versamelings geleide= lik in departementele biblioteke sal ontwikkel". Hierdie uitspraak hou nie in dat die Universiteit die bestaan van departementele biblioteke onvoorwaardelik veroordeel nie (daar bestaan trouens reeds volwaardige takbiblioteke van die Universiteitsbiblioteek), maar omdat daar verskeie faktore ten opsigte van die bevordering van biblioteekgebruik en die aard van die versameling met die oog op desentralisasie oorweeg moet word, is departementele versamelings nie noodwendig die voorloper van depar= tementele biblioteke in die ontwikkelingsgang van 'n universiteitsbiblio= teek nie, en lê die oplossing ten opsigte van die desentralisasie van 'n universiteitsbiblioteek moontlik in 'n ander rigting as die streng afge= bakende departementele biblioteek. As gebruiksversameling en hand= apparaat word die departementele versameling se bestaansreg wel er= ken, al sou daar ook in ander opsigte sterk gedesentraliseer word.

Om te verseker dat die laboratoriumversamelings nie onbeheersd groei of ontoeganklik raak vir ander gebruikers nie, het die Senaat die vol= gende voorwaardes vir hulle bestaan aanvaar: Die materiaal moet vir alle gebruikers van die Biblioteek beskikbaar bly; die versameling moet onder beheer van 'n dosent wat deur die departementshoof aangewys word, staan en moet onder sy persoonlike toesig gebruik word; materiaal word nie direk uit die versameling uitgeleen nie, maar slegs deur mid= del van die sentrale biblioteek; die Universiteitsbibliotekaris het volle beheer oor die versameling, en sy personeel moet te eniger tyd toegang daartoe hê; die publikasies moet bymekaar in een lokaal gehuisves word.

Hierdie maatreëls moet nie gesien word as negatiewe beheermaatreëls

nie, maar eerder as die plig van die universiteitsbibliotekaris wat moet toesien dat ook die departementele versamelings ten volle benut word, want soos Branscomb dit uitdruk: „Such a responsibility is also to his interest as librarian, for lacking such oversight, the collections are always liable to sudden attacks of gigantism, turning overnight into conventional departmental libraries requiring enlarged housing, supervision, and other expenditures."[79)]

2.3.2.2 Departementele biblioteke, takbiblioteke en kollegebiblioteke vir een vakterrein of onderwerp

2.3.2.2.1 Definisie

Daar bestaan so 'n wye verskeidenheid van departementele, tak- en kollegebiblioteke in die verskillende situasies aan universiteite dat dit moeilik is om te veralgemeen en 'n algemeen geldende definisie vir al=mal te vind. In die literatuur oor die onderwerp word dan ook telkens na die situasie wat aan die betrokke skrywer bekend is, verwys en sodoende vind daar 'n mate van verwarring tussen die benaminge van hierdie soort gedesentraliseerde biblioteke plaas. 'n Baie vroeë defini=sie van die departementele biblioteek is dié van Baker in 1898:

79) BRANSCOMB, H. Teaching with books. Shoe string press, 1964. p. 146.

„Departmental libraries are collections of books, usually looked upon as a part of the general book stock of the institution, selected for the special use of a department, and usually kept in a convenient place in the building or section of the building devoted to that department."[80] Baker se definisie maak egter geen melding van die administratiewe verhouding van die departementele biblioteke tot die sentrale biblioteke nie, wat juis die probleem is waarna Randall en Goodrich in hulle de= finisie spesifiek verwys, wat soos volg lui: „A departmental library is a collection of books pertaining to the work of a single academic depart- ment, and housed separately from the general book collections of the institution. Departmental libraries are a fruitful source of contention between professor and librarian. The latter desires a concentration of library materials and a centralized administration."[81] Wanneer hy die onderskeid tussen 'n departementele biblioteek en 'n kollegebiblioteek probeer aandui, maak Hausdorfer van hierdie definisie van Randall en Goodrich gebruik: „... the (professional college or school library) is generally recognized as covering a much wider field, as having a larger and more varied group of materials, and as providing information with a view to its value later in the practice of a profession. The (depart- mental library) is a 'collection of books pertaining to the work of a single academic department', such as chemistry, history, or mathematics, physically separate but inherently a part of the general collection covering the broader phases of science and the humanities."[82] By hierdie defi=

80) BAKER, G.H. Relation of seminar and departmental libraries to the general university library. Library journal 23 : 103, 1898.

81) RANDALL en GOODRICH, op. cit., p. 203.

82) HAUSDORFER, W. Professional school and departmental libraries. New York, Special Libraries Association, 1939. p. 1.

nisie moet die tipies Amerikaanse verskynsel van „professional schools" of „colleges" aan die universiteit, waar opleiding vir sekere beroepe gegee word, in gedagte gehou word. Dit is vergelykbaar met die Mediese Skole aan die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad of die skole vir argitektuur, biblioteekkunde, ens. aan laasgenoemde univer= siteit. Hoewel departementele en kollegebiblioteke in omvang van mekaar verskil, is daar wat hulle administrasie betref tog groot ooreenkoms, en Wilson en Tauber beskryf hulle soos volg: „Although these types may be similar administratively, it may be well to define what is meant by each. Generally speaking, a departmental library (sometimes called a branch library) is a collection of books and other materials attached to a department of instruction which forms part of a college administration ... A professional school library (also called a 'collegiate' or 'college' library) in a university library system is a collection of books related to the work of the particular school or college and administered either separately by the school or college or as a part of the university library system."[83)]

Waar daar dus verder in hierdie studie van „takbiblioteke" gepraat word, word daarmee bedoel biblioteke wat deel uitmaak van die biblio= teekdiens van die universiteit, wat onder beheer van die universiteits= bibliotekaris staan en deur biblioteekpersoneel beman word, wat adminis= tratief aan die universiteitsbiblioteek verbonde is en uit die biblioteek= toelaag of universiteitsgeld gefinansier word. Die mate van interne be= dryfselfstandigheid wat 'n takbiblioteek mag beklee, hang af van sy

83) WILSON, L.R. <u>en</u> TAUBER, M.F. The university library. 2nd ed. New York, Columbia, 1956. p. 149.

grootte, die aard van sy diens en ander plaaslike faktore, waaronder by= voorbeeld sy geografiese ligging, en verskil van biblioteek tot biblioteek en van universiteit tot universiteit.

### 2.3.2.2.2 Historiese ontwikkeling

Mediese takbiblioteke en regstakbiblioteke het tradisioneel vanweë die aard van hulle materiaal 'n groot mate van onafhanklikheid geniet, maar omdat ander wetenskappe vandag ook van die materiaal op hulle vakge= biede benodig, is dit 'n vraag of hulle hierdie spesiale posisie regverdig. Afgesien van die belangrike geografiese faktor ten opsigte van mediese takbiblioteke, waar die mediese fakulteit gewoonlik by 'n hospitaal, en dus in die reël nie op die kampus nie, gehuisves is, is daar geen rede waarom die stigting van mediese en regstakbiblioteke nie op grond van dieselfde oorwegings as dié vir ander vakgebiede moet geskied nie.

Hoewel dit duidelik is dat takbiblioteke aan verskillende universiteite onder die dwang van die bestaande situasie ontstaan en ontwikkel word in 'n poging om sekere leemtes in die bestaande biblioteekdiens te pro= beer aanvul kan hulle historiese ontwikkeling in sommige gevalle terug= gevoer word na die bestaan van seminaarbiblioteke en instituutsbiblioteke in die negentiende en begin van die twintigste eeu.[84] Legg probeer 'n lyn van ontwikkeling in die universiteitsbiblioteekwese aandui wanneer sy beweer: „Many of the departmental libraries of universities have developed, and continue to develop, from office collections. Further

84) THOMPSON, op. cit., p. 63.

evolution appears to be in the direction of the consolidation of departmental units into large units covering broad subject areas."[85]
McAnally wys daarop dat hoewel die stelsel van takbiblioteke sekere gebreke het, dit nie gou heeltemal van die toneel sal verdwyn nie. Nogtans is dit nog nie oral ten volle ontwikkel en doeltreffend in wer=king gestel nie. Hy vervolg: „Departmental libraries have frequently come about through pressures and chance rather than through policy and longterm planning, with the result that the development of the various subject fields often is unequal and that proper co-ordination of the different units is lacking."[86)]

Thompson herlei die ontstaan van takbiblioteke in die V.S.A. tot die seminaarmetode van onderrig aan die einde van die vorige eeu.[87)]
Die stelsel is soms so onoordeelkundig toegepas dat die Universiteit van Missouri, byvoorbeeld, in 1900 dertigduisend boeke, wat in vyftien verskillende biblioteke gehuisves was, besit het, en dat Charles H. Brown in 1930 aanbeveel het dat geen departementele of kollegebiblio=teke gestig moes word waar die jaarlikse boeketoelaag minder as $100 000 per jaar bedra het nie.[88)]

Net soos in die geval van seminaar- en instituutsbiblioteke het takbiblio=teke dikwels ontstaan as gevolg van geldskenkings aan die betrokke de=

85) LEGG, Jean. The death of the departmental library. Library resources and technical services, 9 : 351, 1965.

86) McANALLY, A. M. Co-ordinating the departmental library system. Library quarterly 21 : 113, 1951.

87) THOMPSON, op. cit., p. 65-66.

88) THOMPSON, op. cit., p. 66.

partemente in plaas van aan die sentrale biblioteek, of wanneer 'n professor sy persoonlike boekery aan die departement bemaak het. Gebrek aan ruimte in die ondoeltreffende biblioteekgeboue het verder veroorsaak dat universiteitsbibliotekarisse die stigting van takbibliote= ke aangemoedig het. In die V.S.A. het die neiging om boeke weg te keer van die stampvol sentrale biblioteekgeboue tot in die twintiger jare voort= bestaan, waarna die meeste universiteite ruim nuwe geboue opgerig het. Hierdie suiwer fisiese oorweging (wat vandag as gevolg van kompakte of sentrale berging van boeke nie meer so sterk geld nie) is verder onder= steun deur die argumente en vertoë van dosente ten gunste van die per= soonlike diens en gerief in die meer intieme kring van 'n kleiner tak= biblioteek.

Thompson haal die voorbeeld van die takbiblioteke van die Universiteit van Chicago aan om te toon watter chaos daar soms kan bestaan ten op= sigte van 'n gebrek aan eenvormigheid in katalogisering en klassifikasie, duplisering en selfs die verspreiding van dele van dieselfde stel boeke in verskillende takbiblioteke.[89] Waar daar dus aanvanklik vir elke depar= tement 'n afsonderlike takbiblioteek was, is dit spoedig besef dat die versamelings van verskillende verwante vakke in een gesamentlike tak= biblioteek saamgetrek moes word en dat desentralisasie alleen doeltref= fend kan wees indien dit alle moontlike gebruikers in ag neem en die ongerief van die wetenskaplike tot die minimum beperk.

Daar is reeds baie vroeg gewys op die nadele van hierdie vorm van de= sentralisasie, soos die onkoste verbonde aan die aankoop van duplikate

89) THOMPSON, op. cit., p. 68.

en die onderhoud van meer as een biblioteek.[90] Namate die stelsel pos=gevat het, het ook die leemtes van takbiblioteke sonder behoorlike voor=afbeplanning en administratiewe beheer duidelik geword en in 1927 sê Works reeds: „There seems to be a well-defined movement under way that is designed to make for a centralization of library service in universities. This does not necessarily mean that there will be a consolidation of the printed resources in a central library building. Rather it is a movement that is designed to place the responsibility for handling the library resources in the hands of the librarian. The tendency seems to be away from small and relatively inaccessible collections toward larger and readily available collections. An organization of this kind calls for a close cooperation in its development between the library staff and the faculty."[91]

Op daardie stadium was talle takbiblioteke in die V.S.A. nog heeltemal onafhanklik van die sentrale universiteitsbiblioteek geadministreer en was hulle versamelings in baie gevalle nie in die sentrale biblioteek=katalogus opgeneem nie.

In die daaropvolgende jare is die waarheid van Works se stelling bewys Die getal onafhanklike biblioteke het verminder, sentrale katalogi is verbeter, sentrale aanskaffing is toegepas en opgeleide personeel is in takbiblioteke benoem.[92] Maar tog was die stelsel van takbiblioteke

90) BISHOP, W. W. The problem of the departmental system in university libraries. Library journal 26 : 15, 1901.

91) WORKS, G. A. College and university library problems. Chicago, A. L. A., 1927. p. x.

92) DANTON, op. cit., p. 58.

deeglik gevestig omdat hulle bestaansreg histories verseker was as ge=volg van plaaslike omstandighede en tradisie. Thompson wys daarop dat daar destyds die neiging bestaan het om die gebreke van die stelsel van departementele biblioteke te verhelp sonder om dit geweld aan te doen.[93] Gevolglik was die eerste stap om die verskillende takbiblioteke onder die sentrale beheer van die universiteitsbibliotekaris te bring. Naas beter behuisingsfasiliteite was die verbetering van tegniese dienste 'n belang=rike faktor om sentralisasie te bewerkstellig, en nuwighede in Amerikaan=se biblioteke soos vrye toegang tot die boekemagasyne, verbeterde inter=biblioteekleningsdienste, aangename studiefasiliteite, ens. het waarskyn=lik daartoe bygedra om gebruikers na die sentrale biblioteek te lok. Die gebruiker verlang dat daar genoeg boeke moet wees om aan sy behoeftes te voldoen, dat hy gerieflike toegang daartoe moet hê en dat die biblio=teek doeltreffend beheer moet word,[94] en waar die universiteitsbiblio=teek dit nie deur middel van sy sentrale biblioteek kan voorsien nie, kan hy van takbiblioteke gebruik maak om sy diens te verbeter.

Die bestaan van die Duitse stelsel van instituutsbiblioteke kan miskien juis daaraan toegeskryf word dat die universiteitsbilioteke in gebreke gebly het om hierdie dienste te lewer en die wetenskaplike toe self voor=siening moes maak vir biblioteekfasiliteite wat vir hom ideaal was. Danton wys daarop dat die verskil tussen die Duitse en die Amerikaanse universiteitsbiblioteekwese in die breë beleid van die inrigting geleë is, waar alle groot universiteite boekeversamelings het wat geografies nie

93) THOMPSON, op. cit., p. 69.

94) WILDES, K. L. What the college or institution expects of its departmental libraries. Special libraries 27 : 53-55, 1936.

deel van die sentrale biblioteek uitmaak nie, en waar elke versameling deur die departement of instituut wat daarby belang het as die biblioteek beskou word waardeur in sy biblioteekbehoeftes voorsien kan word. Hy verklaar dan verder: „The best policy is the one which makes possible to a maximum degree the closeness of this relationship (of man and book), consistent with the interests of all - and with the most effective use of university funds."[95] Die Duitse en Europese stelsel van insti= tuutsbiblioteke, wat wel vir die geleerde die boeke gerieflik byderhand voorsien, is dus as gevolg van die gebrek aan koördinasie en duplisering nie in belang van die hele universiteit of ekonomies nie. Daarteenoor hou die Amerikaanse uitgangspunt van 'n „universiteitsbiblioteekdiens" in dat die verskillende takbiblioteke gekoördineer en geïntegreer word om onekonomiese en onnodige duplisering uit te skakel, om die totale boekevoorraad in belang van die hele universiteit aan te wend, en om die gebruik van hierdie boekevoorraad deur die hele universiteitsge= meenskap te verseker.[96]

Dit wil egter nie sê dat die Amerikaanse stelsel van takbiblioteke son= der gebreke is en die oplossing vir alle toekomstige tye bied nie. Dit lê op die weg van die bibliotekaris om gedurig in voeling te bly met die nuwe eise wat aan 'n biblioteekdiens gestel word om hom daarby te kan aanpas en sy bestaande dienste en organisasie so te hervorm dat dit voortdurend doeltreffend sal bly. Waar die Suid-Afrikaanse universiteits= biblioteekwese baie sterk invloed ondergaan het van dié van die V.S.A. moet hy nie alleen kennis neem van nuwe ontwikkelings aldaar nie, maar

95) DANTON, op. cit., p. 61.

96) DANTON, op. cit.

is hy verplig om plaaslike omstandighede voortdurend onder oë te hou, om ook daarby aan te pas.

Die ontwikkelingsgang van die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek kan naamlik tot 'n baie groot mate as 'n miniatuurbeeld van sy veel groter Amerikaanse eweknie beskou word. Aan die Universiteit van Kaapstad, die oudste Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek, was die posisie in 1900 „that though the College was spending more on books for departments, it was clearly realized that this was quite inadequate. For some years to come, however, the College authorities did not see their way clear to bearing the expense of a central library."[97] In 1905 is 'n sentrale universiteitsbiblioteek gestig en in 1920 is die eerste vol=tydse universiteitsbibliotekaris aangestel (ook die eerste een in Suid-Afrika). In 1928 is die Mediese Takbiblioteek gestig en Immelman wys op die verligting wat dit ten opsigte van ruimte in die oorvol sentrale biblioteekgebou gebring het.[98] Die rede vir die stigting van verdere takbiblioteke aan hierdie Universiteit (naamlik die vir Regte, Musiek, Argitektuur, Opvoedkunde en die Hiddingh Hall-Biblioteek) kan hoof=saaklik aan die geografiese verspreidheid van die universiteitsgeboue toegeskryf word, en aan die gebrek aan ruimte op die kampus wat ver=hinder dat die sentrale biblioteekgebou so uitgebrei kan word om al die boeke in die takbiblioteke ook te huisves.[99]

97) IMMELMAN, R. F. M. The library of the University of Cape Town. Cape Town, University of Cape Town Libraries, 1956. p. 17.

98) IMMELMAN, op. cit., p. 39.

99) IMMELMAN, R. F. M. The relationship of branch libraries to the administrative headquarters in a university library. Suid-Afrikaanse biblioteke 35 : 11, 1967.

Terwyl die bestaan van takbiblioteke van die universiteitsbiblioteke ook in Suid-Afrika 'n algemene verskynsel is, het plaaslike omstandighede veroorsaak dat die beweegredes vir hulle stigting van plek tot plek ver= skil. Net soos in die geval van die Universiteit van Kaapstad, het die Universiteit van die Witwatersrand boeke versamel nog voor dit 'n sen= trale biblioteek gehad het. Na die stigting van 'n sentrale universiteits= biblioteek was die idee van desentralisasie reeds so diep gewortel dat, ten spyte van die universiteit se kompakte kampus, takbiblioteke bly voortbestaan het en as natuurlike verskynsel beskou is.[100)]

Aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. is sentralisasie tot in 1962 streng toegepas, veral omdat die relatiewe klein boekevoorraad, wat na 'n brand in 1949 van nuuts af opgebou moes word, nie versplin= tering regverdig het nie. Daarna is daar oorgegaan tot die stigting van 'n Teologiese Biblioteek en 'n Musiekbiblioteek as takbiblioteke met die geografiese ligging van die afdelings wat hulle moes bedien as belang= rikste beweegrede. Die Teologiese Biblioteek het verder dié voordeel ingehou dat die bestaande versamelings van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk en die teologiese afdeling van die universiteits= biblioteek hierdeur geamalgameer kon word tot voordeel van die gebrui= kers wat voorheen twee biblioteke moes besoek. In die geval van die musiekbiblioteek was die aard van die materiaal (plate, partiture, ens.) ook 'n belangrike oorweging, net soos dit ook by ander universiteite soos dié van Kaapstad en Pretoria die geval was. (Die takbiblioteek vir

100) PERRY, J.W. Centralisation versus desentralisation in a university library. (In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Jaarlikse Konfe- rensie 1966. Afdeling vir Universiteits- en Spesiale Biblioteke. Referate. Potchefstroom, S.A.B.V., 1966. p. 54).

musiek is vlak by die sentrale universiteitsbiblioteek op die kampus van die Universiteit van Pretoria gehuisves.)

Daar bestaan 'n groot mate van sentrale beheer oor takbiblioteekstel= sels aan Suid-Afrikaanse universiteite, hoewel daar verskille is ten opsigte van die sentralisering of desentralisering van sake soos aanskaf= fing, katalogisering of klassifikasie. In enkele gevalle, soos by die Universiteit van Kaapstad, het die grootte van die versameling, of lie= wer die gebrek aan ruimte in die bestaande gebou, die stigting van tak= biblioteke verhaas, maar origens was dit hoofsaaklik aan geografiese of doeltreffendheidsredes te wyte. Met die snelle toename in die omvang van die boekeversamelings het die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblio= teek egter nou op die punt gekom waar hy metodes moet implimenteer om die veel groter aantal gebruikers doeltreffend te bedien. Omdat die vraagstuk oënskynlik in 'n meerdere of 'n mindere mate deur desentra= lisasie van die biblioteekdiens opgelos sal moet word, kan die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteekwese met vrug put uit die ondervin= ding van veral die Amerikaanse universiteitsbiblioteke, waar die stel= sel van takbiblioteke tot sy volle ontplooiing gekom het en aangepas moes word om in 'n situasie van steeds groter wordende gebruikersgetalle en boekevoorrade te voldoen. Met gebruikmaking van hierdie ondervinding in die V.S.A. kan die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke jare spaar deur nie die takbiblioteke individueel en na die eise van alleen plaaslike behoeftes te laat ontwikkel nie, maar deur vroegtydig te beplan en te koördineer waar nodig. Dit sou dwaas wees om voort te gaan om 'n tak= biblioteek te stig elke keer wanneer 'n studiedepartement daarop aan= dring, sonder om die breë opvoedkundige beleid en die gesamentlike belang van alle departemente van die universiteit in ag te neem.

Om hierdie rede het die Senaat van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. in 1968 besluit om op daardie stadium van sy biblioteek se ont=wikkeling so ver as moontlik te sentraliseer en voorlopig alle aandag en geldelike middele op die uitbou van 'n verteenwoordigende en doelmatige versameling studiemateriaal moet toespits. Wanneer die Biblioteek sy optimum grootte bereik en/of die omvang van die studiemateriaal en dienste op bepaalde wetenskapsterreine dit regverdig, sal, afhangende van faktore soos die aard van die vakke, die afstand van die sentrale biblioteek, ens., oorweging geskenk word aan die stigting van takbiblio=teke vir verwant vakgroepe. Dit word verder bepaal dat alle takbiblioteke onder die beheer van die Universiteitsbibliotekaris sal staan en aanskaf=fing en voorbereiding van studiemateriaal sentraal gedoen sal word. Af=sonderlike biblioteke of versamelings studiemateriaal sal ook nie sonder oorlegpleging met die Universiteitsbibliotekaris en die verlof van die Senaat en die Raad uitgebou word nie.[101)] Op hierdie wyse word verse=ker dat desentralisasie bepland en met behoorlike oorlegpleging tussen die Universiteitsbibliotekaris, departementshoofde en die universiteits=owerhede sal plaasvind.

2.3.2.2.3 Organisasie en administrasie

Uit die bespreking van die historiese ontwikkeling van takbiblioteke is dit duidelik dat daar groot verskille in die organisasie en in die verhou=ding van takbiblioteke tot die sentrale biblioteek verwag kan word. Ge=woonlik kom dit neer op die bestaan van 'n stelsel van onderwerpstak=

101) POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O., op. cit., pp. 12-16.

biblioteke met 'n sentrale biblioteek wat voorsiening maak vir vakgebiede wat nie in die takbiblioteke gedek word nie en die voorraad en diens van die takbiblioteke aanvul. Die sentrale biblioteek is gewoonlik in funk= sionele departemente verdeel en sy versamelings volgens die aard van die materiaal gerangskik, en hy dien ook as bergplek vir verouderde of mingebruikte materiaal uit die takbiblioteke.

Die bibliotekaris van die takbiblioteek is gewoonlik aan die universiteits= bibliotekaris verantwoordelik, sommige direk en andere deur 'n senior personeellid in die sentrale biblioteek wat spesiaal met die verantwoor= delikheid vir takbiblioteekdienste belas is. In groot universiteite word die beheersbestek soms te wyd vir 'n enkele persoon en geniet takbiblio= tekarisse 'n groot mate van selfstandigheid. Die Universiteit van Harvard se biblioteek, wat uit ongeveer negentig eenhede bestaan, is 'n goeie voor= beeld hiervan en die universiteitsbibliotekaris vervul hier die rol van „influential counselor rather than direct administrator."[102] By hier= die universiteit word hulle stelsel van takbiblioteke as gekoördineerde desentralisasie bestempel.

Oor die algemeen word so ver as moontlik aan opgeleide biblioteekper= soneel in die takbiblioteke voorkeur gegee, met spesiale kennis van die betrokke vakgebied as 'n baie sterk aanbeveling. Die vereistes ten op= sigte van kwalifikasies en diensvoorwaardes soos benoeming, salaris en werkure word gewoonlik in ooreenstemming gebring met gelyke poste in die sentrale biblioteek. Die takbibliotekaris en sy personeel is ver=

102) BRYANT, D.W. Centralization and dezentralization at Harvard. (In Centralization and decentralization in academic libraries: A symposium. College and research libraries 22 : 330, 1961).

antwoordelik vir die sukses van hulle takbiblioteek en om dit te bereik moet hulle aandag skenk aan administrasie, naslaanwerk, boekkeuring, kontak met dosente, studente en navorsers. 'n Gebalanseerde personeel=besetting van professionele en klerklike poste is dus in die takbiblioteek van net so veel belang as in die sentrale biblioteek. Dit sou egter van=weë die wye verskeidenheid van takbiblioteke wat onder verskillende omstandighede funksioneer, onmoontlik wees om standaarde ten opsigte van die aantal biblioteekpersoneellede in takbiblioteke vas te stel. Sake wat hierby in ag geneem moet word is dienstye, aantal gebruikers wat bedien moet word, grootte van die versameling, aard van die diens wat gelewer word, mate van sentralisasie ten opsigte van tegniese voorbe=reiding, ens. Terwille van eenvormigheid in die biblioteekdiens is dit noodsaaklik dat die personeel in takbiblioteke op hoogte van verwikke=linge in die sentrale biblioteek en ander takbiblioteke gehou moet word deur middel van omsendbriewe, samesprekings en gesamentlike per=soneelvergaderings.

Terwille van die uitskakeling van duplisering en kostebesparing is ge=vind dat sentrale aanskaffing so ver as moontlik toegepas moet word. Die dosente en navorsers word egter soveel moontlik by die keuring van materiaal betrek, en hier kan veral die takbibliotekaris met sy besondere kennis van die versameling en die vakgebied belangrike hulp=diens lewer. Wat die katalogisering en klassifikasie van boeke betref is daar groot verskille in die praktyk, afhangende van die omvang en die aard van die materiaal in die takbiblioteek en die mate van selfstandig=heid wat die takbiblioteek geniet. By die biblioteke van die Universiteit van Kaapstad katalogiseer elke biblioteek byvoorbeeld sy eie boeke, maar die voorlopige katalogusstrokies word terwille van eenvormigheid

deur die hoofkatalogiseerder gekontroleer. Die waarde van 'n gesament=like katalogus word oral by biblioteke met 'n stelsel van takbiblioteke besef, veral met die oog op doeltreffende ontsluiting vir die gebruiker en die uitskakeling van onnodige duplisering by die bestelling van boeke.

2.3.2.2.4 Dienslewering

In sy dienslewering aan gebruikers val die klem in die takbiblioteek baie sterk op inligtings- en naslaandiens, veral aan wetenskaplikes en gevorderde studente. Om duplisering van titels vir voorgraadse gebruik te beperk, word dikwels gebruik gemaak van reservering. Vanweë die groot aantal dienspunte in 'n stelsel van takbiblioteke en die kleiner aantal personeellede wat in een takbiblioteek werk, is die ure wat die takbiblioteek vir gebruikers oop is gewoonlik minder as dié in die sen=trale biblioteek.

Afgesien van die ander voor- en nadele van takbiblioteke (wat in hoofstuk 4 vollediger behandel word) lê 'n belangrike beswaar juis in hulle ge=brekkige dienslewering aan voorgraadse studente. Vir gevorderde stu=dente, dosente en navorsers skep hulle ideale biblioteekfasiliteite, mits hulle oor genoeg bronne beskik, personeel met vak- en professionele kennis het, doeltreffend met mekaar koördineer en doeltreffend beheer word. Terwyl daar egter vir die voorgraadse student voorsiening ge=maak word vir 'n breë opleiding wat oor verskillende vakgebiede strek, word van hom verwag om ook werke oor verskillende onderwerpe te raadpleeg. Deur hom te dwing om van verskillende kleiner takbibliote=ke gebruik te maak, word hy nie alleen verontrief en ontmoedig nie, maar ook verwar. Hierdie beswaar het veral aanleiding gegee tot po=

gings om volgens 'n ander verdeling spesiale voorsiening vir voorgraadse studente te maak, dikwels met behoud van die takbiblioteke vir gevorder= de studente en navorsers.

### 2.3.3 *Voorgraadse biblioteke*

Die voorsiening van voorgraadse biblioteke in 'n aparte gebou is 'n baie resente verskynsel aan die moderne universiteit. Die eerste voorbeeld van hierdie vorm van desentralisasie is die Lamont-Biblioteek aan die Universiteit van Harvard, wat in 1949 in die lewe geroep is. In die V.S.A. word dit tans algemeen aanvaar as 'n beginsel, terwyl dit in Engeland groot belangstelling geniet, alhoewel dit nog nie in die praktyk toegepas word nie.[103] Spesiale aandag aan biblioteekvoorsiening vir voorgraadse studente is egter nie 'n nuwe gedagte nie en deur die jare is gepoog om in hulle behoeftes te voorsien deur middel van die reser= vering van boeke, afsonderlike leeskamers, klaskamerversamelings, ens. In die twintigste eeu het spesiale voorsiening vir die behoeftes van voorgraadse studente veral aktueel geword omdat die biblioteekversa= melings vir die gebruiker onhanteerbaar groot geword het en daar veral klem gelê is op die aanskaffing van materiaal met die oog op navorsing, d.w.s. ten behoewe van die nagraadse student. Daarby speel toene= mende studentetalle, gebrek aan ruimte in bestaande geboue en werk= like besorgdheid oor voorgraadse opleiding 'n groot rol by die stigting

103) MOSS, M.W. Library service for undergraduates (In SAUNDERS, W. L. The provision and use of library and documentation services. Oxford, Pergamon, 1966. p. 85).

van voorgraadse biblioteke.[104] Op 'n tydstip toe dit vir die voorgraadse student aan die groot Amerikaanse universiteit vanweë die genoemde fak= tore moeilik geword het om die biblioteek te gebruik, is daar as gevolg van nuwere onderrigsmetodes juis van hom verwag om die biblioteek meer intensief te gebruik om gehoor te gee aan die eise van dosente om breër te lees as die gebruiklike handboeke en gereserveerde boeke.[105]

Volgens die patroon wat die stigting van afsonderlike voorgraadse biblio= teke in die V.S.A. gevolg het, blyk dit duidelik dat die grootte van die sentrale biblioteek se versameling, en sy gevolglike sielkundige ontoe= gauklikheid vir die voorgraadse student, die deurslaggewende faktor was. Daarby het dit vir die biblioteekowerhede die voordeel dat die versame= ling en gebruikers in kleiner beheerbare eenhede verdeel word.[106] Die aspek van die grootte van die biblioteek verklaar waarom die voorgraad= se biblioteek juis in die V.S.A. met sy reuse universiteitsbiblioteke sy beslag gekry het, want die biblioteke wat hierdie stelsel toepas, bv. dié van Harvard, Michigan, Suid-Carolina, Indiana, Cornell en Texas, het almal versamelings van meer as 'n halfmiljoen boekdele. Kuhn se stand= punt in hierdie verband is dan ook: „ ... there is little quarrel with a sizable seperate collection such as Lamont for a larger university such as Harvard; it is questionable mostly for smaller institutions with

104) KUHN, W.B. Undergraduate libraries in a university. Library trends, 18 : 188, 1969.

105) BRADEN, Irene A. The undergraduate library. Chicago, A.L.A., 1970. pp. 1-2.

106) MULLER, R.H. The undergraduate library trend at large universities. (In Advances in librarianship, vol. 1. New York, Academic press, 1970. p. 114).

libraries of less than a half million volumes."[107] Wanneer Dix na die biblioteek van die Rice Universiteit met 'n versameling van 225 000 bande verwys, sê hy: „... in a library of this size I see no reason for making any special provision for the undergraduate."[108] Drie jaar later skuif Dix hierdie syfer op na 1 500 000 boekdele.[109]

Vanuit die oogpunt van die blote grootte van die universiteitsbiblioteek se versameling is dit dus te verstane dat daar nog nie in Suid-Afrika daadwerklik tot die stigting van aparte voorgraadse biblioteke oorge= gaan is nie. Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke kan egter binne af= sienbare tyd dié punt bereik waar hulle ook so groot sal wees dat die gewone gebruiker met moeite sal vind waarna hy soek. Gelukkig kan daar dan by die oorweging van voorgraadse biblioteke as 'n moontlike oplossing met vrug geput word uit die Amerikaanse ervaring in hierdie verband. Die voor- en nadele van afsonderlike voorgraadse biblioteke verdien egter vroegtydig die aandag in die toekomsbeplanning van uni= versiteitsbiblioteke waarvan die boekevoorraad en gebruikerstal tekens van vinnige groei in die toekoms toon.

Volgens Braden verskil die afsonderlike voorgraadse biblioteek van die tradisionele universiteitsbiblioteek in dié sin dat hy: vryer toegang tot sy versameling verleen; sy dienste aan voorgraadse studente sentra= liseer en vereenvoudig; 'n versameling geselekteerde werke wat op die

107) KUHN, op.cit., p. 188.

108) DIX, W.S. Undergraduate libraries. College and research libraries 14 : 271, 1953.

109) DIX, W.S. Undergraduates do not necessarily require a special facility. College and research libraries 17 : 149, 1956.

onderrig en studie van die voorgraadse student gerig is, aanbied; van die biblioteek 'n hulpmiddel by die onderrig maak; aanvullende dienste lewer, soos fasiliteite om plate te speel, vergaderings te hou, uitstal=lings aan te bied, ens.; en in 'n gebou wat spesiaal met die oog op die voorgraadse student se gebruiksbehoeftes opgerig is, gehuisves word.[110] Naas die praktiese implikasies van die stigting van 'n voor=graadse biblioteek, is daar dus 'n duidelike opvoedkundige doelstelling met hierdie vorm van desentralisering van die universiteitsbiblioteek.

Dit gaan hier veral om die aandeel wat die biblioteek en die bibliotekaris het aan die opvoeding van die voorgraadse student, en hang saam met die verandering in doseer- en studiemetodes wat aan die moderne uni=versiteit ingetree het, of nog besig is om plaas te vind. Toe voorgraad=se studente nog na formele lesings oor 'n studie-onderwerp moes luis=ter, en na enkele handboeke en gereserveerde boeke verwys is, was die biblioteek se aandeel aan voorgraadse opleiding minimaal en insiden=teel.[111] Noudat die onderrig van die voorgraadse student egter gerig is op selfstandige studie, het die biblioteek 'n groot taak en is same=werking tussen dosent en bibliotekaris noodsaaklik. Die voorstanders van die aparte voorgraadse biblioteek sien hierin die moontlikheid om hierdie wisselwerking ten volle te ontplooi, sonder dat die voorgraadse gebruikers benadeel word deur die ander doelstelling van die universi=teitsbiblioteek, naamlik om diens aan nagraadse studente en navorsers,

110) BRADEN, op. cit., p. 2.

111) SHORES, L. The undergraduate and his library, University of Tennessee Library Lecture 11 (In The library in the university; The University of Tennessee Library Lectures 1949-1966. Hamden, Conn., Shoe string press, 1967. p. 203).

wie se gebruiksbehoeftes totaal verskillend is, te lewer. Wagman wys daarop dat die bestaande gesamentlike diens aan beide voorgraadse stu=dente en aan dosente en navorsers ook 'n nadelige uitwerking vir laas=genoemde het. Waar albei groepe van takbiblioteke gebruik moet maak, kry die biblioteek 'n tweeledige funksie en weens die tyd wat aan voor=graadse diens bestee moet word, word die uitbouing van 'n gespesiali=seerde diens aan gevorderde gebruikers in die wiele gery.[112)]

Hoewel die stelsel van afsonderlike voorgraadse biblioteke aan groot universiteite in die V.S.A. suksesvol blyk te wees, is daar tog verskil van mening oor die opvoedkundige waarde daarvan. Volgens Moss beskou teenstanders van die stelsel die verdeling van die universiteitsbiblioteek in twee dele vir geleerdes en vir studente as suiwer arbitrêr en voel hulle dat die gebruik van die biblioteek niks te make het met die status van die student nie.[113)] Hoewel dit gewoonlik die gebruik is dat alle gebruikers welkom is om van die voorgraadse en die nagraadse biblio=teke gebruik te maak, en die voorgraadse biblioteekgebou in talle gevalle naby die sentrale biblioteek staan,[114)] wys Kuhn op die nadeel dat voor=graadse studente na die sentrale biblioteek gaan met probleme wat in die voorgraadse biblioteek opgelos kon gewees het.[115)]

Die opvoedkundige waarde van 'n geselekteerde versameling boeke slegs

112) WAGMAN, F.H. Library services to undergraduate college students; the case for the separate undergraduate library. College and research libraries 17 : 153, 1956.

113) MOSS, op. cit., p. 106.

114) KUHN, op. cit., p. 191.

115) KUHN, op. cit., p. 192.

vir voorgraadse gebruik word ook betwyfel, omdat dit daartoe kan lei dat die student kan nalaat om, wanneer nodig, ook van verdere bronne in die sentrale biblioteek gebruik te maak. Die keuring van 'n versame= ling boeke vir die voorgraadse biblioteek is 'n uiters moeilike taak, nie alleen wat die keuse van spesifieke titels betref nie, maar ook ten op= sigte van die mate van duplisering van naslaanwerke en basiese werke wat ook vir alledaagse gebruik deur gevorderde gebruikers noodsaak= lik is. Onder die talle vraagstukke wat in hierdie verband opduik, is die volgende: Wat van noodsaaklike werke wat reeds uit druk is? Watter van die talle werke wat oor bepaalde skrywers gepubliseer is, moet gekies word? Moet vertalings én oorspronklike uitgawes oorgeplaas word? Watter van die verskillende vertalings van 'n bepaalde werk moet ge= kies word? Hoe word tydskrifreekse wat vir beide voorgraadse en na= graadse werk noodsaaklik is, verdeel.[116] Ten opsigte van al hierdie vraagstukke moet die bibliotekaris en dosent 'n beslissing vel, met die gevolg dat die keuse vir die student beperk is tot reeds uitgesoekte bron= ne, waardeur sy onderskeidingsvermoë nie ten volle ingespan en ont= wikkel word nie. Dix druk dit in hierdie verband soos volg uit: „In principle we feel that the undergraduate should be constantly confronted by books a little beyond his grasp, that we are not concerned primarily with his finding specific books but with instructing him to learn to think, to use the library, and to grow intellectually."[117] Hy sê verder: „The function of the university library is education, not facilitating access

116) MULLER, op. cit., p. 116.

117) DIX, Undergraduate libraries, p. 271.

to the one 'best' book on a subject."[118]

By die keuse van boeke vir die voorgraadse biblioteek kom die vraag=stuk van die omvang en grootte van die versameling in gedrang, en dit het weer onmiddellike uitwerking op die koste van die onderneming. Muller verklaar onomwonde hieroor: „Operating a good undergraduate library is costly. There should be no illusion about that. It would generally be considered undesirable to have an undergraduate library operated at the expense of the research or graduate library. As a distinct and vital additional service, it will absorb a substantial portion of the library's budget ... Adequate financial support is also required for book acquisitions. Unless a collection remains fresh and up to date and unless sufficient multiple copies are provided for the student enrollment, an undergraduate library is likely to deteriorate into a glorified study hall."[119]

As aanduiding van die koste van 'n aparte voorgraadse biblioteek kan genoem word dat die kapitale uitgawe (d.w.s. geboue, toerusting, boeke, ens.) vir die oprigting van die Lamont-biblioteek by die Univer=siteit van Harvard in 1949 $2 443 000 bedra het en vir die voorgraadse biblioteek van die Universiteit van Michigan in 1958 $3 752 696.[120] Vir die boekjaar 1967 - 1968 was die jaarlikse begroting vir hierdie twee voorgraadse biblioteke onderskeidelik $292 946 en $370 000.[121]

118) DIX, op. cit., p. 272.

119) MULLER, op. cit., p. 125.

120) BRADEN, op. cit., p. 7 en p. 31.

121) MULLER, op. cit., p. 125.

As dit vergelykend hiermee in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek wat in 1968 die meeste bestee het, se begroting R262 848 was,[122] is dit te verstane dat afsonderlike voorgraadse bi= blioteke nog lank nie binne die finansiële vermoë van die Suid-Afrikaan= se universiteitsbiblioteek is nie.

Die grootte van die versameling vir 'n voorgraadse biblioteek, en veral die bepaling van die optimum grootte, kan moeilik sonder meer vasge= stel word. Dit is egter bereken dat 'n versameling van 40 000 tot 55 000 titels (50 000 tot 60 000 boekdele) as aanvangsversameling wenslik is.[123] Die getal studente en die aard van die kursusse wat aangebied word, sal tot 'n groot mate bepaal hoeveel titels gedupliseer moet word Volgens Muller het die getal boekdele in agt Amerikaanse voorgraadse biblioteke in 1968 gewissel van 45 000 tot 147 000 en het die betrokke biblioteke voorsiening gemaak vir 'n maksimum van 85 000 tot 200 000 boekdele.[124] Die gedagte is dus dat die versameling van 'n voorgraad= se biblioteek nie onbeperk kan groei nie, want anders raak hy net so on= hanteerbaar en moeilik om te gebruik as die groot sentrale biblioteek.

'n Verdere uitgangspunt is dat daar van die titels in die voorgraadse versameling ook elders op die kampus eksemplare moet wees. Die voorgraadse versameling word dus gesien as 'n duplikaatversameling uitsluitlik vir voorgraadse gebruik, waarin geen werk as permanent be=

122) LESSING, C.J.H. Die finansiering van die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek. M.A. (Bibl.)-verhandeling. Potchefstroom, 1970. p. 273.

123) KUHN, op. cit., p. 198.

124) MULLER, op. cit., p. 128.

skou word nie. Wanneer dit verouderd raak of nie meer met die oog op 'n sekere leerplan benodig word nie, kan dit aan die versameling onttrek word. Braden wys egter daarop dat daar in die bestaande Amerikaanse voorgraadse biblioteke ongelukkig nie gereeld uitgedun word nie en dat hulle in die meeste gevalle nie genoeg geld het om die boekevoorraad na wense uit te bou nie.[125)]

Die afsonderlike voorgraadse biblioteek aan die groot universiteit kan 'n noodsaaklike diens lewer waartoe die tradisionele navorsingsbiblioteek miskien nie in staat is nie. Die ooglopende voordele van die stelsel is sy geselekteerde versameling biblioteekmateriaal met voldoende studiefa= siliteite vir voorgraadse studente, en die noue samewerking tussen do= sent en bibliotekaris om reg te laat geskied aan die onderrigsfunksie van die universiteitsbiblioteek. Die voorgraadse biblioteek moet egter nie gesien word as die enigste oplossing vir alle probleme waarmee 'n uni= versiteitsbiblioteek te doen mag kry nie en kan alleen oorweeg word wan= neer daar nie meer doeltreffende diens aan voorgraadse studente gelewer kan word as gevolg van studentetalle en 'n groot boekeversameling nie. Die stigting van 'n afsonderlike voorgraadse biblioteek moet beskou word as 'n bykomende diens, want die sentrale biblioteek moet bly bestaan ter wille van navorsers en nagraadse studente, sentrale berging van al= gemene en min gebruikte werke en vir die sentralisering van tegniese dienste. Net so bly die geleerdes se behoefte aan takbiblioteke en depar= tementele versamelings onveranderd.

125) BRADEN, op. cit., p. 142.

Die groot vraag waarvoor elke universiteitsbiblioteek dus in die eerste plek staan, is in watter mate sy bestaande dienste aangewend kan word om 'n volwaardige diens aan voorgraadse studente te lewer, sonder om ander gebruikers te benadeel, alvorens hy die hoë koste van 'n afsonder=like voorgraadse biblioteek aangaan.

Dit is reeds beklemtoon dat 'n afsonderlike voorgraadse biblioteek al=leen aan 'n groot universiteit met 'n onhanteerbare groot biblioteek ge=regverdig is. Hierdie aspek is vir die Suid-Afrikaanse universiteitsbi=blioteke, waarvan die boekevoorrade wissel van ongeveer 150 000 tot ongeveer 700 000 van die allergrootste belang. Moss verklaar dat:
„... limited budgets have resulted in many of the smaller universities in America providing less than satisfactory book collections for their (undergraduate) students. Indeed, some seem little better than the small reading room and reserve book collections which were a common form of service to undergraduates long before the principle of the undergraduate library came to be generally accepted. It seems very dubious whether undergraduate library provision on this scale is worth providing at all and it may well be preferable in such cases for all available funds to be devoted to the building up of the general collection to a level of size and comprehensiveness satisfactory for both research scholars and undergraduates."[126)]

Dat daar egter nou reeds in die toekomsbeplanning van universiteitsbi=blioteekdienste rekening gehou moet word met die moontlike stigting van voorgraadse biblioteke, en veral die wyse waarop dit met bestaande

126) MOSS, op. cit., p. 109.

dienste en dienste aan gevorderde gebruikers gekombineer kan word, is vanselfsprekend. Die eerste tekens van hierdie vorm van desentralisa= sie is trouens reeds merkbaar in die beplanning van die nuwe gebou van die Universiteit van die Witwatersrand se biblioteek, wat naby die sen= trale biblioteekgebou geleë is, en waar voorsiening gemaak word vir 'n ruim leeskamer vir voorgraadse studente met 'n versameling van onge= veer 15 000 boekdele en 'n klein naslaanversameling. Hoewel hierdie werke min of meer volgens die gebruiklike stelsel van gereserveerde boeke vir gebruik beskikbaar gestel sal word, is die oogmerk daarmee om die las van voorgraadse gebruik in die takbiblioteke te verlig. Dit is dus nog nie 'n volwaardige voorgraadse biblioteekdiens nie en mag dit vir jare lank nog nie word nie. In hierdie verband is die mening van die uni= versiteitsbibliotekaresse van die Universiteit van Kaapstad, waar daar voorsiening gemaak word vir twee studiesale met saam ongeveer 8 000 gereserveerde boeke vir voorgraadse studente, dat dit eventueel tot 'n voorgraadse biblioteek kan uitgroei.[127)]

Daar bestaan in die V.S.A. 'n groot mate van ingenomenheid met die stelsel van afsonderlike voorgraadse biblioteke, maar dit kan miskien ten dele toegeskryf word aan die besondere situasie waarin daardie bi= blioteke vanweë hulle omvangs- en geografiese faktore verkeer en die feit dat dit maar pas twintig jaar bestaan. Elke Suid-Afrikaanse univer= siteit sal eers duidelikheid moet kry of sy biblioteek groot genoeg is en of hy oor voldoende geld beskik om so 'n stelsel in te voer, of dit in sy eie bepaalde omstandighede doelmatig en tot volle voordeel van al die

127) Mej. L. E. Taylor in 'n persoonlike onderhoud.

biblioteekgebruikers sal wees, en of ander stelsels, soos die een of die ander vorm van takbiblioteke of die herrangskikking en aanpassing van die sentrale biblioteek se versameling en dienste, nie net so 'n doel= treffende oplossing sal bied nie.

### *2.3.4 Afdelingsbiblioteke volgens breë studieterreine*

#### 2.3.4.1 Inleiding

In die dertigerjare was die bestaan van takbiblioteke by die verskillende studiedepartemente van die universiteit 'n algemeen aanvaarde beginsel in die universiteitsbiblioteekwese. Vanweë die gebrek aan koördinering tussen die verskillende takbiblioteke en die toenemende onderlinge af= hanklikheid tussen die verskillende vakgebiede, het daar 'n sterk neiging tot sentralisasie veral aan die Amerikaanse universiteite ontstaan. Tot ongeveer 1940 was daar gevolglik 'n kort tydperk waartydens sentrali= sasie van alle biblioteekfasiliteite as die ideaal beskou is. Die groter universiteitsbiblioteek het die dwang ten opsigte van desentralisasie egter weer spoedig gevoel as gevolg van toenemende studentetalle, die uitbreiding van kampusse en veranderde onderrigsmetodes. By die groot universiteite het die stelsel van takbiblioteke dus bly voortbestaan, hoe= wel sekere sentraliserende maatreëls toegepas is om beter koördinasie te bewerkstellig, totdat sommiges in die vyftigerjare oorgegaan het tot die drastiese stap om naas die sentrale biblioteek en die takbiblioteke vir gevorderde gebruikers, ook 'n afsonderlike voorgraadse biblioteek te stig.

Vir die klein en middelslag universiteitsbiblioteke het die organisasie

van die biblioteekdiens in afdelingsbiblioteke volgens breë studieterreine 'n oplossing vir baie van die vraagstukke van takbiblioteke ingehou, son= der om die voordele daarvan in te boet. McAnally beskryf die verde= ling van die biblioteek in afdelings soos volg: „(Divisionalization) is the grouping of two or more related departments under one head res- ponsible to the chief librarian. It is a means of dividing a large and monolithic organization into small and flexible units, with a view to recapturing some of the advantages of the small organization and at the same time minimizing the drawbacks that come with increasing size, diversity, and dispersion."[128)]

Die indeling van afdelings kan funksioneel wees (soos tegniese prosesse), volgens die vorm van die materiaal (bv. 'n tydskrifafdeling), volgens geografiese ligging, onderwerp of volgens die soort gebruikers wat be= dien word. Wanneer afdelings volgens funksie of vorm van die materiaal ingedeel word is die uitgangspunt hoofsaaklik administratief, terwyl 'n geografiese, onderwerps- of gebruikersindeling met die oog op die be= hoeftes van die gebruikers geskied.[129)] Afdelingsbiblioteke volgens breë studieterreine is dus 'n onderwerpsindeling wat veral gerig is op die voordeel van die gebruikers, terwyl dit ook vir die biblioteekower= hede sekere definitiewe administratiewe voordele inhou.

128) McANALLY, A.M. Departments in university libraries. Library trends 7 : 458, 1959.

129) McANALLY, Departments in university libraries. op. cit., p. 459.

### 2.3.4.2 Kenmerke van die stelsel van afdelings volgens breë studieterreine

Wanneer daar van die kenmerke van die stelsel van afdelings volgens breë studieterreine gepraat word, moet dit in gedagte gehou word dat die toepassing daarvan nie inhou dat alle universiteitsbiblioteke wat hierdie stelsel gebruik, organisatories presies eners daar sal uitsien nie. Elke universiteitsbiblioteek wat sy dienste volgens afdelings wil groepeer, sal bepaalde beginsels daarvan toepas na die aard van plaas= like omstandighede, soos die grootte en samestelling van die studente= gemeenskap, die grootte van die biblioteektoelaag, die geografiese struktuur en grootte van die kampus, die doelmatigheid van die biblio= teekgebou en die historiese gebondenheid van die biblioteek self.

Blanchard[130)] vat die kenmerke van die stelsel baie mooi saam in die volgende hoofpunte: a) Alle aktiwiteite van die biblioteek, behalwe die tegniese prosesse en dié van die hoof administratiewe personeel, word volgens breë studieterreine ingedeel. Gewoonlik is daar drie breë studieterreine, naamlik die geesteswetenskappe, die sosiale wetenskap= pe en die natuur- en tegnologiese wetenskappe. Die afdelingsbiblioteka= ris is gewoonlik aan die universiteitsbibliotekaris of sy assistent ver= antwoordelik en die administrasie, dienste, kontak met studente en do= sente, boekkeuring en beheer van takbiblioteke en laboratoriumversa= melings binne sy onderwerpsgebied word aan hom gedelegeer. b) Vrye toegang tot alle biblioteekmateriaal is 'n vanselfsprekende kenmerk van

130) BLANCHARD, J.R. Departmental libraries in divisional plan univer- sity libraries. College and university libraries 14 : 243, 1953.

die stelsel. Elke studieterrein het sy eie leessaal met 'n versameling geselekteerde werke op oop rakke. Kreissman sê verder hieroor: „The divisional plan library, in its reading room aspect, is an open-shelf arrangement of books organized by the large related subject areas of man's knowledge in an effort to provide the student with an intelligible presentation of the relationship of all the disciplines on campus ... The divisions themselves are merely workable horizons of control and service."[131)] Naas die werke in die afdelings, kan die mingebruikte items in 'n sentrale magasyn gehuisves word. c) Biliotekarisse belas met dienste in die afdelings is vakdeskundiges en nie slegs naslaan- of uitleenbibliotekarisse nie. d) Opvoedkundig is die stelsel daarop gerig om die teorie van 'n algemene opvoeding, in plaas van die bestudering van eng afgebakende leerplanne, te ondersteun, sodat die student met breë studieterreine kan kennis maak. Die stelsel is ook daarop gerig om die gedagte van selfstandige studie deur die student, in plaas van die ou lesing- en handboekmetode van onderrig, te ondersteun.

Met die indeling van die biblioteekdiens in groot hanteerbare versamelings word beoog om aan die verskillende verwante groepe studiedepartemente diens te lewer en doeltreffende biblioteekdiens aan studie en navorsing op alle vlakke te verskaf. 'n Belangrike kenmerk van die stelsel is dat dit die idee by die student tuisbring dat die biblioteek sy werkplek is deur vir hom gerieflike studiefasiliteite met die boeke wat hy benodig maklik binne sy bereik, te verskaf.

131) KREISSMAN, B. Browsing room - divisional style. College and research libraries 17 : 228-9, 1956.

2.3.4.3 Toepassing van die stelsel van afdelings volgens breë studieterreine

Hoewel die gebruiklike indeling in drie afdelings, naamlik die geestes=wetenskappe, die sosiale wetenskappe en die natuur- en tegnologiese wetenskappe is, is daar talle voorbeelde van ander indelings. 'n Faktor wat hierdie indeling sterk beïnvloed, is die omvang van reeds bestaande takbiblioteke by elke universiteit. Toe die eerste Amerikaanse univer=siteitsbiblioteke teen 1939 hulle versamelings volgens breë studieter=reine ingedeel het, het hulle min probleme ondervind om die versame=lings van die takbiblioteke op die studieterreine van die geestes- en sosiale wetenskappe na die sentrale biblioteek te bring en by afdelings in te deel.[132] Takbiblioteke op die gebied van die natuurwetenskappe lewer egter groter probleme omdat die natuurwetenskaplikes hulle lite=ratuur juis gerieflik naby hulle eksperimentele werk in die laboratorium benodig. Die bestaan van takbiblioteke druis juis in teen die belangrike beginsel van die stelsel van afdelings om die materiaal volgens breë studieterreine op oop rakke aan te bied. By die Brown-Universiteit is hierdie probleem gedeeltelik opgelos deur die takbiblioteke vir die natuurwetenskappe in twee afdelingsbiblioteke, naamlik dié vir die bio=logiese wetenskappe en die vir die fisiese wetenskappe, te konsolideer. Hierdie twee afdelingsbiblioteke is nie in die sentrale gebou nie, maar naby die betrokke departemente, gehuisves. By die Universiteit van Nebraska het sommige takbiblioteke van groter departemente bly voort=

132) Die stelsel is eerste by die Brown-Universiteit en die Universiteit van Colorado toegepas, en kort daarna by die Universiteit van Nebraska. Blanchard, op. cit., pp. 243-244.

bestaan, maar is hulle administratief onder die beheer van die Afdelings=bibliotekaris vir Natuurwetenskap en Tegnologie geplaas.[133] Hoewel daar dus nie algehele sentralisasie bestaan nie, word die takbiblioteke tog deur die afdelingsbibliotekaris gekoördineer en word die meer al=gemene materiaal in die afdelingsbiblioteek gehuisves.

Dit is reeds van die begin af duidelik dat talle variasies van die stelsel moontlik is en dat elke universiteitsbiblioteek genoeg beweegruimte het om ter wille van die gerief van sy gebruikers en vanuit praktiese oor=wegings, aanpassings te maak. Blanchard kom tot die gevolgtrekking dat by die toepassing van die stelsel daar twee moontlikhede ten opsig=te van die bestaande takbiblioteke in die natuurwetenskappe is.[134] Volgens die eerste moontlikheid word alle versamelings van die natuur=wetenskaplike takbiblioteke in die sentrale biblioteek gesentraliseer in 'n afdeling vir natuurwetenskap en tegnologie. Vir die gerief van labo=ratoriumwerkers word daar dan klein laboratoriumversamelings, be=staande uit die werke wat daagliks direk by navorsing gebruik word, gestig. Hierdie laboratoriumversamelings word deur die betrokke af=delingsbibliotekaris vanuit die sentrale biblioteek beheer. Die ander moontlikheid bestaan daarin dat die versamelings van die natuurweten=skaplike takbiblioteke in twee afdelingsbiblioteke, vir die fisiese weten=skappe en die biologiese wetenskappe, ingedeel word en naby die betrok=ke departemente in afsonderlike geboue gehuisves word. Hierdie plan lewer ook weer verskillende moontlikhede wat die indeling betref en kan

133) BLANCHARD, op. cit., p. 246.

134) BLANCHARD, op. cit., p. 247.

volgens plaaslike behoeftes aangepas word sonder om noodwendig Blanchard se indeling te volg.

McAnally wys daarop dat hoewel die stelsel die maklikste in middel=slag biblioteke toegepas kan word omdat dit gewoonlik die fisiese sen=tralisasie van die versamelings in die sentrale biblioteekgebou inhou, dit ook op groot universiteitsbiblioteke toegepas kan word wanneer geografiese sentralisasie nie 'n bepalende faktor is nie.[135] Die koste van die oprigting van afdelingsbiblioteekgeboue kan egter hier 'n groot rol speel as argument teen die aanvaarding van die stelsel.

Die stelsel hoef egter nie altyd tot in sy volle konsekwensies toegepas te word nie, en elemente daarvan kan selfs in groot universiteitsbiblio=teke gebruik word. So kan dit byvoorbeeld ten opsigte van die naslaan=departemente van groot universiteitsbiblioteke toegepas word deur hulle volgens studieterreine te rangskik en van deskundiges as naslaanbiblio=tekarisse gebruik te maak. Funksionele departemente in die biblioteek, soos byvoorbeeld die uitleendepartement, kan óf afsonderlik bly funk=sioneer, óf ingeskakel word by die onderwerpsafdelings sodat elkeen sy eie uitleenfasiliteite het. Ten opsigte van die aanskafaktiwiteite word gewoonlik ten minste 'n gedeelte daarvan, naamlik boekkeuring, by die afdelings ingeskakel.

'n Interessante aspek van die toepassing van die stelsel is die inskake=ling van die katalogiseringsaktiwiteite by die verskillende afdelings en die afskaffing van die tradisionele katalogusdepartement. By die univer=

135) McANALLY, Departments in university libraries, op. cit., p. 459.

siteitsbiblioteek van Nebraska is daar in elke afdeling aan sekere per= soneellede 'n tweeledige taak van naslaanwerk en katalogisering opge= dra, omdat hulle glo dat kennis van beide hierdie aktiwiteite sal lei tot 'n beter diens aan gebruikers en die opbou van 'n beter katalogus.[136) ] Daar is egter sekere praktiese probleme aan hierdie metode verbonde en Renfro wys self daarop dat daar 'n gebrek aan eenvormigheid en vol= ledigheid van beskrywende detail in die katalogus sal wees, maar sy glo dat meer presiese klassifikasie en korrekte onderwerpshoofde vir die gebreke sal vergoed.[137)]

Hierdie enkele voorbeelde dien slegs as illustrasie van die verskillende moontlike aanpassings binne die raamwerk van die stelsel van onder= werpsafdelings. Die algemene funksies van die afdelingsbibliotekaris kan saamgevat word as administrasie, kontak met dosente en studente, boekkeuring en toesig en skakeling met ander afdelings. Naas hierdie algemene funksies het elke afdelingsbibliotekaris egter ook sekere funksies wat eie is aan sy afdeling, soos die verantwoordelikheid vir en toesig oor bestaande takbiblioteke, spesiale versamelings en labo= ratoriumversamelings.[138)]

136) RENFRO, Kathryn R. Cataloging in the divisional library. College and research libraries 15 : 154-157, 1954.

137) RENFRO, op. cit., p. 157.

138) CHAPMAN, J.D. et al. The role of the divisional librarian. College and research libraries 15 : 148-154, 1954.

2.3.4.4 Die waarde van die stelsel van afdelings volgens breë studieterreine

2.3.4.4.1 Terwyl daar nog gedurig by geleerdes die behoefte aan de=sentralisasie van biblioteekdienste bestaan en baie van hulle argumente vandag nog geld, is die stelsel van onderwerpsafdelings 'n kompromis waardeur baie van die voordele van sentralisasie verkry word met be=houd van dié voordele verbonde aan 'n gedesentraliseerde stelsel.[139] In studie en navorsing is die neiging vandag duidelik om die eng grense tussen verskillende vakke en departemente te vervaag en leerplanne word ook breër uitgewerk om groepe vakke in afdelings saam te vat. Met die oog hierop en met inagname van die feit dat kleiner leeskamers met maklik toeganklike boekerakke vir die student opvoedkundig meer werd is as groot studiesale met geslote magasyne, kan die stelsel doel=treffend in kleiner en middelslag biblioteke toegepas word.

2.3.4.4.2 McAnally wys egter daarop dat baie van die voordele van onderwerpsafdelings alreeds by universiteitsbiblioteke met 'n goed ont=wikkelde stelsel van takbiblioteke bestaan, want die dienseenhede is klein en informeel en persoonlike diens kan deur vakdeskundiges gele=wer word.[140] Die nadele van die takbiblioteke kan volgens hom groot=

139) McNEAL, A. L. Divisional organisation in the university library, University of Tennessee Library Lecture 12. (In The library in the university; The University of Tennessee Library Lectures 1949-1966. Hamden, Conn., Shoe string press, 1967. p. 218.

140) McANALLY. Co-ordinating the departmental library system, op. cit., p. 114.

liks uitgeskakel word deur die kombinering van takbiblioteke vir verskillende verwante onderwerpe (dit is reeds 'n element van die afdelingsbeginsel), deur die takbiblioteke klein te hou, deur die voorsiening van sentrale bergplek vir mingebruikte materiaal en deur die stigting van afsonderlike voorgraadse biblioteke. In een belangrike opsig het die stelsel van onderwerpsafdelings egter 'n groot voordeel bo dié van takbiblioteke - dit sorg outomaties vir die koördinering van versamelings en dienste volgens breë studieterreine.[141] McNeal wys dan ook daarop dat na die indeling volgens afdelings die getal takbiblioteke by verskillende universiteite aansienlik gedaal het.[142]

2.3.4.4.3 Dit word herhaaldelik gestel dat die indeling van die biblioteekdiens vir klein en middelslag universiteitsbiblioteke prakties is, maar nie vir groot biblioteke nie. Die kampus van die werklike groot universiteit is gewoonlik so uitgestrek dat verskillende dienspunte gerieflikheidshalwe noodsaaklik is. Die dilemma van die redelike klein maar snelgroeiende biblioteek is dus hoe om in sy toekomsbeplanning voorsiening te maak vir die stadium wanneer hy te groot sal wees vir algehele sentralisasie, maar wanneer hy nog nie die koste ten opsigte van 'n groot getal takbiblioteke sal kan aangaan nie. Die aanpasbaarheid en buigsaamheid van die stelsel van onderwerpsafdelings bied in hierdie beplanning 'n voordeel wat dit geskik maak om as oorgangsmaatreël te gebruik. Daarby beweer Lundy dat dit nie duurder is as 'n tradisio=

141) McANALLY, Co-ordinating the departmental library system, op. cit., p. 115.

142) McNEAL, op. cit., pp. 217-218.

nele biblioteekdiens nie, want die onkoste verbonde aan bekwame personeel in die diensafdelings van die biblioteek staan in direkte verhouding tot die aantal studente, diensure en die kwaliteit van die diens wat gelewer word.[143] Weens die groot mate van sentralisasie wat die stelsel teweegbring, is die koste verbonde aan duplisering van materiaal en personeel veel minder as in die geval van 'n aantal takbiblioteke. Dit sou dus as 'n ontwikkelingsfase in die groei van 'n universiteitsbiblioteek nie geldverspilling in die hand werk as die stelsel van onderwerpsafdelings gebruik word nie.

2.3.4.4.4 Teoreties is die voorsiening van beter personeel en dienste die uitstaande kenmerk van die stelsel van afdelings volgens breë studieterreine. Blanchard haal 'n brief van David A. Jonah, direkteur van die biblioteek van die Brown-Universiteit, aan waarin hy die volgende beweer: „The chief advantages that the divisional libraries have over departmental libraries as far as our library is concerned, are that we are now able to provide a trained staff, maintain uniform hours for all of our collections ... The reference service provided has also improved greatly both in quality and quantity."[144]

Die hele idee van onderwerpsafdelings hou in dat die afdelings beman moet word deur vakdeskundiges, dit wil sê, persone wat 'n gevorderde opleiding in die betrokke studierigting het, maar wat ook opgeleide

143) LUNDY, F.A. Library service to undergraduate students; the divisional plan library. College and research libraries 17 : 147, 1956.

144) BLANCHARD, op. cit., p. 245.

bibliotekarisse is. Die doeltreffendheid van die diens wat gelewer word, sal egter daarvan afhang of daar in die praktyk genoeg personeellede met hierdie kwalifikasies gevind kan word, want soos McNeal dit stel: „The librarian holding a subject degree must also have those characteristics which make a strong reference librarian, if he is to fulfill his proper function."[145) ] Daarby moet dit in gedagte gehou word dat die afdelingsbibliotekaris met nagraadse opleiding dit gewoonlik slegs in een vakrigting het, terwyl die afdeling juis 'n breë studieterrein, wat 'n aantal vakke insluit, omvat. Hoewel hy dus wel kennis van die weten= skaplike metode van die studieterrein wat in sy afdeling verteenwoordig word, mag hê, het die afdelingsbibliotekaris in byvoorbeeld die afdeling vir die natuurwetenskappe met 'n meestersgraad in fisika, heel moontlik net soveel kennis van dierkunde of plantkunde as die naslaanbibliotekaris met 'n opleiding in die geesteswetenskappe. McNeal beweer dan ook te= reg dat: „... it would seem that the subject 'generalist', with a broad background and sound experience might often give better service than the specialist with higher degrees in one discipline."[146)]

Die pogings wat aangewend word om boekkeuring, katalogisering en klassifikasie deur dieselfde personeel wat ook naslaanwerk in die af= deling moet verrig, te laat doen, is juis daarop gemik om aan hierdie persone die nodige kennis en breë agtergrond van die betrokke studie= terrein te verskaf. Gorchels sê in hierdie verband: „Basically it is felt that the worth of the subject specialist is greatly increased as he par-

145) McNEAL, op. cit., p. 215.

146) McNEAL, op. cit., p. 216.

ticipates in the organization of the library's resources (especially in subject cataloging and classification) as well as participating in book selection and service to readers' activities."[147)]

Brock spreek hieroor egter die vrees uit dat die grootste deel van die professionele personeel in die afdelings se tyd nou in beslag geneem word deur hierdie werk, terwyl die werklike naslaan- en inligtings= diens aan gebruikers daardeur benadeel word.[148)] Hy gee egter toe dat die stelsel van onderwerpsafdelings ten opsigte van naslaandiens alreeds 'n groot verbetering is op die tradisionele enkele naslaande= partement in die universiteitsbiblioteek. Waar die argument herhaalde= lik gebruik is dat takbiblioteke 'n meer gespesialiseerde naslaandiens kan lewer as die naslaandepartement van die sentrale biblioteek, kan die stelsel van onderwerpsafdelings ook in hierdie opsig beskou word as 'n kompromis om 'n beter diens te lewer, sonder die nadele en hoë koste van 'n groot aantal takbiblioteke.

2.3.4.4.5 Samevattend kan dit gestel word dat die indeling van die biblioteek in afdelings volgens breë studieterreine sekere besliste voor= dele inhou vir dié universiteitsbiblioteek wat op die tweesprong tussen sentralisasie en desentralisasie staan. Juis om hierdie rede is dit vir die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke op hierdie stadium van hul= le ontwikkeling belangrik om die stelsel as moontlike oplossing te oor=

147) GORCHELS, C. C. Making subject specialists available for service. College and research libraries 16 : 348, 1955.

148) BROCK, C. Reference service in the divisional plan library : some tentative questions. College and research libraries 22 : 454, 1961.

weeg. Vir die geleerde wat aandring op desentralisasie ter wille van gerief en gebruiksvoordele, is dit tot 'n groot mate 'n oplossing van sy probleme, vir die voorgraadse student het dit opvoedkundige waarde, vir die bibliotekaris het dit definitiewe administratiewe voordele en vir die biblioteekowerheid hou dit finansiële voordele in. Hoewel elkeen van die belangegroepe iets sal moet toegee in die sin dat dit miskien nie volkome voldoen aan sy eise om algehele sentralisasie of desentrali=sasie nie, is die opoffering gering in die lig van die doeltreffendheid wat die stelsel kan bied.

# 3 Die faktore wat oorweeg behoort te word ten opsigte van die mate van sentralisasie en desentralisasie wat toegepas word

Uit die voorgaande behandeling van die verskillende vorms wat die desentralisasie van die universiteitsbiblioteek kan aanneem, het dit ge=blyk dat daar 'n verskeidenheid faktore bestaan wat oorweeg en teen mekaar opgeweeg moet word om te bepaal in welke mate 'n universi=teitsbiblioteek moet sentraliseer of desentraliseer om op die mees ekonomiese wyse die mees doelmatige dienste aan sy gebruikers te lewer.

## *3.1 HANTEERBAARHEID*

Een van die belangrikste kenmerke van die huidige eeu is die geweldige toename van menslike kennis. Hierdie kennisvermeerdering bring tel=kens veranderinge in die samelewingstruktuur teweeg, waardeur dan weer nuwe kennis versamel word, sodat die hele proses toenemend versnel. Vir die universiteitsbiblioteek hou dit die implikasie in dat hy nie alleen te doen het met die resultaat van die kennisvermeerdering in die vorm van 'n oorweldigende aantal publikasies nie, maar dat sy getal gebruikers voortdurend toeneem vanweë die groter getalle studen=te aan die universiteit en die toename in die getal navorsers wat hulle met die versameling en verwerking van kennis besig hou. Dit bring mee

dat elke universiteitsbiblioteek tot op die stadium groei waar hy met moeite sy hele versameling as 'n eenheid kan bewaar of dit by een sen=trale dienspunt vir gebruik beskikbaar kan stel, omdat dit eenvoudig onhanteerbaar groot word en die gebruikers te veel om elkeen hulle reg=matige aandeel in die gebruik van die versameling te kan kry. Op die stadium waarop hierdie dienste nie meer doeltreffend in een sentrale biblioteekgebou gelewer kan word nie en die versameling nie meer doeltreffend beheer kan word nie, bereik die biblioteek sy optimum=grootte.

Die presiese optimumgrootte in terme van 'n sekere getal boeke kan nie sonder meer neergelê word nie en sal uiteraard van universiteit tot universiteit verskil. Swank se uitspraak in hierdie verband vat egter die hele probleem baie goed saam: „There may be an optimum size of a library unit beyond which the service becomes too complex, imper-sonal, and mechanized. The optimum is, perhaps, a unit large enough to be efficient but small enough to retain some of the informality, accessibility, and special services of the good departmental library. The desired result is a compromise between an overgrown main library and an over-fragmented system of departmental libraries."[1)]

Dit is vanselfsprekend dat die grootte van 'n biblioteek se versameling nie noodwendig die kwaliteit van die diens wat hy lewer, sal bepaal nie, maar namate hy groei, sal hy vir die gebruiker ingewikkelder word om

1) SWANK, R.C. The over-all library plans in a nutshell. (Afgerol) 1957, p. 2. Soos aangehaal in McANALLY, A.M. Departments in univer-sity libraries, op. cit., p. 457.

te gebruik. Die gevolg is dikwels dat die gebruiker van 'n groot biblio= teek voor die posisie te staan kom dat hy, hoewel hy baie boeke het om van te kies, nie in staat is om dié wat hy benodig, maklik in die hande te kry nie. Daarby bring toenemende studentetalle mee dat die mede= dinging om dieselfde publikasies al sterker word en raak die biblioteek verplig om besondere maatreëls te tref om elke gebruiker die geleent= heid te bied om publikasies wat hy benodig ter insae te kry. Dosente en navorsers is dan geneig om, wanneer hierdie maatreëls nie bevre= dig nie, aan te dring op hulle eie versamelings in laboratoriums of departemente, en die bibliotekaris ondervind dan toenemende druk om te desentraliseer.

Die grootte van die biblioteek is dus die een faktor wat altyd direkte in= vloed op die mate van sentralisasie of desentralisasie van die universi= teitsbiblioteek het. Afgesien van die hanteerbaarheid van die versame= ling het die toereikendheid van die huisvesting daarvan ook 'n uitwer= king. Uit die aard van sy posisie in die akademiese lewe is die biblio= teekgebou gewoonlik op 'n sentrale punt op die universiteitskampus geleë. Dit hang dus af van watter fasiliteite daar in die gebou bestaan om die versameling te huisves en van die uitbreidingsmoontlikhede daarvan, vir hoe lank die versameling as eenheid gesentraliseer kan bly. Wanneer die gebou oorvol raak en daar nie meer effektief van bestaande ruimtes gebruik gemaak kan word nie, sal dit noodsaaklik word om dele van die versameling na ander plekke te verskuif. Hoewel die groei van die sentrale versameling verby die optimumgrootte nie altyd wenslik is nie, kan die biblioteek deur die reservering van voldoende ruimte in die kampusbeplanning wel tot 'n mate desentralisasie vertraag. Daar sal dan egter terwille van die gebruikers sekere geriewe geskep moet word

om hulle tevrede te hou, soos die skepping van onderwerpsafdelings vir breë studieterreine in die sentrale gebou of die inrigting van afsonder= like leeskamers vir vakke of verwante vakgroepe.

In paragraaf 2.3.2.2.2 is dit genoem dat bibliotekarisse soms die ont= staan van takbiblioteke verwelkom het, omdat daar sodoende ruimtelike probleme in die biblioteekgebou opgelos is. Desentralisasie wat op hier= die gedwonge wyse ingevoer word, het egter die gevaar dat dit slegs 'n tydelike en 'n eensydige oplossing bied wat nie altyd in belang van die hele universiteit is nie en op die lang duur ontwikkeling strem en doel= treffende dienslewering benadeel. Die oplossing van die probleem van oorvol magasyne wanneer die biblioteek nog nie ryp is vir gedeeltelike desentralisasie nie of wanneer uitbreiding van die gebou nie moontlik is nie, moet liewers gesoek word in kompakte berging of ander berg= plek vir mingebruikte materiaal, om sodoende die sentrale gebou vir die lewendige gebruiksversameling te reserveer.

Die skepping van afsonderlike bergingsbiblioteke vir mingebruikte ma= teriaal kan eintlik ook as 'n vorm van desentralisasie beskou word. Dit is egter 'n alternatief vir die stigting van takbiblioteke as oplossing vir 'n oorvol sentrale biblioteek. Die voordeel van so 'n bergingsbiblioteek is dat dit baie goedkoper is om op te rig en te onderhou as 'n normale biblioteekgebou. Omdat dit nie direkte diens aan gebruikers lewer nie, maak dit nie veel saak waar die gebou staan nie en goedkoop grond kan dus gebruik word. Minder voorsiening vir personeelruimte sal nodig wees omdat daar slegs enkele magasynpersoneellede sal werk en baie meer boeke per vierkante meter kan geberg word omdat daar nie ruimte vir gebruikers gelaat hoef te word nie. Terwyl koöperatiewe berging van mingebruikte materiaal, soos die New England Deposit Library in

die V.S.A., nie so maklik in Suid-Afrika toegepas kan word vanweë lang afstande nie, kan afsonderlike berging deur individuele universiteitsbi= blioteke wel oorweeg word om hulle duur sentrale biblioteekruimte doel= matiger aan te wend.

Die ontwikkeling van die tegnieke ten opsigte van die oorplasing van bi= blioteekmateriaal op mikroformaat sal beslis 'n uitwerking op die aan= wending van biblioteekruimte hê. Waar die gebruik van mikromateriaal vandag egter nog hoofsaaklik tot mingebruikte en andersins onverkryg= bare materiaal beperk is en die gebruik daarvan op dié punte waar 'n leesapparaat beskikbaar is gelokaliseer is, bied dit nog geen oplossing nie, maar slegs 'n gedeeltelike verligting. Dit is ook onwaarskynlik dat bestaande versamelings oornag met mikromateriaal vervang sal word en die publikasiewyse van nuwe materiaal van die konfensionele boekvorm tot mikrovorm sal verander. Die ontwikkeling van die elektroniese reke= naar as medium om kennis te bewaar en oor te dra kan miskien ook later 'n radikale verandering ten opsigte van die fisiese behoeftes van 'n bi= blioteek meebring. Hoewel daar onsekerheid bestaan oor die moontlike uitwerking wat tegnologiese ontwikkeling in die toekoms op biblioteek= diens mag hê, is dit noodsaaklik dat elke universiteitsbiblioteek in sy program vir ontwikkeling of langtermynbeplanning die moontlikhede daarvan in verband met sentralisasie en desentralisasie onder die oë sien.

Terwyl dit aanvaar word dat 'n biblioteek na bereiking van sy optimum= grootte ter wille van doeltreffendheid sal moet desentraliseer, behoort daar in die beplanning vooraf aandag geskenk te word aan die wyse waar= op dit geskied. Sodoende kan die universiteitsowerhede in hulle kampus= beplanning dan ook reeds in staat gestel word om sekere terreine vir

toekomstige takbiblioteke te reserveer.

Die taak rus op die universiteitsbibliotekaris om op hoogte te bly van sy biblioteek se ontwikkeling en bewus te wees van die behoeftes van die biblioteekgebruikers, sodat hy nie alleen die biblioteeksituasie altyd onder beheer het nie, maar ook aanpassings kan maak wanneer die ver= sameling as gevolg van sy grootte vir die gebruiker ontoeganklik word. Hyself mag nie om selfsugtige redes ter wille van gerieflike adminis= trasie die ontwikkeling van desentralisasie strem nie, maar aan die ander kant mag hy nie toelaat dat dit hande uitruk voordat die tyd daar= voor ryp is nie. Omdat desentralisasie duur is, moet hy toesien dat die biblioteek tot by die bereiking van sy optimumgrootte alle aandag en geld toespits op die uitbou van 'n verteenwoordigende en doelmatige versameling studiemateriaal. Daarna kan planmatig gedesentraliseer word.

Waar verskeie Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke waarskynlik reeds die optimumgrootte bereik het, of binne die afsienbare toekoms gaan bereik en die getal studente aan ons universiteite besig is om vin= nig toe te neem, word die saak van desentralisasie dus nou vir ons ak= tueel.

### *3.2 DIE GEOGRAFIESE FAKTOR*

Die grootte en uitleg van die universiteitskampus het nie alleen 'n uitwer= king op die mate van gerief waarmee die gebruikers die sentrale biblio= teek kan bereik nie, maar bepaal ook die plasing van toekomstige tak= biblioteke wanneer daar gedesentraliseer word. Dit is ook juis die

geografiese faktor wat veroorsaak dat die organisasiestruktuur van bi= blioteke van ooreenstemmende grootte aan vergelykbare universiteite soms van mekaar verskil. Immelman sê in hierdie verband van die biblioteek van die Universiteit van Kaapstad: „The reason why the University embarked on the provision of branch libraries is as a result of the dispersed nature of the University itself ... It is, therefore, the physical location of the academic departments which necessitates the establishment of branch libraries. Another reason is that space on the main campus is becoming, as time goes on, limited and the main library cannot be extended to include all the material now housed in the branches,"[2] en verder „The establishment of branches is forced on a university library by its geographical situation."[3] Dat dit egter nie die enigste faktor is nie, blyk uit die uitspraak van Perry wanneer hy sê: „... whereas at Wits we have a compact campus which might presuppose that there would be a centralised library, there is a fairly decentralised one for other reasons."[4]

Waar die kampus van die universiteit dus 'n geografiese eenheid is en die biblioteek op 'n sentrale plek geleë is, is dit wel moontlik om veel langer met 'n gesentraliseerde biblioteekdiens vol te hou. Dit is veral die geval by die kleiner universiteit, want sodra die universiteit groot word is die eenheid van die kampus vanweë die uitgestrektheid daarvan ook nie meer 'n sentraliserende faktor nie. Die verste departemente is

2) IMMELMAN, R. F. M. The relationship of branch libraries to the administrative headquarters in a university library, op. cit., p. 11.

3) IMMELMAN, op. cit., p. 15.

4) PERRY, op. cit., pp. 54-55.

dan reeds so 'n afstand van die biblioteek af geleë dat dit nie meer gerief= lik deur die gebruikers bereik kan word nie. Verkeersreëlings op die kampus beïnvloed ook die bereikbaarheid van die biblioteek, want na= mate die universiteit groei is dit dikwels nodig om voertuigverkeer te beperk. Dit kan beteken dat 'n biblioteek wat binne enkele oomblikke per motor bereik kon word, nou vanweë omweë baie verder is. Par= keerplek vir gebruikers by die sentrale biblioteek word dus ook 'n saak waaraan die universiteitsowerhede aandag behoort te skenk.

By ouer universiteite word die eenheid van die kampus verbrokkel om= dat nuwe grond met die oog op uitbreiding aangekoop moet word. Veral in digbeboude gebiede is die universiteit verplig om stukkies grond wat beskikbaar is aan te koop, met die gevolg dat dele van die universiteit oor 'n groot area versprei word. In die Europese lande met hulle ou ge= vestigde universiteite in groot stede was dit een van die redes vir die groot mate van desentralisasie van hulle biblioteke.

Die uitleg van 'n kampus is 'n belangrike faktor by die neem van beslui= te in verband met sentralisasie en desentralisasie. Op 'n kampus waar geboue gespasieerd opgerig is, behoort daar voldoende uitbreidings= moontlikhede aan die sentrale biblioteekgebou te wees, maar by 'n uni= versiteit soos dié van Kaapstad is die geboue so na aan mekaar dat aan= sienlike uitbreiding van die biblioteekgebou onmoontlik is. Die plasing van die verskillende universiteitsgeboue het 'n invloed op die rigting wat eventuele desentralisasie sal inslaan. Indien geboue van departe= mente waarvan die studieterreine verwant is, naby mekaar staan, kan takbiblioteke die vorm aanneem van kompleksbiblioteke vir verwante vakgroepe. Indien die laboratoriums vir dierkunde, plantkunde, fisio= logie, mikrobiologie, ens. byvoorbeeld bymekaar geleë is, is dit moont=

lik om 'n biologiese afdelingsbiblioteek op te rig in plaas van 'n afson=derlike takbiblioteek vir elke departement. Dit is egter ongelukkig hoofsaaklik net in die geval van 'n nuwe universiteit waar dit moontlik is om die kampus op hierdie wyse te beplan.

Dit is dus wenslik dat daar in die kampusbeplanning nie alleen genoeg ruimte gelaat word vir die uitbreiding van die sentrale biblioteekgebou nie, maar dat die plasing van moontlike toekomstige takbiblioteke ook in aanmerking geneem word Omdat die universiteitsbiblioteek betrok=ke is by en in verband staan met alle afdelings van die universiteit, is dit raadsaam dat die bibliotekaris deelneem aan besprekings in verband met die beplanning van 'n kampus. Hierdeur kan verseker word dat de=sentralisasie sy normale ontwikkelingsgang neem en nie ontydig weens geografiese faktore op die biblioteek afgedwing word nie.

### *3.3 FINANSIES*

Gesien in die lig van die universiteitsbiblioteek se taak om die doel=treffendste diens op die mees ekonomiese wyse te lewer, is finansies 'n uiters belangrike faktor vir oorweging wanneer daar oor sentralisa=sie en desentralisasie besluit moet word. Omdat desentralisasie ekstra kapitale en lopende uitgawes meebring, moet dit opgeweeg word teen die doeltreffendheid en verhoging van die opvoedkundige waarde van die biblioteek wat daarmee gewen word, en is dit dus noodsaaklik dat die ontwikkeling van desentralisasie so gereguleer word dat dit nie te vroeg of te laat geskied nie. Wanneer desentralisasie egter toegepas moet word, moet dit in gedagte gehou word dat beter dienslewering noodwen=dig bykomende onkoste sal meebring en dat die universiteit verplig sal

wees om hierdie koste te dra. Die ontwikkeling van die biblioteekdiens van 'n universiteit mag dus nie onnodiglik aan bande gelê te word ter wille van kostebesparing nie.

Die finansiering van die universiteitsbiblioteek is 'n probleem waarmee universiteite dwarsoor die wêreld worstel, veral omdat 'n groot deel van die biblioteekuitgawes, soos dié ten opsigte van die aankoop van boeke, personeelsalarisse en onderhoud en oprigting van geboue, ge= durig aan prysstygings onderhewig is. Daarby groei die biblioteke steeds omdat daar jaarliks nuwe items by hulle versamelings gevoeg moet word en baie min weggeneem word en gebruikersgetalle steeds toeneem sodat dit 'n voortdurende vermeerdering van personeel en uitbreiding van geboue noodsaak. Daarby worstel die Suid-Afrikaanse universiteitsbi= blioteke ook nog met die akute probleem van agterstand in hulle boeke= voorraad, wat vereis dat hulle met die oog op doelmatige dienslewering hierdie leemtes moet uitwis. Die biblioteek is dus voortdurend besig om met beperkte finansiële middele soveel as moontlik te probeer ver= mag.

Wanneer daar gedesentraliseer word, is die doelwit om beter fasiliteite te skep as dié wat op die oomblik bestaan en 'n belangrike oorweging is dus of daar genoeg geld is vir nuwe huisvesting, bykomende personeel en duplisering van materiaal om die gedesentraliseerde eenheid aan die gang te kry en te onderhou. Die uitwerking wat die besteding van hier= die geld aan desentralisasie op die totale biblioteekbegroting gaan hê, moet oorweeg word, want dit sou onwenslik wees om te desentraliseer indien ander dienste daardeur moet skade ly. Daar behoort dus genoeg= same redes vir desentralisasie te bestaan alvorens hierdie onkoste aan= gegaan word, en dan mag dit alleen op so 'n wyse geskied dat die hele

biblioteekdiens daarby baat.

In die verlede is daar dikwels toegegee aan die aandrang om takbiblio= teke te stig as oplossing vir die huidige oomblik, sonder om die impli= kasies daarvan in die toekoms in berekening te bring. Dit het veral ge= skied wanneer die onmiddellike hoë uitgawe ten opsigte van die oprig= ting of uitbreiding van 'n sentrale biblioteekgebou opgeweeg is teen die stigting van 'n takbiblioteek in betreklik goedkoop huisvesting in die een of die ander departement. Ook om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die universiteitsbibliotekaris deel moet hê aan kampusbeplanning.

Aan die ander kant is dit ook waar dat te lank volgehoue sentralisasie vir die universiteit finansiële implikasies kan hê ten opsigte van die indirekte hoër koste van navorsing. Net soos die universiteit doeltref= fende ekonomiese diens van sy biblioteek verwag, verwag hy dit van sy dosente en navorsers. Wanneer hierdie personeel met moeite en om= slagtigheid van die sentrale biblioteek gebruik moet maak, omdat dit vir hulle moeilik bereikbaar is, bring dit vir hulle tydsverspilling en onderbreking van hulle werk mee, wat noodwendig meer geld kos.

Die biblioteek moet derhalwe sy dienste op 'n verantwoordelike wyse beplan en organiseer sodat die universiteit in sy geheel die grootste waarde vir die geld kry, wat aan die biblioteek bestee word. Aan die ander kant kan dit redelikerwys van die universiteit verwag word om die biblioteek, wanneer hy verplig is om die hoër koste van desentra= lisasie aan te gaan, binne sy vermoë tegemoet te kom met die verho= ging van sy jaarlikse subsidie aan die biblioteek.

## 3.4 SAMESTELLING VAN DIE BIBLIOTEEK SE GEBRUIKERSKORPS

In paragraaf 1.2 is reeds op die verskillende behoeftes van die biblio=teek se gebruikersgroepe, naamlik voorgraadse studente, nagraadse studente en dosente, gewys. Die samestelling van die gebruikerskorps, dit wil sê watter persentasie elkeen van hierdie groepe van die totaal uitmaak, is 'n faktor wat in die organisasie van die dienslewering aan hulle in ag geneem moet word. Omdat dit van die biblioteek verwag word om 'n gespesialiseerde diens aan elkeen van hierdie verskillende groepe te lewer, kan hy op dié stadium kom wanneer hy dit nie meer gesament=lik in een sentrale biblioteek kan doen sonder om een groep te benadeel nie.

Die situasie waar die verskillende groepe in dieselfde ruimte kompeteer om hulle regmatige aandeel in die biblioteekdiens te ontvang, behoort dus vermy te word. Hierdie mededinging kan in 'n sentrale biblioteek voorkom wanneer daar veel meer voorgraadse studente as gevorderde gebruikers is, sodat die diens hoofsaaklik op voorgraadse studente in=gestel raak en nie voldoende aandag aan 'n gespesialiseerde diens aan navorsers bestee word nie. Maar dit kan ook na desentralisasie gebeur dat takbiblioteke hoofsaaklik op inligtingsdiens aan navorsers gerig is en die belange van die voorgraadse studente oor die hoof sien. Daar moet dus tydig aandag geskenk word aan maatreels soos die herindeling van die biblioteekdiens volgens breë studieterreine binne dieselfde gebou of deur desentralisasie in verskillende dienspunte om hierdie probleem die hoof te bied.

Watter vorm hierdie desentralisasie sal inneem, sal afhang van die getal=leverhouding van die verskillende groepe en hulle verspreiding oor die

kampus. Dit is waarskynlik dat 'n universiteit waarvan die grootste per= sentasie gebruikers voorgraadse studente is, baie langer van 'n gesen= traliseerde biblioteekdiens gebruik sal kan maak as een met 'n groter persentasie nagraadse studente. Die mate waarin die samestelling van die gebruikerskorps egter die desentralisasie van die biblioteek sal beïnvloed, sal baie nou saamhang met die aard en omvang van die stu= die- en navorsingsprogram van die universiteit.

### *3.5 AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE- EN NAVORSINGSPROGRAM*

Die omvang van die studie- en navorsingsprogram, dit wil sê die ter= reine van die wetenskap wat deur die universiteit beoefen word en ge= volglik die aantal departemente en fakulteite wat daar aan die universi= teit bestaan, sal 'n direkte invloed op die mate van desentralisasie wat die biblioteek moet toepas, uitoefen. Hoe meer studie- en navorsings= departemente daar bestaan, hoe meer vakgebiede is daar waarop die biblioteek volledig toegerus moet wees. Met die vermeerdering van die aantal departemente bestaan die moontlikheid ook dat sommige van hul= le 'n gespesialiseerde biblioteekdiens sal verlang, wat nie altyd vanuit die sentrale biblioteek gelewer kan word nie. Die aantal vakgebiede waarvoor die biblioteek voorsiening moet maak, sal in elk geval die grootte van die versameling in so 'n mate laat groei, dat dit die faktor van hanteerbaarheid in die gedrang sal bring ten gunste van desentra= lisasie.

Sekere vakgebiede, soos geneeskunde en regte, het vanweë hulle eie aard en dikwels vanweë geografiese faktore tradisioneel die reg van 'n gedesentraliseerde biblioteekdiens verwerf. In die moderne universiteits=

biblioteek hoef daar egter, met die oog op die onderlinge verband tus= sen wetenskappe, nie sonder meer vir hulle bloot op grond van histo= riese gebruik gedesentraliseer te word nie. Daar is egter wel ander faktore wat hier 'n rol mag speel en wat in oorweging geneem moet word.

Die behoorlike onderrig en studie op die gebied van die mediese weten= skappe vereis gewoonlik dat die departemente by die opleidingshospitaal gehuisves word waar die doseer- en die praktiese werk verrig word. Hier bepaal die aard van die onderrig dus in die reël dat die huisves= ting van die departement nie op die universiteitskampus geleë is nie, en dit sou geen sin hê om vanuit die sentrale biblioteek aan die betrokke dosente en studente diens te probeer lewer nie. Sou die geografiese fak= tor egter nie hier die deurslag gee nie, is daar geen rede waarom die mediese versameling nie op dieselfde wyse as dié van ander vakgebiede gehuisves en beskikbaar gestel kan word nie. Mediese studente sou trouens kon baat by die gebruik van werke oor verwante onderwerpe in 'n biologiese afdeling.

Desgelyks maak regsdepartemente dikwels op grond van tradisie aan= spraak op die desentralisasie van hulle versamelings. Die argumente hiervoor berus hoofsaaklik op die besondere wyse waarop regsgeleer= des bronne vir naslaanwerk gebruik en die behoefte aan onderlinge sa= mespreking tussen die gebruikers, wat steurnis in 'n algemene biblio= teek sou veroorsaak. Hierdie probleme kan egter doeltreffend opgelos word deur die voorsiening vir 'n afgesonderde ruimte binne die sentrale biblioteekgebou. Omdat die literatuur waarby regsstudente belang het, nie alleen uit hofverslae en statute bestaan nie, maar hulle naas suiwer regswerke ook talle werke oor aangrensende vakgebiede soos die staats= leer en die sosiologie moet raadpleeg, word die argument ten gunste

van die insluiting van die regsversameling in die sentrale biblioteek verder versterk.

Wanneer die omvang van die studie- en navorsingsprogram verbreed, word die moontlikheid groter dat daar sekere departemente mag ont= staan wat groter aanspraak op desentralisasie het as andere. Dit sal dikwels ook saamhang met die aard van die materiaal wat gebruik word en die manier waarop dit aangewend word. Vir 'n musiekdepartement is daar byvoorbeeld naas gewone publikasies ook bladmusiek en plate nodig, die gebruik waarvan platespelers en onmiddellike toeganklik= heid tot musiekinstrumente vereis. Afgesien van die vir ander gebrui= kers steurende klanke wat voortgebring mag word, is hierdie materiaal geriefliker bruikbaar in die gebou van die musiekdepartement self. Dit is om dieselfde rede dat daar gewoonlik groter eise van die kant van natuurwetenskaplikes gestel word om desentralisasie, aangesien hulle hulle biblioteekmateriaal gerieflik naby hulle navorsing in die laborato= rium moet hê.

Die aard van die studie- en navorsing bepaal tot 'n groot mate die be= hoefte aan desentralisasie, want indien daar gevorderde werk van hoogs gespesialiseerde aard in 'n departement gedoen word, stel dit hoër en meer gespesialiseerde eise aan die biblioteek as die algemene biblio= teekdiens van 'n sentrale biblioteek. Dit bring nie alleen 'n versameling van hoogs gespesialiseerde werke mee nie, maar vereis ook professio= neel- en vakdeskundige personeel vir die ontsluiting van die materiaal en die verskaffing van inligting. Die aantal nagraadse kursusse wat aangebied word en die aantal navorsingsprojekte wat aan die gang is, moet noodwendig die organisasie van die biblioteekdiens beïnvloed.

Soos reeds voorheen gestel hang dit op voorgraadse vlak van die doseer=metodes wat gevolg word, af watter soort biblioteekdiens aan hierdie studente aangebied word. Indien dosente van die lesing- en handboek=metode gebruik maak, is daar nie vir hulle veel meer nodig as 'n lees=saal met 'n versameling gereserveerde werke nie. Nuwere metodes wat gevolg word en wat veral 'n groter mate van selfstandige studie van die student vereis, bring egter ook 'n intensifisering van die biblioteekdiens mee wat selfs die skepping van spesiale fasiliteite soos 'n afsonderlike biblioteek vir voorgraadse studente kan noodsaak.

Afgesien van die feit of die biblioteek gedesentraliseerd is of nie, moet die bibliotekaris te alle tye ten volle op hoogte wees met die aard en omvang van die studie- en navorsingsprogram en met die wetenskaplike metodes wat gevolg word. Voortdurende onderlinge skakeling tussen bibliotekaris en dosent is hiervoor noodsaaklik.

### *3.6 DIE BESTAANDE ORGANISASIESTRUKTUUR VAN DIE BIBLIOTEEK*

Wanneer daar 'n ten volle gesentraliseerde biblioteek aan die universi=teit bestaan, kan die ontwikkeling van die biblioteekdiens sy gewone gang gaan en desentralisasie toegepas word wanneer en waar dit nodig mag wees. Beplanning, en veral toekomsbeplanning, speel 'n belang=rike rol om die biblioteek in staat te stel om binne sy vermoë die doel=treffendste moontlike diens te lewer. In die voorafbeplanning moet die funksionele departemente en hulle verhouding tot die toekomstige ge=desentraliseerde eenhede duidelik bepaal en goed oorweeg word.

Dit is egter slegs redelike nuwe en klein universiteite waar hierdie

ideale toestand bestaan. Aan die meeste van die ouere univesiteite het daar ongemerk takbiblioteke en -versamelings ontstaan wat mettertyd 'n uiters ingewikkelde biblioteekorganisasie tot gevolg gehad het. Die voorbeeld van die Duitse instituutsbiblioteke het getoon watter proble= me dit inhou om so 'n stelsel op 'n gesonde grondslag te kry.

Tradisie speel 'n baie groot rol wanneer 'n bestaande gedesentraliseer= de biblioteekstelsel herskep moet word om groter koördinasie te bewerk= stellig. Studie- en navorsingsdepartemente raak so gewoond daaraan om hulle eie takbiblioteke te hê dat hulle dit moeilik prysgee wanneer dit wenslik is om dit in 'n groter eenheid op te neem. Nogtans was dit reeds aan talle universiteite nodig om die organisasiestruktuur te herorgani= seer om weg te doen met ondoeltreffende, onekonomiese eenhede ter wille van beter beheer en koördinasie.

'n Bestaande gedesentraliseerde organisasiestruktuur kan dus die oog= merke van 'n herorganisasie gedeeltelik aan bande lê as daar nie met takt en omsigtigheid te werk gegaan word nie. Dit is trouens ook mak= liker om 'n nuwe diens te skep as om 'n bestaande diens te verander of in te kort indien die gebruikers nie ten volle oortuig is van die voordele van so 'n stap nie, want anders voel hulle dat voorregte van hulle ont= neem word. Omdat die ontwikkeling van 'n biblioteekdiens 'n langsame proses is waarin die bibliotekaris-gebruiker-verhouding stelselmatig uitgebou word, is beplanning weereens die sleutel tot sukses. Dit sou die vertroue van gebruikers skok indien daar na willekeur takbiblioteke ingestel om later weer afgeskaf te word met die doel om te eksperi= menteer.

### 3.7 *SAMEVATTING*

Nie een van bogenoemde faktore dra op sigself in die praktyk genoeg gewig om te bepaal of 'n biblioteek moet sentraliseer of desentraliseer nie, maar gesamentlik bepaal die som van hulle totaal watter rigting ingeslaan moet word. Dit is ook moontlik dat in bepaalde situasies sekere van hierdie faktore desentralisasie ten opsigte van slegs 'n ge= deelte van die biblioteekdiens noodsaaklik mag maak. Dit beklemtoon slegs weer die feit dat 'n biblioteek vanweë die verskeidenheid wat hy in homself omdra, nooit staties kan en mag wees nie en dat geen vaste, algemeen geldende reëls neergelê kan word nie.

# 4 Die toepassing van 'n beleid van sentralisasie en desentralisasie op die organisasie van die universiteitsbiblioteek in die lig van die voor- en nadele daarvan

## *4.1 INLEIDING*

In die vorige hoofstukke is aangetoon dat daar by verskillende universi= teite op verskeie maniere getrag word om deur middel van die sentra= lisasie en die desentralisasie van die biblioteek die doeltreffendste diens moontlik te lewer. Vanweë die talle plaaslike faktore wat op elke universiteitskampus bestaan, is dit nie moontlik om onvoorwaardelik 'n meesterplan wat 'n oplossing van die probleem van sentralisasie en desentralisasie vir verskillende biblioteke bied, op te stel nie. Elke universiteit sal egter in die lig van plaaslike omstandighede en behoef= tes, en aan die hand van bestaande voorbeelde van metodes wat aan an= der universiteite gevolg word, self moet beplan om die doeltreffendste organisasiestruktuur vir sy eie biblioteek te skep. Omdat die universi= teit 'n groeiende inrigting is wat voortdurend aan verandering onderhe= wig is, is soepelheid 'n uiters belangrike kenmerk waaraan die organi= sasiestruktuur van sy biblioteek moet voldoen, sonder om eenheid in te boet.

In die verlede het verskillende skrywers reeds gewys op die moontlik= hede wat daar ten opsigte van die sentralisasie en die desentralisasie van die universiteitsbiblioteek bestaan. Uit die bespreking van die verskillen= de vorms van gedesentraliseerde biblioteke en takbiblioteke in hoofstuk 2

het dit geblyk dat daar om verskeie redes voorkeur gegee word aan die sentralisasie van die administrasie van al die afdelings van 'n universi= teitsbiblioteek bo die bestaan van verskillende onafhanklike biblioteke, soos die Duitse instituutsbiblioteke, waarvan die voor- en nadele al= reeds bespreek is. Daar bestaan nog talle kombinasies van die verskil= lende vorms van desentralisasie onder sentrale beheer wat aangewend kan word om 'n oplossing vir 'n bepaalde universiteit te probeer vind.

Hanson wys byvoorbeeld op verskillende moontlikhede en noem die volgende voorbeelde: a) 'n Groot sentrale biblioteek met al die boeke en fasiliteite vir die verskillende groepe gebruikers daarin gehuisves en laboratoriumversamelings waar nodig by departemente; b) 'n Sen= trale biblioteek met takbiblioteke by departemente; c) Hoofsaaklik 'n sentrale biblioteek met volledige departementele biblioteke vir sekere vakgebiede soos regte, geneeskunde en tegnologie, en geen voorsiening vir hierdie vakgebiede in die sentrale biblioteek nie; d) Die skeiding van die biblioteek in twee volwaardige biblioteke, naamlik een vir alge= mene werke en die humaniora, en die ander vir die natuurwetenskappe; e) Die verdeling van die biblioteek in twee biblioteke soos onder d), aangevul deur takbiblioteke vir sommige vakke; f) Die sametrekking van verskillende takbiblioteke in een gebou, maar elkeen met sy eie leeskamer, katalogus en personeel; g) Verskillende biblioteke onaf= hanklik van die sentrale biblioteek volgens die patroon van die Duitse instituutsbiblioteke.[1] By hierdie voorbeelde van Hanson kan daar ook nog nuwere ontwikkelinge soos afsonderlike voorgraadse biblioteke en

1) HANSON, J.C.M. Central versus departmental libraries. Library quarterly 13 : 133-134, 1943.

die verdeling van die biblioteek volgens breë studieterreine gevoeg word.

Wanneer die voor- en nadele van sentralisasie en desentralisasie dus nou verder ondersoek moet word, word daar verwys na die desentrali= sasie van die universiteitsbiblioteek wat sentrale beheer impliseer en word dit in ag geneem dat die verskillende vorms van desentralisasie se voor- en nadele van mekaar verskil.

Miller het reeds in 1939 'n sistematiese uiteensetting van die voor- en nadele van sentralisasie en desentralisasie onder die volgende hoofde gegee: Toeganklikheid, koste, doeltreffendheid, toereikendheid, gebruik, onderlinge verband tussen vakterreine en opvoedkundige waarde.[2] Miller se uitgangspunt is, soos die titel van die artikel impliseer, dat daar in hooftrekke 'n keuse is van óf die een óf die ander en hy klee die argumente so in dat dit vir hom moontlik is om op grond van die aantal argumente vir en teen, aan te toon dat die algemene gevoel ten gunste van sentralisasie is. Hierdie inkleding is egter slegs ter wille van 'n sistematiese oorweging van die een teenoor die ander en hy kom tot die gevolgtrekking dat sentralisasie die beste beleid vir die kleiner biblio= teek met min nagraadse gebruikers is, maar dat: „The institution with a research and full graduate program is obligated to make such deviations from a policy of centralization as local conditions demand and as the budget will permit."[3]

2) MILLER, R.A. Centralization versus decentralization. American Library Association bulletin 33 : 75-79, 134-135, 1939.

3) MILLER, op. cit., p. 135.

Miller se logiese uiteensetting is nog van groot waarde as opsomming van die basiese argumente vir en teen sentralisasie en desentralisasie, en die Suid-Afrikaanse universiteite is vandag in so 'n mate met navor= sing en nagraadse onderrig besig dat hulle oorweging moet skenk aan aspekte van desentralisasie om hulle biblioteekdiens op 'n doeltreffende peil te hou. Afgesien van die basiese oorwegings vir en teen desentra= lisasie, moet die voor- en nadele van verskillende vorms daarvan dus teenoor mekaar opgeweeg word. Daar moet ook aandag geskenk word aan die voor- en nadele daarvan vir beide die gebruikers en die biblio= teekadministrasie.

## *4.2 ADMINISTRATIEWE VOOR- EN NADELE VAN SENTRALISASIE EN DESENTRALISASIE*

### *4.2.1 Koste*

In paragraaf 3.3 is daarop gewys dat finansies een van die belangrike faktore is wat oorweeg moet word by die neem van besluite in verband met moontlike desentralisasie, omdat die biblioteek verplig is om die bes moontlike diens binne sy finansiële vermoë aan te bied.

Dit kan aanvaar word dat 'n gesentraliseerde biblioteek veel goedkoper is om in stand te hou as 'n gedesentraliseerde diens, want daar is on= betwisbaar 'n groot mate van duplisering aan laasgenoemde verbonde. In 'n ten volle gesentraliseerde biblioteek kan een uitleendepartement, een naslaanafdeling, een katalogus, ens. gebruik word en kan personeel wat vir dienste verantwoordelik is op enkele dienspunte saamgetrek word en hulle tyd en kragte ten volle benut word. Ten opsigte van die boekevoorraad kan daar, behalwe noodsaaklike duplisering vir groot

groepe voorgraadse gebruikers, oor die algemeen van enkele eksem= plare van titels gebruik gemaak word. Dit geld veral ten opsigte van duur naslaanwerke en materiaal benodig vir gevorderde nagraadse werk. Vanweë die lokalisering van die versameling en dienste in een gebou sal die kapitale koste vir huisvesting en toerusting goedkoper wees as wat die geval vir 'n gedesentraliseerde diens sal wees.

Vir 'n gedesentraliseerde biblioteek is dit noodsaaklik om meer titels as wat normaalweg nodig is, te dupliseer. Dit geld veral in die geval van basiese naslaanwerke soos sekere ensiklopedieë, woordeboeke, bibliografieë, wat in elke takbiblioteek aanwesig moet wees omdat dit daagliks gebruik word, ongeag die vakgebied van die takbiblioteek. Daarby is dit wenslik om die katalogus, of ten minste gedeeltes van die katalogus, te dupliseer. Die voorsiening van ekstra personeellede vir die takbiblioteke om dieselfde gehalte diens by alle dienspunte van die stelsel te kan lewer, bring veral baie ekstra koste mee. Indien daar getrag word om naastenby dieselfde diensure as in die sentrale biblio= teek te handhaaf, sal dit beteken dat daar ekstra personeellede in tak= biblioteke aangestel moet word om mekaar af te los.

In kleiner takbiblioteke met een of twee personeellede is die ekonomie= se benutting van personeeltyd 'n vraagstuk. Om in 'n takbiblioteek aan inligtingsverskaffing reg te laat geskied, is dit noodsaaklik dat daar altyd 'n professioneel opgeleide personeellid aan diens behoort te wees. Van dié persoon sal egter verwag word om ook klerklike en semi-pro= fessionele werk, soos die uitlening van boeke, inrangskikking van re= kords en kataloguskaarte, te verrig. So 'n professionele personeellid moet op grond van sy kwalifikasies en op grond van sy verantwoorde= likheid ten minste dieselfde salaris as wat vir ooreenstemmende be=

trekkings in die sentrale biblioteek betaal word, ontvang, met die gevolg dat die verrigting van nie-professionele take die biblioteek duur kos. Indien so 'n personeellid nie verantwoordelik is vir ander professionele werk soos katalogisering nie, omdat dit in die sentrale biblioteek ver= rig word, is dit dikwels moeilik om in die takbiblioteek sy dienste ge= durende stil tye, soos universiteitsvakansies, ekonomies en konstruk= tief aan te wend. Hierdie probleem verval in 'n groot mate in 'n groter gedesentraliseerde dienseenheid met meer personeellede waar 'n geba= lanseerde werkverdeling toegepas kan word, en dit is 'n belangrike ar= gument teen die stigting van te veel klein eenman-takbiblioteke. As slot= som tot sy bespreking van die personeelbenutting in takbiblioteke beweer Hausdorfer tereg: „The whole question seems to turn, in the final analysis, upon the requirements of highly specialized knowledge and professional training, the cost of which cannot be met by the meagre budgets usually allowed the departmental or collegiate library."[4] Desentralisasie is dus gewoonlik duurder as sentralisasie ten opsigte van personeelvoor= siening omdat daar meer personeellede nodig is om verskillende diens= punte te beman en die personeellede professioneel opgelei moet wees om doeltreffende naslaan- en inligtingsdiens te kan lewer, maar 'n groot deel klerklike werk moet verrig wat nie hulle salaris regverdig nie.

Legg wys ook daarop dat 'n klein eenheid soos 'n takbiblioteek nie genoeg goeie personeellede kan onderhou om 'n doeltreffende diens te lewer nie.[5] Die gevolg is dat daar dikwels van klerklike assistente, wat nie by magte

4) HAUSDORFER, op. cit., p. 11.

5) LEGG, op. cit., p. 351.

is om die versameling vir die gebruikers te help ontsluit nie, gebruik gemaak word. Hoewel dit dikwels as argument ten gunste van desentra=lisasie gebruik word dat die takbibliotekaris wat sy versameling ken, in staat is om persoonlike diens aan elke gebruiker te lewer, bly dit vanweë die hoë koste van die duplisering van personeel (en dikwels die skaarste aan opgeleide personeel) in baie gevalle slegs 'n teoretiese voordeel.

Die voor- en nadele van desentralisasie ten opsigte van die bykomende koste wat dit meebring, moet ook oorweeg word teenoor die indirekte kostevermeerdering of -vermindering in terme van die tyd wat gebrui=kers moet bestee om van die biblioteek gebruik te maak. Miller beweer: „If ... centralization is accompanied by a gain in use and a saving of users' time, economy has certainly been achieved."[6] As die gebruiker as gevolg van desentralisasie makliker by die biblioteek kan kom en die materiaal wat hy benodig vinniger in die hande kan kry, kan die bespa=ring van gebruikerstydkoste opweeg teen die werklike hoër koste van desentralisasie. Aangesien omstandighede van plek tot plek grootliks verskil en aangesien dit so moeilik is om 'n berekening te maak van die besparing aan gebruikerstyd omdat alle gebruikers nie op dieselfde wyse en met dieselfde doel van die biblioteek gebruik maak nie, is dit egter baie moeilik om die voor- en nadele van hierdie aspek van die koste van sentralisasie en desentralisasie teen mekaar op te weeg.

Wanneer 'n biblioteek dan gedwing word om tot voordeel van sy gebrui=

6) MILLER, op. cit., p. 76.

kers te desentraliseer, moet dit op so 'n wyse geskied dat die koste van duplisering en administrasie nie onnodig hoog word nie. Dit is reeds aangetoon dat die koste van klein afsonderlike takbiblioteke te hoog is vir die werklike voordeel wat daaruit geput word. In paragraaf 2.3.3 is daarop gewys dat die stigting van 'n afsonderlike voorgraadse biblio= teek vir Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke nie die koste sal loon nie omdat hulle nog te klein is, en daar 'n groot mate van duplisering van materiaal aan verbonde sal wees. Die afsonderlike voorgraadse biblioteek kan dus slegs in die werklike groot universiteitsbiblioteek, waarvan die boekevoorraad naastenby in die omgewing van 'n miljoen bande begin kom, ekonomies aangewend word.

Die kleiner universiteitsbiblioteek wat egter sy optimumgrootte teen ongeveer 500 000 bande begin bereik en verplig is om te desentraliseer moet ter wille van kostebesparing voorkeur gee aan 'n stelsel wat so min duplisering van materiaal en dienste as moontlik inhou. 'n Verde= ling van die biblioteek in twee dele, een vir die algemene werke en die humaniora en die ander vir die natuurwetenskappe, lyk na 'n aanloklike oplossing omdat albei groot genoeg sal wees om die lewering van alle dienste te regverdig en albei 'n duidelik afgebakende terrein van die wetenskap het om te bedien. Dit is egter te betwyfel of so 'n verdeling die aandrang van die wetenskaplikes om hulle eie gedesentraliseerde departementele biblioteke sal bevredig, sodat die gevaar bestaan dat die natuurwetenskaplike biblioteek spoedig self sal moet desentraliseer. 'n Groot nadeel van so 'n verdeling is die verwydering wat dit tussen die natuurwetenskaplikes en die geestes- en sosiale wetenskaplikes mee= bring, waardeur interdissiplinêre wetenskapsbeoefening aan die univer= siteit benadeel word. Organisatories sal dit beteken dat alle administra= tiewe en tegniese funksies van die biblioteek verdubbel moet word, wat

baie ekstra koste sal meebring.

Wanneer daar begin word met desentralisasie moet daar dus eerder ge= dink word aan 'n stelsel waarvolgens alle administratiewe en tegniese funksies gesentraliseer is en die boekevoorraad algaande so verdeel en beskikbaar gestel word dat elke gebruiker die persoonlike diens kry wat hy verlang, sonder dat die eenheid van die biblioteek daarmee in die slag bly. Die indeling van die versameling volgens breë studieterreine en die aanbieding van die materiaal in afsonderlike leeskamers vir die verskil= lende studieterreine lyk dus na 'n ideale beginpunt in die proses van desentralisasie. Aan die begin hoef daar nog nie gedink te word aan af= sonderlike uitleenstelsels vir die afdelings wat op hierdie wyse in die sentrale biblioteek gehuisves word nie, en hulle kan deur een katalogus en een algemene naslaanafdeling in dieselfde gebou bedien word. Die voordeel van so 'n indeling is egter dat die vaknaslaanwerke oor groepe verwante vakgebiede in een intieme leeskamer bymekaargetrek word met die betrokke werke in die uitleenversameling op oop rakke vlak daarnaas.

Die volgende stap sou wees om spesiale naslaanbibliotekarisse vir die verskillende afdelings aan te stel, met die nodige onderlegdheid ten op= sigte van die betrokke vakagtergrond. Uit die onderwerpsafdelings kan mettertyd, indien nodig, afdelingsbiblioteke groei, wat, indien geogra= fiese faktore dit noodsaaklik maak, buite die sentrale gebou gehuisves word. Namate die afsonderlike afdelings hulle eie katalogi en personeel benodig, sal daar ekstra koste wees, en dit kan aanvaar word dat enkele basiese naslaanwerke in die verskillende afdelings geduplikeer sal moet word. Die koste aan duplisering sal egter veel minder wees as vir af= sonderlike takbiblioteke vir enkele vakke.

Uit voorgaande blyk voldoende dat desentralisasie duurder sal wees as sentralisasie, maar namate daar gedesentraliseer word, moet probeer word om dit op so 'n wyse te doen dat koste bespaar word deur die sa=metrekking van verskillende vakgebiede en waar moontlik, die sentra=lisasie van tegniese dienste soos aanskaffing en katalogisering.

#### *4.2.2 Administratiewe doeltreffendheid*

Wanneer alle boeke van die biblioteek in een sentrale gebou gehuisves is en alle biblioteekpersoneellede daar saamgetrek is, is die biblioteek 'n veel makliker eenheid om te beheer as wanneer daar 'n aantal tak=biblioteke oor die kampus versprei is. Hierdie feit skep die gevaar dat die bibliotekaris volgehoue sentralisasie ter wille van sy eie gerief op die gebruiker kan afdwing. Dit is egter waar dat die gebruiker ook voor=deel trek uit die administratiewe doeltreffendheid van 'n gesentraliseer=de biblioteek, omdat die biblioteekpersoneel daardeur in staat is om beter diens te kan lewer.

'n Voordeel van 'n sentrale biblioteek is dat die hele boekevoorraad vir die biblioteekpersoneel maklik toeganklik is en diens daardeur verge=maklik en bespoedig word tot gerief en bevrediging van die gebruiker. Alle biblioteekwerk kan deur opgeleide personeel beheer word en gestan=daardiseer word, sodat eenvormigheid gehandhaaf kan word. In 'n gede=sentraliseerde stelsel gebeur dit soms dat biblioteekroetines, soos by=voorbeeld die uitleenprosedure, in die verskillende takbiblioteke van mekaar afwyk en gebruikers verwar. Die oorplasing van boeke tussen die sentrale biblioteek en takbiblioteke hou nie alleen bykomende werk in nie, maar is dikwels vir die gebruiker ongerieflik vanweë die tyd

wat daarmee verlore gaan.

Afgesien van die koste van die duplisering van gedeeltes van die sentra=le biblioteekkatalogus vir takbiblioteke, bring dit baie ekstra werk en administratiewe probleme mee. Die gedurige uitruiling van katalogus=kaarte tussen die sentrale biblioteek en takbiblioteke kan aanleiding gee tot foute en onttrekkings uit die katalogus en aanvullings op bestaan=de kaarte gaan voortdurend met briefwisseling tussen die sentrale kata=logusdepartement en die takbiblioteke gepaard. Omdat elke takbiblioteek gewoonlik slegs 'n katalogus van sy eie boeke het, moet gebruikers ge=reeld na die sentrale katalogus verwys word om inligting in verband met werke wat nie in die takbiblioteek se versameling is nie.

Wanneer die sentrale biblioteek egter te groot word, is hy nie alleen vir die biblioteekpersoneel vanweë die omvang van die versameling en die ruimte wat dit in beslag neem, onhanteerbaar nie, maar is dit ook vir die gebruikers moeilik om hulle weg daarin te vind. Dit was een van die aanleidende oorsake tot die stigting van afsonderlike voorgraadse biblioteke in sommige groot Amerikaanse universiteite, maar dit word ook as argument vir die stigting van klein informele takbiblioteke gebruik in gevalle waar universiteitsbiblioteke veel kleiner is. Die gebruikers voel dat hulle beter diens van 'n takbibliotekaris kan kry wat sy versa=meling ken en doeltreffend kan beheer, as wat die geval in die groter onpersoonlike sentrale biblioteek is.

Die indeling van die versameling in breë studieterreine kan egter ook 'n oplossing bied omdat die versameling in hanteerbare eenhede opgedeel word met afdelingsbibliotekarisse wat elkeen sy eie afdeling doeltref=fend kan administreer. Deur die sametrekking van vakgebiede word

nadele van algehele desentralisasie soos die gebrek aan eenvormigheid van biblioteekroetines en verskille in die toepassing van die algemene biblioteekbeleid, tot 'n groot mate uitgeskakel. Onderlinge skakeling kan makliker tussen drie of vier afdelingsbiblioteke bewerkstellig word as tussen 'n groot aantal takbiblioteke. Daar sal 'n stadium in die ont= wikkeling van die afdelingsbiblioteke kom dat almal nie meer in die sentrale biblioteekgebou gehuisves kan word nie en sommige vanweë geografiese redes byvoorbeeld naby die betrokke studiedepartemente geplaas moet word.

Dit is egter 'n logiese ontwikkeling en deur die toepassing van die stel= sel word die nadele van desentralisasie tot die minimum beperk. Dit sal ook afhang van watter mate van onafhanklikheid elke afdelingsbiblioteek geniet en of funksies soos aanskaffing en katalogisering gesentraliseer sal bly. Die instandhouding van die katalogi in 'n paar afdelingsbiblio= teke sal in elk geval minder administratiewe probleme oplewer as in die geval van 'n groot aantal takbiblioteke.

By die toepassing van welke vorm van desentralisasie ook al, is dit ab= soluut noodsaaklik dat die eenheid van bestuur vanuit die sentrale biblio= teek bewaar word. Daardeur kan sorg gedra word dat die biblioteekdiens op beplande wyse ontwikkel en die boekevoorraad gebalanseerd uitgebou word. Die administratiewe organisasie van die gedesentraliseerde stel= sel behoort soepel te wees, sodat dit kan aanpas by veranderde omstan= dighede en nuwe eise wat aan die biblioteek gestel word. Dit is een van die groot voordele van afdelings vir breë studieterreine wat kan uitgroei van leeskamers vir groepe onderwerpe in die sentrale gebou tot volle= dige afdelingsbiblioteke elders op die kampus. Indien die universiteit in so 'n mate groei dat 'n afsonderlike voorgraadse biblioteek noodsaak=

lik word, kan hierdie afdelingsbiblioteke hulle ten volle toespits op ge= spesialiseerde diens aan gevorderde gebruikers.

### *4.2.3 Die uitbouing van die boekevoorraad*

Die bestaan van afsonderlike takbiblioteke bevorder dikwels die prak= tyk dat die biblioteek sy verantwoordelikheid ten opsigte van die keuring van nuwe boeke ten volle aan die dosente oorlaat. Die prosedure in ver= band met die keuring van boeke en die verdeling van die boeketoelaag verskil van universiteit tot universiteit. By sommige universiteite word 'n gesamentlike boeketoelaag waaruit alle departemente na behoefte met goedkeuring van die universiteitsbibliotekaris kan bestel, daargestel, terwyl andere weer die boeketoelaag onder die verskillende departemen= te verdeel en aan elkeen 'n vasgestelde bedrag toeken. Kombinasies van die twee stelsels kom ook voor waar 'n deel van die jaarlikse toelaag byvoorbeeld tussen departemente verdeel word en die res vir algemene en spesiale aankope aangewend word. In sekere gevalle, soos byvoor= beeld by die Universiteit van Kaapstad, word 'n gedeelte van die boe= ketoelaag aan die verskillende fakulteite, wat dit weer elkeen onder sy departemente verdeel, toegeken.

Die ideale toestand is dat die universiteitsbibliotekaris die finale seg= genskap moet hê oor wat aangekoop moet word en wat nie, al word enige metode gevolg om die boeketoelaag te verdeel. Dit beteken egter nie dat dosente geen aandeel aan die boekkeuringsproses hoef te hê nie. Hulle aanbeveling van titels wat aangeskaf moet word is trouens on= misbaar, want as vakdeskundiges het hulle eersterangse kennis van die literatuur van hulle vakgebied en hulle is presies op hoogte van watter

materiaal vir studie, onderrig en navorsing benodig word.

Daar kan egter nie aan dosente die gesag gegee word om te besluit wat aangekoop moet word nie, want hulle het nie die finale verantwoorde= likheid oor die gehalte van die hele versameling nie. Om hierdie rede sê Danton dat, „The whole responsibility for selection and collection building, and the entire book budget, including book money for branch, departmental, divisional, institute, and seminar libraries, should reside, legally and actually, with the university library."[7] Dit is trouens 'n beginsel van bestuur dat verantwoordelikheid altyd gepaard gaan met gesag, en die gesag ten opsigte van die besteding van die be= groting behoort dus in die biblioteek gesentraliseer te wees.

Indien elke dosent toegelaat sou word om onbeheersd boeke vir sy de= partement se takbiblioteek aan te koop, bestaan die gevaar dat die be= skikbare geld gou uitbestee sal wees en die versameling ongebelanseerd sal groei as gevolg van persoonlike voorkeure en belangstelling. Die bibliotekaris het, daarteenoor, 'n oorsig oor die hele versameling en dra al die verskillende departemente se belange op die hart. Naas sy gespesialiseerde kennis van die hulpmiddels by boekkeuring het hy ook ondervinding van die gebruik wat daar van die versameling gemaak word en kom hy op hoogte van leemtes wat daar in die versameling bestaan.

7) DANTON, op. cit., p. 134.

## 4.3 DIE VOOR- EN NADELE VAN SENTRALISASIE EN DESENTRALISASIE VIR DIE GEBRUIKER VAN DIE BIBLIOTEEK

### 4.3.1 Toeganklikheid

Die sterk gevoel by baie biblioteekgebruikers ten gunste van die desen= tralisasie van die universiteitsbiblioteek kan tot 'n baie groot mate toe= geskryf word aan hulle behoefte om direkte, gerieflike toegang te hê tot die bronne wat hulle vir hulle akademiese werk benodig. Toegank= likheid van die biblioteekversameling is dus vanuit gebruikersoogpunt 'n baie belangrike faktor en die feit dat daar aangedring word op de= sentralisasie met die oog op groter toeganklikheid toon dat die situasie in die sentrale biblioteek vir baie gebruikers nie bevredigend is nie. In watter mate dit egter aan gegronde redes, in plaas van persoonlike ge= maksug, toegeskryf kan word, is nie altyd bepaalbaar nie.

'n Belangrike voordeel van 'n gedesentraliseerde stelsel is dat die bi= blioteekmateriaal op dié plekke geplaas word waar dit die maklikste gebruik kan word, dit wil sê, naby die lokale waar onderrig gegee word en navorsing gedoen word. Branscomb sê in hierdie verband: „Efficiency has no meaning except with reference to the accomplish- ment of some particular end. In the case of the library this is the furthering of the teaching and research work of the several departments. No amount of professional skill or special library services can be as effective toward this end as the books themselves within arm's reach on the shelves."[8] Hy wys verder daarop dat dit nie meer alleen vir

8) BRANSCOMB, op. cit., p. 134.

die gebruiker nodig is om spesiaal na die sentrale biblioteek te gaan nie, maar dat hy al die materiaal wat normaalweg oral in die verskillende afdelings van die sentrale biblioteek versprei sou gewees het, soos boe= ke, tydskrifte, pamflette, ens., gerieflik in die takbiblioteek byderhand het.

Hoewel die takbiblioteek beslis vir die gebruikers wat direkte belang by die betrokke materiaal het meer toeganklik is as die sentrale biblioteek, is dit aan die ander kant vir gebruikers vanuit ander departemente, moeiliker om te gebruik. Miller wys dan ook daarop dat sentralisasie voorkom dat departemente 'n monopolie oor hulle takbiblioteke verkry en dat die sentrale biblioteek vir alle gebruikers ewe toeganklik bly.[9] Dit geld veral die algemene naslaanversameling en algemene tydskrifte wat op 'n sentrale plek en onder onpartydige beheer altyd vir alle ge= bruikers beskikbaar is. Miller maak gevolglik 'n onderskeid tussen algemene toeganklikheid en onmiddellike toeganklikheid en sê dat „general accessibility in a central library means a sacrifice of immediate accessibility for many departments."[10]

Plaaslike omstandighede, en veral geograficse faktore, bepaal in 'n groot mate hoe toeganklik die sentrale biblioteek vir die verskillende departemente is. Die afstand van elke departement van die biblioteek af, die mate waarin die gebou reeds vol is en die gebruikersdrukte sal in 'n groot mate die toeganklikheid beïnvloed. Verder moet ook in ag geneem

9) MILLER, op. cit., p. 75.

10) M'LLER, op. cit., p. 75.

word of die biblioteekbehoeftes van 'n departement beperk is tot die literatuur oor een duidelike omlynde onderwerp en of daar ook dikwels van die groter versameling in die sentrale biblioteek gebruik gemaak moet word, en of ander gebruikers ook dikwels verplig sal wees om die materiaal in 'n bepaalde takbiblioteek te gebruik. Absolute toegank= likheid tot die benodigde materiaal sou dus alleen 'n onbetwisbare voor= deel van enige takbiblioteek wees indien 'n mens van die veronderstelling kon uitgaan dat die gebruikers slegs oor een onderwerp werk en dat geen ander gebruikers materiaal daaroor sou benodig nie.

Omdat daar egter 'n onderlinge verband tussen verskillende studie- en navorsingsdepartemente bestaan, is dit raadsaam om liewer vir groepe vakke te desentraliseer in plaas van vir elke departement afsonderlik. Baie van die probleme ten opsigte van die toeganklikheid van die versa= meling in die sentrale biblioteek kan reeds vir die gebruikers bevredi= gend opgelos word deur die indeling volgens breë studieterreine. Wan= neer geografiese omstandighede dit vereis kan gedesentraliseer word in die vorm van afdelingsbiblioteke naby die betrokke studiedepartemente. Soos reeds aangedui behoort hierdie reëling die druk ten gunste van af= sonderlike takbiblioteke tot 'n groot mate te verlig en bied dit 'n oplos= sing vir baie van die administratiewe probleme verbonde aan takbiblio= teke. Vir die natuurwetenskappe sal die voorsiening van daaglikse ge= bruiksmateriaal in die vorm van klein laboratoriumversamelings bydra tot die sukses van die stelsel.

### *4.3.2 Toereikendheid*

'n Sentrale biblioteek is beter in staat om met die beskikbare geld 'n

toereikende versameling studie- en navorsingsmateriaal op te bou as 'n gedesentraliseerde biblioteek wat 'n groot deel van sy boeketoelaag aan duplisering moet bestee. Hierdie aspek van sentralisasie en desentra= lisasie hang baie nou saam met die finansiële voor- en nadele daarvan soos in paragraaf 4.2.1 bespreek. Dit is vir die kleiner, groeiende universiteitsbiblioteek 'n belangrike saak, want om in die biblioteek= behoeftes van sy gebruikers te voorsien, moet hy probeer om so vinnig moontlik soveel titels as moontlik aan te koop om die omvang van sy versameling te verbreed en die kwaliteit daarvan te verhoog. Deur die uitskakeling van die bykomende administratiewe koste wat desentralisa= sie meebring, kan daar in die sentrale biblioteek, meer geld beskikbaar kom vir die uitbouing van die boekevoorraad. Hierdie saak raak die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke met hulle agterstand in boekevoor= raad ten nouste, en die biblioteekowerhede is in 'n groot mate geregver= dig om van hulle gebruikers te vra om voorlopig die persoonlike gerief van desentralisasie waar nodig op te offer ter wille van die uitbouing van die boekevoorraad. Oor die algemeen behoort gebruikers daarmee saam te stem dat dit verkiesliker is om 'n groter verteenwoordigende versameling op die kampus beskikbaar te hê, as om veel minder titels gerieflik byderhand in takbiblioteke te hê.

In die takbiblioteek is die gebruiker beperk tot die beskikbare materiaal oor die eng omlynde vakterrein en die takbiblioteek kan nie aanvullende materiaal oor verwante vakterreine voorsien wanneer hy dit benodig nie, tensy daar 'n groot mate van duplisering is. In die sentrale biblioteek kan die studie van 'n bepaalde onderwerp egter ondersteun word deur materiaal op verwante vakterreine. Ongelukkig word die beperkte boekevoorraad van die takbiblioteek dikwels gebruik asof dit die enigste

materiaal is wat die biblioteek oor die onderwerp besit, veral omdat ge= bruikers nie so ver kom om vrylik ook van ander versamelings gebruik te maak nie. Die takbiblioteek word algaande deur die gebruikers daar= van beskou as hulle eie biblioteek en hulle vind dit moeilik om buite die grense daarvan aan die moontlike bestaan van aanvullende biblioteek= materiaal te dink. (Die kenmerkende skugterheid waarmee enige biblio= teekgebruiker enige biblioteek wat vir hom vreemd is, benader, is moontlik ook 'n rede waarom gebruikers nie maklik van ander bibliote= ke op die kampus gebruik maak nie.) Omdat hulle die takbiblioteek nie slegs as 'n onderwerpsafdeling van die universiteitsbiblioteek sien nie, maar as die biblioteek wat hulle ten volle moet bedien, verwag hulle dat dit so volledig moontlik uitgebou moet word. Die gevolg is dat hulle nooit in aanraking kom met die algemene naslaanwerke en die breë ver= sameling van die universiteitsbiblioteek nie en hulle kennis van die literatuur beperk bly tot die beperkte versameling van die takbiblioteek.

Die voorstanders van desentralisasie glo egter dat die meer intensiewe gebruik van die takbiblioteek se versameling deur vakdeskundiges by hulle 'n gevoel van trots en belangstelling in die versameling bevorder en dat hulle samewerking in die uitbouing daarvan verkry word. Daar= enteen bestaan daar egter geen rede waarom hulle nie dieselfde belang= stelling in die gedeelte van die sentrale biblioteek waarby hulle belang het, kan hê nie, want hulle is immers die mense wat die publikasies moet gebruik en daarvan afhanklik is. Deur onderlinge oorlegpleging kan die biblioteekpersoneel hulle belangstelling in die sentrale versa= meling bevorder en kan 'n toereikende boekevoorraad tot hulle beskik= king gestel word. Om voorsiening te maak vir die tye wanneer vakdes= kundiges se belangstelling verflou of na 'n ander terrein verskuif, is

dit noodsaaklik dat die uitbouing van spesiale versamelings ook die ver=
antwoordelikheid van die universiteitsbibliotekaris bly.

Wanneer die versameling volgens breë studieterreine ingedeel word, kan die persoonlike belangstelling van vakdeskundiges daarin behou word, met dié voordeel dat dit 'n gesamentlike poging van die persone wat by verwante vakgroepe betrokke is, word, en dus 'n samehorig=
heidsgevoel ten opsigte van die biblioteek kweek, wat vir dié inrigting 'n groot morele steun kan wees. In die afdelingsbiblioteek is die lite=
ratuur oor verwante vakgroepe op so 'n wyse saamgetrek dat elke ge=
bruiker voorsien is van 'n toereikende versameling basiese en onder=
steunende materiaal.

### *4.3.3 Gebruik van die materiaal*

In watter mate sentralisasie of desentralisasie biblioteekgebruik gaan vergemaklik en bevorder, hang grootliks van plaaslike omstandighede af en sal in hooftrekke ooreenstem met die voor- en nadele ten opsigte van die toeganklikheid van die versameling.

Soos hierbo gestel, is die groot voordeel wat sentralisasie vir die gebruiker inhou, dat hy dié werke van sy vak en ook dié van aanver=
wante vakke, wat hy mag benodig, gerieflik in die sentrale biblioteek bymekaar het. Verder is al die fasiliteite wat die gebruik daarvan kan vergemaklik, soos 'n doeltreffende uitleenstelsel (waar hy onmiddellik kan uitvind waar die boeke is wat nie op die rakke te vinde is nie), 'n volledige katalogus, opgeleide personeel, die interbiblioteeklenings=
diens en fotokopieërapparate, gerieflik byderhand. Dit skakel vir hom

die moeite verbonde aan besoeke aan verskillende takbiblioteke om materiaal oor 'n onderwerp te versamel, uit.

Biblioteekgebruik word nie alleen deur die beskikbaarheid van 'n goed toegeruste en gebalanseerde boekeversameling bevorder nie, maar word ook deur die lewering van biblioteekdiens van hoë gehalte gerug= steun. Branscomb beweer hieroor dat „centralization makes it possible to provide to all library users a type of library service which cannot usually be repeated in a number of locations."[11] Die belangrike argu= ment wat in hierdie verband egter ten gunste van desentralisasie gebruik word, is dat die bibliotekaris van die takbiblioteek juis in staat is om 'n diens van 'n meer persoonlike aard te lewer omdat hy deur voortduren= de kontak met die gebruikers en die literatuur oor die betrokke vakgebied, ingelig is omtrent die behoeftes van die gebruikers en die materiaal wat beskikbaar is. Hierdie argument word egter verswak omdat daar in die praktyk nie altyd deskundiges beskikbaar is om die takbiblioteke te be= man nie, en omdat takbibliotekarisse se tyd in 'n groot mate deur klerklike en roetinewerk in beslag geneem word.

Miller wys tereg daarop dat daar oor hierdie argumente nie uitsluitsel gegee kan word alvorens daar vergelykende opnames van biblioteekge= bruik gedoen word nie. Dit sou egter geen nut hê om die biblioteekge= bruik by twee verskillende universiteite te vergelyk en die bevindings as norm te neem nie, omdat daar soveel ander faktore is wat die ge= bruik by verskillende universiteite mag beïnvloed.

11) BRANSCOMB, op. cit., p. 133.

Waar sentralisasie egter blykbaar ten opsigte van biblioteekgebruik die universiteitsgemeenskap in sy geheel bevoordeel en desentralisasie ge= mik is op die behoeftes van die individu, lyk dit asof die indeling van die versameling volgens breë studieterreine ook hier die gulde midde= weg vir baie universiteitsbiblioteke kan wees. Daardeur kan daar om= gesien word na die individuele behoeftes van biblioteekgebruikers in die afgebakende versamelings van verwante groepe studieterreine, terwyl die diens ook gerugsteun word deur die volledige fasiliteite wat die sentrale biblioteek kan bied.

## *4.4 GEVOLGTREKKING*

In hoofstuk 1 is na die opvoedkundige funksie van die universiteitsbiblio= teek en sy besondere taak om diens en inligting aan nagraadse studente en navorsers te verskaf verwys. Omdat die biblioteek in diens van die universiteit as opvoedkundige en navorsingsinrigting staan, is hy ver= plig om deur middel van sy organisasie te sorg dat hy ten volle deur al sy gebruikers benut kan word. Die gehalte van sy dienslewering mag nooit deur praktiese administratiewe maatreëls ter wille van die gerief van die bibliotekaris oorskadu word nie, maar derglike reëlings behoort alleen getref te word om die diens ter ondersteuning van onderrig en navorsing te verbeter.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat daar baie voor- en nadele aan beide sentralisasie en desentralisasie verbonde is. Geen groeiende biblioteek kan hom egter in sy organisasiestruktuur streng tot een van die twee vorms van organisasie bepaal met algehele uitsluiting van die ander nie. Dit sou 'n statiese toestand in die hand werk, waardeur die

biblioteek dit al moeiliker sal vind om al sy gebruikers te bereik en hulle na behore te bedien.

In hoofstuk 2 is aangetoon dat die verskillende vorms van desentralisa= sie spoedig chaos in die biblioteekdiens veroorsaak, indien al die afde= lings van die biblioteek nie ten minste onder sentrale beheer staan en daar administratiewe sentralisasie is nie. 'n Vereiste vir enige gedesen= traliseerde biblioteeksisteem is dat dit 'n administratiewe eenheid moet vorm, waardeur 'n eenvormige biblioteekbeleid en koördinasie van dien= ste verkry word. 'n Stelsel van afsonderlike selfstandige biblioteekeen= hede aan 'n universiteit, soos die stelsel van die onafhanklike Duitse instituutsbiblioteke, moet dus veroordeel word omdat hulle die biblio= teekdiens versnipper en deur verdeeldheid verswak.

Dit is in paragraaf 3.1 aangetoon dat enige universiteitsbiblioteek 'n optimumgrootte bereik, waarna hy vanweë die onhanteerbare omvang van sy boekevoorraad nie meer in staat is om doeltreffende diens te lewer nie en verplig word om te desentraliseer. Die wyse waarop de= sentralisasie moet geskied, word deur verskillende faktore beïnvloed, soos in hoofstuk 3 aangetoon is. Die noodsaaklikheid van langtermyn= beplanning en die deeglike oorweging van die faktore wat plaaslik 'n rol speel, kan in hierdie verband nie oorbeklemtoon word nie.

Wanneer daar, ter wille van die lewering van 'n doeltreffende ekono= miese biblioteekdiens gedesentraliseer moet word, mag dit nie onder die druk van tydelike omstandighede of persoonlike voorkeure geskied nie. Enige vorm van desentralisasie moet in volle verantwoordelikheid teenoor die belange van die universiteit in sy geheel ingevoer word en moet die biblioteekbehoeftes van elke gebruiker in ag neem.

Met inagname van die onhanteerbaarheid van te 'n groot sentrale biblio= teek en die nadele verbonde aan afsonderlike takbiblioteke vir enkele onderwerpe (kyk paragraaf 2.3.2.2), lyk dit dus of afdelingsbiblioteke vir verwante vakgroepe 'n oplossing bied as oorgangsmaatreël in die ontwikkeling tot 'n gedesentraliseerde universiteitsbiblioteek. In para= graaf 2.3.4.4 is daarop gewys hoedat hierdie vorm van gesentraliseer= de desentralisasie tot 'n groot mate die voordele van beide sentralisa= sie en desentralisasie kombineer tot algemene tevredenheid van biblio= tekaris en biblioteekgebruiker.

# 5 Bibliografie

ANDREWS, J.S. Learned libraries in West Germany. Journal of librarianship 1 : 20 - 40, 1969.

BAKER, G.H. Relation of seminar and departmental libraries to the general university library. Library journal 23 : 103 - 106, 1898.

BAKKEN, H.S. Relations between central library and institutional libraries of Bergen University. Libri 18 : 125 - 130, 1968.

BISHOP, W.W. The problem of the departmental system in university libraries. Library journal 26 : 14 - 18, 1901.

BLANCHARD, J.R. Departmental libraries in divisional plan univer= sity libraries. College and research libraries 14 : 243 - 248, 1953.

BRADEN, Irene A. The undergraduate library. Chicago, American Library Association, 1970.

BRANSCOMB, H. Teaching with books. Shoe string press, 1964.

BREITENBACH, E. Letter from Germany. College and research libraries 15 : 412 - 416, 1954.

BROCK, C. Reference service in the divisional plan library: Some tentative questions. College and research libraries 22 : 449 - 456, 1961.

BRUNO, J.M. Decentralization in academic libraries. Library trends 19 : 311 - 317, 1971.

CENTRALIZATION and decentralization in academic libraries: A symposium. College and research libraries 22 : 327 - 340, 1961.

CHAPMAN, J.D. The role of the divisional librarian. College and research libraries 15 : 148 - 154, 1954.

CIOLLI, A. Subject division organization in a liberal arts college library: a commentary. College and research libraries 22 : 282 - 284, 1961.

DANTON, J.P. Book selection and collections: A comparison of German and American university libraries. New York, Columbia university press, 1963.

DE VLEESCHAUWER, H.J. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die Weste. Kaapstad, Academica, 1967.

DIX, W.S. Undergraduate libraries. College and research libraries 14 : 271 - 272, 1953.

DIX, W.S. Undergraduates do not necessarily require a special facility. College and research libraries 17 : 148 - 150, 1956.

FITZGERALD, G. Divisional reading room. Wilson library bulletin 39 : 565 - 566, 1965.

FUCHS, H. Kurzgefasste Verwaltungslehre für Institutsbibliotheken. Wiesbaden, Harrassowitz, 1957.

GARRISON, F.H. The medical library in relation to the university library. (In Essays offered to Herbert Putnam, edited by W.W. Bishop and A. Keogh. New Haven, Yale university press, 1929.)

GEREVINI, S. The organization and problems of university libraries in Italy. Library trends 12 : 550 - 557, 1964.

GÖBER, W. Das Bibliothekswesen einer Universität als Einheit. (In Bibliothek, Bibliothekar, Bibliothekswissenschaft: Festschrift Joris Vorstius. Leipzig, Harrassowitz, 1954. pp. 154 - 171)

GORCHELS, C.C. Making subject specialists available for service. College and research libraries 16 : 347 - 349, 1955.

GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Report of the Committee on libraries. Londen, H.M.S.O., 1967. (Parry-verslag)

HANDBUCH der Bibliothekswissenschaft, 2e uitg. Wiesbaden, Harrassowitz, 1955 - 1961. Bd. 2, pp. 594 - 597.

HANSON, J.C.M. Central versus departmental libraries. Library quarterly 13 : 132 - 135, 1943.

HARO. R.P. Research unit libraries as special libraries on the campus. Special libraries 59 : 634 - 637, 1968.

HARTMANN, K.J. Das Problem der Institutsbibliotheken. Zentralblatt für Bibliothekswesen 56 : 17 - 37, 1939.

HAUSDORFER, W. Professional school and department libraries. New York, Special libraries association, 1939.

HENKLE, H.H. Principles and practice of administrative organization in the university library. College and research libraries 4 : 277 - 284, 1943.

HERON, D.W. Centrifugence of university libraries. College and research libraries 23 : 223 - 226, 1962.

IMMELMAN, R.F.M. The relationship of branch libraries to the administrative headquarters in a university library. Suid-Afrikaanse biblioteke 35 : 11 - 15, 1967.

INSTITUTSBIBLIOTHEK und Hochshulbibliothek; Denkschrift der Deutschen Forschungsgemeinschaft. Bad Godesberg, 1955.

KESSEN, A. De verhouding van de centrale of universiteitsbibliotheek tot de instituutsbibliotheken. Bibliotheekleven 35 : 325 - 327, 1950.

KILPELA. R. The administrative structure of the university library. College and research libraries 29 : 511 - 516, 1968.

KREISSMAN, B. Browsing room - divisional style. College and research libraries 17 : 228 - 230, 1956.

KRICKER, G. Die Zusammenarbeit der Universitäts- und Institutsbibliotheken. Zentralblatt für Bibliothekswesen 54 : 448 - 470, 1937.

KUHN, W.B. Undergraduate libraries in a university. Library trends 18 : 188 - 209, 1969.

LEGG, Jean. The death of the departmental library. Library resources and technical services 9 : 351 - 355, 1965.

LESSING, C.J.H. Die finansiering van die Suid-Afrikaanse Universiteits=biblioteek. M.A. (Bibl.)- verhandeling. Potchefstroom, 1970.

LEUPP, H.L. The library, the heart of the university. Library journal 49 : 619 - 622, 1924.

LIAT, K.S. Koördinatie tussen universiteitsbibliotheek en instituutsbibliotheken. Bibliotheekleven 41 : 177 - 192, 1956.

LITCHFIELD, D.H. Departmental and divisional libraries. College and research libraries 2 : 237 - 240, 1941.

LOGSDON, R.L. The librarian and the scholar: Eternal enemies. Library journal 95 : 2872, 1970.

LUNDY, F.A. Library service to undergraduate college students; the divisional plan library. College and research libraries 17 : 143 - 148, 1956.

McANALLY, A.M. Co-ordinating the departmental library system. Library quarterly 21 : 113 - 119, 1951.

McANALLY, A.M. Departments in university libraries. Library trends 7 : 448 - 464, 1959.

McANALLY, A.M. Library service to undergraduates: A symposium - Introductory remarks. College and research libraries 14 : 266, 1953.

McANALLY, A.M. Organization of college and university libraries. Library trends 1 : 28 - 36, 1952.

MACKENNA, R.O. Recent developments in university librarianship in Great Britain. Library trends 12 : 606 - 623, 1964.

McNEAL, A.L. Divisional organisation in the university library, University of Tennessee Library Lecture 12. (In The library in the university; The University of Tennessee Library Lectures 1949 - 1966. Hamden, Conn., Shoe string press, 1967. pp. 209 - 220)

MATTISON, L. Classroom, laboratory, library. Library journal 86 : 4128 - 4130, 1961.

MILLER, R.A. Centralization versus decentralization. American Library Association bulletin 33 : 75 - 79, 134 - 135, 1939.

MOSS, M.W. Library service for undergraduates. (In Saunders, W.L. The provision and use of library and documentation services. Oxford, Pergamon, 1966. pp.85 - 113)

MULLER, R.H. Master planning for university libraries. Library trends 18 : 138 - 149, 1969.

MULLER, R.H. The undergraduate library trend at large universities. (In Advances in librarianship. New York, Academic press, 1970. vol. 1, pp. 113 - 132)

NICHOLSON, N.N. Centralization of science libraries at Johns Hopkins university. (In Rutgers University. Graduate School of Library Service. Studies in library administrative problems. New Brunswick, N.J., Rutgers university press, 1960. pp. 133 - 156)

OTRUBA, L. Hochschulreform und Bibliotheken. Biblos 18 : 10 - 21, 1969.

PERRY, J.W. Centralisation versus decentralisation in a university library. (In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Jaarlikse kon= ferensie 1966. Afdeling vir Universiteits- en Spesiale Biblioteke. Referate. Potchefstroom, S.A.B.V., 1966. pp. 50 - 76)

POINDRON, P. French university libraries. Library trends 12 : 528 - 538, 1964.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O. Opname van aka= demiese aangeleenthede 1965 - 1966: Die universiteitsbiblioteek. Potchefstroom, Ferdinand Postma-Biblioteek, 1968.

PRICE, M.O. The place of the law school library in library adminis= tration. (In Reynolds, M.M. red. Reader in the academic library. Washington, NCR Microcard editions, 1970. pp. 183 - 189)

RANDALL, W.M. <u>en</u> GOODRICH, F.L.D. Principles of college library administration, 2nd ed. Chicago, A.L.A., 1941.

REINCKE, G. Gutachten über die Lage der Institutsbibliotheken und ihr Verhältnis zu den Universitäts- und Hochshulbibliotheken. Bad Godesberg, Deutschen Forschungsgemeinschaft, 1953.

RENFRO, Kathryn R. Cataloging in the divisional library. <u>College and research libraries</u> 15 : 154 - 157, 1954.

RUTGERS UNIVERSITY, New Brunswick, N.J. Graduate School of Library Service. Studies in library administrative problems. New Brunswick, N.J., Graduate School of Library Service, 1960.

SHANK, R. Library service to research laboratories of a large university. <u>American documentation</u> 10 : 221 - 223, 1959.

SHORES, L. The undergraduate and his library, University of Tennessee Library Lecture 11. (<u>In</u> The library in the university; The Univer= sity of Tennessee Library Lectures 1949 - 1966. Hamden, Conn., Shoe string press, 1967. pp. 107 - 207)

STOLTZENBURG, J. Die Universitätsbibliothek in den Hochschulen der Bundesrepublik Deutschland. Entwichlungen und Tendenzen. <u>Libri</u> 20 : 243 - 262, 1970.

STOLTZENBURG, J. Zentralisierung und Dezentralizierung im Entwurf und Gegenentwurf für ein Bibliothekssystem der Univer= sität Bielefeld. <u>Verband der Bibliotheken des Landes Nordrhein - Westfalen Mitteilungsblatt</u> 18 : 93 - 111, 1968.

SUBBARAO, M.S. Departmental and divisional libraries versus centralized libraries - a survey of the literature. Thesis, Univer= sity of Wisconsin, 1965.

THOMPSON, L. The historical background of departmental and collegiate libraries. <u>Library quarterly</u> 12 : 49 - 74, 1942.

TVETERAS, H.L. Co-ordination of library services at a university. (<u>In</u> Nederlandse Vereniging van Bibliothecarissen. 33ste bibliotheek= congres tevens viering vijftigjarig jubileum van de N.V.B. Kurhaus-Scheveningen, 28 en 29 mei 1962. pp. 44 - 52)

TVETERAS, H.L. Scandinavian university and college libraries. Library trends 12 : 480 - 490, 1964.

TVETERAS, H.L. University library and the institute libraries: a system of co-operation. Libri 9 : 1 - 8, 1959.

VENN, M.C. Departmental libraries. Libraries 34 : 193 - 196, 1929.

VON BUSSE, G. West Germany library developments since 1945. Washington, Library of Congress, 1962.

WADDINGTON, C.C. Location of a library's science collection. College and research libraries 26 : 395 - 398, 1965.

WAGMAN, F.H. Library service to undergraduate college students; case for the separate undergraduate library. College and research libraries 17 : 150 - 155, 1956.

WALSH, R.R. Branch library planning in universities. Library trends 18 : 210 - 222, 1969.

WEHMER, C. The organization and origins of German university libraries. Library trends 12 : 491 - 512, 1964.

WILDES, K.L. What the college or institution expects of its depart= mental libraries. Special libraries 27 : 53 - 55, 1936.

WILSON, L.R. en TAUBER, M.F. The university library, 2nd ed. New York, Columbia, 1956.

WORKS, G.A. College and university library problems. Chicago, A.L.A., 1927.